

**AKTIEWE MUSIEKBELUISTERING  
AS VERRYKING EN VERNUWING  
VAN DIE EREDIENS**

deur

**CORNELIS THEODORUS KLEYNHANS**

**Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad**

**MA (Teologie)**

in die

**Fakulteit Teologie**

**Departement Praktiese Teologie**

aan die

**Universiteit van Pretoria**

**Studieleier: Prof H.J.C. Pieterse  
Mede studieleier: Prof C.J.A. Vos**

**Pretoria**

**Oktober 2004**

**OPDRAG**

Hierdie navorsing word met baie liefde opgedra aan

almal wat my altyd ondersteun  
en op wie ek kan reken,  
wat sonder voorbehoud  
ook vir my in die hart dra.

Hulle is in besonder

**my Ouers**  
Hennie en Bokkie  
**my Vrou**  
Cicilia  
**en my Kinders**  
Suzanne, Karli en Elaine

## **VOORWOORD EN DANKBETUIGING**

Dit bly my by hoe ek reeds as kind met verwondering geluister het na die orrelspel voor en na die diens en tydens die opneem van die offergawe. Die kunstige spel het altyd een of ander gevoelstemming gehad. Dikwels ‘n stemming tot rustigheid en aanbidding. So ook die kinder en volwasse koor wat gereeld tydens die erediens opgetree het. Musiek en sang wat mooi en met tye selfs aangrypend was. Ek was beïndruk en het dit waardeer. Dit sal my altyd bybly as mooi herinneringe. Terloops – ek geniet dit vandag nog steeds.

En tog is dit huis nie waaroor hierdie navorsing gaan nie. Aktiewe musiekbeluistering tydens die erediens sal sekerlik altyd die element van waardering insluit. Maar waardering is nie die eerste doel nie. **Musiekbeluistering** is die doel. **Om te verstaan, te begryp, en deur die boodskap wat die musiek dra verander, vernuwe en verryk te word. Dit is die strewe van aktiewe musiekbeluistering. Daarop word hierdie navorsing gerig. Dit is die fokus.**

My dank aan Dr. Ferdi Claasen en my medestudente vir insigte verwerf tydens gesprekke oor die navorsingsontwerp en aan my studieleiers Proff. Hennie Pieterse en Cas Vos vir hulle aandeel aan die goeie afloop van die navorsing.

Met dank aan Cicilia wat my gehelp het met die taalversorging en wat altyd ondersteunend is wat my werk en studies betref.

**Aan God my dank !**

Pretoria  
Oktober 2004

## **OPSOMMING**

### **AKTIEWE MUSIEKBELUISTERING AS VERRYKINGS- EN VERNUWINGSELEMENT VAN DIE EREDIENS**

Die motivering van hierdie navorsing word gevind in die vermoede dat musiek as luisteraktiwiteit in baie eredienste aangebied word sonder dat die gemeente optimaal aan die voordeel hiervan blootgestel word.

Die **probleemstelling** kan so verwoord word:

**Wat is die voorwaarde(s) en wyse waarop aktiewe musiekbeluistering deel kan wees van die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en sal dit bydrae tot die vernuwing en verryking van die erediens ?**

Verskeie probleme is geïdentifiseer, in vraagvorm geformuleer en tydens ‘n **letterkundige ondersoek** bestudeer. Die volgende aspekte is nagevors, waarna gevolgtrekkings gemaak kon word vir die praktiese implementering van aktiewe musiekbeluistering tydens die erediens:

- **Die doel en funksie van musiekbeluistering tydens die erediens.**
- **‘n Interpretasie van die Liturgiese- en Musiekgeskiedkundige oorsig i.v.m. die funksie en betekenis van musiek en sang tydens die erediens.**
- **Kriteria vir aktiewe musiekbeluistering tydens die erediens.**
- **Musiekbeluistering as die vernuwing en verryking van die erediens van die Ned.Geref.Kerk.,**
- **‘n Metodologie vir musiekbeluistering tydens die erediens.**
- **Die predikant se verantwoordelikheid vir die beplanning en aanbieding van musiekbeluistering.**
- **Luistergidse en Luistervraelyste as hulpmiddels vir musiekbeluistering.**
- **Hulpbronne wat predikante kan ontgin vir die beplanning en aanbieding van musiekbeluistering tydens die erediens.**

Die **resultate** van die ondersoek vind neerslag in die volgende **aanbevelings**:

- Tydens die opleiding van predikante moet hul eie vermoë om aktief na musiek te luister ontwikkel word en dit moet ‘n lewenslange selfopgelegde taak word om ‘n beter verstaan te kweek van die aanwending van musiek binne die erediens.

- Predikante se opleiding binne die Liturgiek behoort die beplanning en aanbieding van aktiewe musiekbeluistering tydens die erediens in te sluit.
- Teologiese studente se musikale vermoë moet gevorm word deur meer aan sang en die speel van musiekinstrumente blootgestel te word.
- Liturge en Kerkmusici kan ‘n bydrae lewer tot die beskikbaarstelling van vooraf uitgewerkte beluisteringsmateriaal, gidse, en hulpmiddels met die fokus op musiekbeluistering in gemeentes.

## **ABSTRACT**

### **ACTIVE MUSIC AUSCHULTATION ENRICHING AND RENEWING THE WORSHIP CEREMONY**

The motivation for this research is found in the presumption that music as an auschultation activity is used in many congregations but without the optimal benefit that could be arrived with proper implementation.

The **Proposition** to the problem can be worded as follow:

**What is the criteria and manner for active music auschultation, to be part of the worship ceremony of the Dutch Reformed Church and will it contribute to the enrichment and renewal of the service.**

Various problems were identified, formulated in question form and studied by doing a LiLiterary research. The following aspects were researched, whereafter conclusions could be made for the practical implementation of active music auschultation during the service:

- **The aim and function of music auschultation during the service.**
- **An interpretation of the Liturgical and Music-historical synopses regarding the function and meaning of music and song during the service.**
- **Criteria for active music auschultation during the service.**
- **Music auschultation as enrichment and renewal of the service of the Dutch Reformed Church.**
- **A methodology for music auschultation during the service.**
- **The responsibility of the minister in planning and presenting music auschultation during the service.**
- **Listening guides and - questionnaires as aids for music auschultation.**
- **Resources for the minister in the planning and presentation of music auschultation during the worship ceremony.**

The **results** of the investigation is precipitated in the following **recommendations**:

- Ministers should undergo training in music auschultation during their academic forming. Thereafter it should be a lifelong, self-imposed task to cultivate and understand the application of music auschultation during the service.

- The training of ministers must include the planning and presentation of active music auschultation during the service.
- The musical ability of ministers should expand to singing and playing of musical instruments.
- Theologians and Church musici can together contribute to music material, guides and aids for musical auschultation.

## INHOUDSOPGawe

Voorwoord	ii
Opsomming	iii
Abstract	v

### HOOFSTUK 1: NAVORSINGSONTWERP

1.1. Inleiding	1
1.2. Probleemstelling	3
1.3. Doelstelling	6
1.4. Navorsingsmetodologie	9
1.5. Afbakening van die navorsingsterrein	10
1.6. Begripsverklaring	11
1.6.1. <i>Liturgiek en Liturgie</i>	
1.6.2. <i>Himnologie</i>	
1.6.3. <i>Kerkmusiek</i>	
1.6.4. <i>Vernuwing en verryking van die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk</i>	
1.6.5. <i>Aktiewe musiekbeluistering</i>	
1.7. Opsomming	20

### AFDELING A

#### MUSIEKBELUISTERING TYDENS DIE EREDIENS – TEORETIES BESINNING

### HOOFSTUK 2: DIE DOEL, FUNKSIE EN BELEWING VAN MUSIEKBELUISTERING TYDENS DIE EREDIENS

2.1. Inleiding	22
2.2. Die doel van musiekbeluistering – aktiewe beluistering en waardering	23
2.3. Die funksie van musiekbeluistering – ondersteun die verkondiging van die	

<b>Woord</b>	27
<b>2.4. Die belewing van musiekbeluistering – reaksies van luisteraars</b>	30
<b>2.5. Samevatting</b>	35

**HOOFSTUK 3: HISTORIESE OORSIG M.B.T. DIE ROL VAN  
MUSIEK EN SANG TYDENS DIE EREDIENS**

<b>3.1. Inleiding</b>	36
<b>3.2. ‘n Gereformeerde Liturgies-geskiedkundige oorsig met die fokus op Kerkmusiek</b>	38
<b>3.3. Implikasies vir musiekbeluistering</b>	49
<b>3.4. ‘n Gereformeerde Musiek-geskiedkundige oorsig met die fokus op Kerkmusiek</b>	52
<b>3.5. Implikasies vir musiekbeluistering</b>	59
<b>3.6. Samevatting</b>	60

**HOOFSTUK 4: KRITERIA VIR MUSIEKBELUISTERING  
TYDENS DIE EREDIENS**

<b>4.1. Inleiding</b>	61
<b>4.2. Beluistering as gepaste handeling tydens die erediens en die keuse van musiekmateriaal</b>	63
<b>4.3. Samevatting</b>	68

**HOOFSTUK 5: MUSIEKBELUISTERING AS DIE VERNUWING EN  
VERRYKING VAN DIE EREDIENS VAN DIE  
NEDERDUITSE GEREFORMEerde KERK**

<b>5.1. Inleiding</b>	69
<b>5.2. Die bestaande Liturgie as basis en vertrekpunt</b>	71
<b>5.3. Musiekbeluistering en die integrering met die bestaande Liturgie</b>	74
<b>5.4. Samevatting</b>	82

**AFDELING B**

**MUSIEKBELUISTERING TYDENS DIE EREDIENS –  
PRAKTIESE TOEPASSING**

**HOOFSTUK 6: ‘n METODOLOGIE VIR MUSIEKBELUISTERING**

<b>6.1. Inleiding</b>	85
<b>6.2. Die geïntegreerde ontledingsmetode</b>	86
<b>6.3. Meesterplan vir die ontleding van ‘n komposisie</b>	90
<b>6.4. Samevatting</b>	92

**HOOFSTUK 7: MUSIEKBELUISTERING: BEPLANNING EN AANBIEDING**

<b>7.1. Inleiding</b>	93
<b>7.2. Die belang van deeglike beplanning</b>	94
<b>7.3. Aanbieding van musiekbeluistering tydens die erediens</b>	99
<b>7.4. Samevatting</b>	101

**HOOFSTUK 8: HULPMIDDELS VIR MUSIEKBELUISTERING:  
LUISTERGIDSE EN -VRAELYSTE**

<b>8.1. Inleiding</b>	102
<b>8.2. Luistergidse</b>	103
<i>8.2.1. Definisie</i>	
<i>8.2.2. Doel van Luistergidse</i>	
<i>8.2.3. Vereistes vir die saamstel van Luistergidse</i>	
<i>8.2.4. Voordele in die gebruik van Luistergidse</i>	
<i>8.2.5. Praktiese toepassing van Luistergidse</i>	
<i>8.2.6. Voorbeeld van ‘n Luistergids</i>	
<b>8.3. Luistervraelyste</b>	108
<i>8.3.1. Definisie</i>	
<i>8.3.2. Doel van Luistervraelyste</i>	

<i>8.3.3. Vereistes vir die saamstel van Luistervraelyste</i>	
<i>8.3.4. Voordele in die gebruik van Luistervraelyste</i>	
<i>8.3.5. Praktiese toepassing van Luistervraelyste</i>	
<i>8.3.6. Voorbeeld van ‘n Luistervraelys</i>	
<b>8.4. Samevatting</b>	111

**HOOFSTUK 9: HULPBRONNE VIR DIE BEPLANNING EN AANBIEDING**  
**VAN MUSIEKBELUISTERING TYDENS DIE EREDIENS**

<b>9.1. Inleiding</b>	112
<b>9.2. Hulpbronne vir die beplanning en aanbieding van musiekbeluistering tydens die erediens</b>	112
<b>9.2.1. Musiekbiblioteke</b>	
<b>9.2.2. Webwerwe</b>	
<b>9.2.3 Kundige persone</b>	
<b>9.3. Samevatting</b>	118

**HOOFSTUK 10: MUSIEKBELUISTERING: RESULTATE EN**  
**AANBEVELINGS**

<b>10.1. Inleiding</b>	119
<b>10.2. Resultate</b>	120
<b>10.3. Aanbevelings</b>	122
<b>10.4. Samevatting</b>	123

<b>BIBLIOGRAFIE</b>	124
---------------------	-----

<b>DISKOGRAFIE</b>	128
--------------------	-----

<b>AANHANGSEL 1 Voorbeeld van ‘n Luistergids</b>	129
--	-----

<b>AANHANGSEL 2 Voorbeeld van ‘n Luistervraelys</b>	130
---	-----

*“...great music is born of great effort by great and dedicated minds and by greatly devoted listeners.”*

(Schuman in Copland 1988:xvi)

## **HOOFSTUK 1: NAVORSINGSONTWERP**

### **1.1. Inleiding**

Anton Vernooij (2002:96) haal verskeie navorsers aan wat beweer dat die musikale aspek van die erediens veel meer omvattend is as wat algemeen vermoed word.

“Het muzikale aspect van ons liturgisch handelen blijft in deze visie niet beperkt tot dat wat cantorij, de organist, de zingende voorganger en gemeente te berde brengen, maar bestaat veeleer uit alles wat opklinkt uit Schriflezing, verkondiging, gebeden, kortom uit alle vormen van geluid tijdens de bijeenkomst der gemeente.”

Binne hierdie perspektief van die verbreding van die musicaliteit van die erediens, wil hierdie navorsing egter die soeklig plaas op die waarde van musiekbeluistering.

Musiek is ‘n **kunsvorm** wat op ouditiewe wyse met klank en stiltes die werklikheid herskep, interpreer en verklank. Binne Kerkmusiek word die Skrifboodskap musikaal herskep, geïnterpreer en met woord en melodie verklank Die gereedskap

wat die komponis vir hierdie doeleindes gebruik, hoor ons in die komposisie.

Vernooij (101) sê:

“De elementen waaruit een muziekstuk bestaat zijn melodie, ritme, samenklank, dynamiek en tempo.”

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se erediens was nog altyd in meerdere of mindere mate **musikaal ingeklee**: die Kerklied wat gedra word deur die klanke van die musiekbegeleiding soos in die Psalms, Gesange en ander Liedere gehoor word. Hierdie musiek het dikwels ‘n lang tradisie en die **Bybel** het ‘n fundamentele rol in die ontstaan daarvan gespeel. Die Woord van God was en is vir baie komponiste, musikante en sangers die voedingsbron van hulle kunswerk. So vorm die Skrif die basis vir hulle musikale uitdrukking wat vergestalt word in die komposisies.

**Woord geïnspireerde** musikale kunswerke lei die luisteraar na die Bronteks (die Woord), omdat die Bronteks die oorsprong van die kunswerk is. Daarom vind ons Kerkmusiek wat spreek van geloofsegtheid, geloofssoberheid en geloofsgehalte. Kunswerke wat uiters geskik is om tydens die erediens vir musiekbeluistering te gebruik.

Wanneer hierdie geloofsmusiek as musiekbeluistering deel van die liturgie word, sal dit nooit **die Teks wees of die Teks vervang nie**. Die Reformatoriese geloofsreël word gehandhaaf : “**Sola Scriptura**”. Nee, tydens musiekbeluistering wil die musiek alleen maar dien. Dit wil alleen ondersteunende draer van die Evangelie boodskap wees. Die musiek wil slegs maar ‘n verwysende funksie vervul. Heenwysend na God. Na Sy liefde en reddende genade sodat die tweede Reformatoriese geloofsreël “**Sola Gratia**” (slegs genade) ‘n werklikheid word vir die soekende mens. Die musiek wil die dialogiese ontmoeting tussen God en mens tydens die erediens lewendig hou. Die doel is bepaal: Die Woord spreek ook met die hulp van die musikale klankmedium om die mens tot geloof te lei. Sodoende word die laaste pilaar van die Reformasie gehandhaaf nl: “**Sola Fidei**” – deur geloof alleen gered.

Met die **moderne tegnologie** is die wêreld se beste musiekopnames beskikbaar vir gebruik in die erediens. ‘n Wye musiek repertorium is beskikbaar en bekostigbaar en word uitgevoer deur die beste musikante en sangers ter wêreld. Die suiwerste klank

kan verkry word deur gevorderde tegnologiese klankapparaat en die helderste stemme besing die lof van God soos Hom toekom in die hoogste hemele. Komponiste se geloofskunswerke word met desibel krag voortgedra totdat die harte van die mens daarvoor vermurwe en die enigste en hoogste en mees verhewe doel daarmee bereik word nl. **Soli Deo Gloria !**

Tot die EER VAN GOD ALLEEN !

Terselfertyd is daar in elke gemeente ‘n bekwame, goed opgeleide en toegeruste **orrelis(te)**. Hierdie persoon is kundig wat Kerkmusiek betref. Hy/Sy ken die wye repertorium Kerkmusiek wat beskikbaar. Dit sluit die Kerk se musiek en lied in, asook ander komposisies wat aan die Teologies opgeleide predikant onbekend is. Hierdie kundigheid kan met groot vrug benut word in die beplanning en aanbieding van musiekbeluistering. Boonop kan die orrelis ‘n groot bydra lewer tot die uitvoering van musiek tydens ‘n beluisteringsgeleenheid.

Gemeentes word verder geseen met **musikante en sangers** wat nie noodwendig altyd toonkunstenaars is nie, maar wat deur hulle spel en sang die erediens kan verryk tydens musiekbeluistering.

Laaste maar nie die minste nie, het elke gemeente een of meer predikante wat Teologies en Liturgies onderlê is en wat met entoesiasme die beplanning kan doen en leiding kan neem tydens musiekbeluistering.

## **1.2. Probleemstelling**

Die probleemstelling onderliggend aan hierdie navorsing word as volg geformuleer:

**Wat is die voorwaarde(s) en wyse waarop aktiewe musiekbeluistering deel kan wees van die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en sal dit bydrae tot die vernuwing en verryking van die erediens ?**

Die **vermoede** bestaan dat predikante al meer van musiekopnames gebruik maak tydens die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Hierdie opnames word

voorgespeel as “luister”-aktiwiteit, waarskynlik met verskillende doeleindes in gedagte:

- om die erediens te verryk
- die boodskap te versterk en te onderstreep
- stemming te skep
- die erediens te verlewendig
- om “modern” te wees
- om leemtes weg te steek
- as ‘n kruk vir die boodskap ens.

Luister word hier met aanhalingstekens geskryf omdat die huidige praktyk waarskynlik eerder ‘n “hoor” komponent as aktiewe musiekbeluistering tot gevolg het. Hierdie navorsing ondersteun **beluistering** en wil die weg baan na beter musiekbeluisterings-praktyke tydens die erediens. Maar daar is remmende faktore opgemerk.

Die **eerste** remmende faktor met die huidige praktyk van “musiekbeluistering” is dat die Erediensboek van die Ned.Geref.Kerk nie binne die Liturgiese orde rekening hou met die moontlikheid van aktiewe musiekbeluistering nie. Predikante tree dus kreatief-skeppend “buite die orde” op, omdat hulle intuïtief weet dat die krag van musiek ingespan behoort te word. Omdat die gebruik reeds deel van soveel eredienste is, het besinning daaroor dringend noodsaaklik geword.

**Tweedens** word hierdie aktiwiteit dikwels nie musikaal beplan nie omdat predikante nie altyd oor die nodige musiekkennis of opleiding in die implementering van aktiewe musiekbeluistering beskik nie.

Voortvloeiend daaruit ontstaan die volgende **probleme**:

- Musiekopnames wat vir luisteraktiwiteite benut word, is dikwels beperk tot die **persoonlike smaak** van die predikant. Die gemeente word nie blootgestel aan ‘n gebalanseerde groter repertorium nie.

- Verder mag die predikant dalk slegs toegang hê tot **beperkte opnames** wat in sy persoonlike besit is en wat binne sy **kennisveld of verwysingsraamwerk** is. So ‘n verskraalde keuse lei tot ‘n verskraalde belewing tydens die erediens.
- **Populêre, nie-kerklike musiek** word voorgespeel
- Dit ontbreek die predikant dikwels aan voldoende **kennis** oor bv. die verskillende musiekstyle en genres waaruit geselekteer kan word; die agtergrond en bedoeling van sekere komposisies ens. wat die luisteraktiwiteit benadeel.
- Predikante ken nie die orrelis(te) in die aanwending van musiekbeluistering nie. Musikante en sangers binne die gemeente word dikwels oor die hoof gesien wanneer musiekbeluistering aangebied word. So verbeur hulle die kennis, ervaring en geseënde bediening van kundige mense.
- Die **passiwiteit** van die gemeente word deur die voorspel van musiek i.p.v. dat die beluistering aktiewe deelname tot gevolg het. Die gemeente is slegs toehoorders en nie deelnemers nie.
- Sommige predikante mag onseker voel oor die **geskiktheid** van musiekbeluistering tydens die erediens of is nie bewus van die gebruik nie.
- Musiekopnames word voorgespeel sonder deeglike **beplanning**.
- Omdat die predikant nie vertroud is met die **aanbieding** van musiek as aktiewe luisteraktiwiteit nie, word die opname dikwels gespeel sonder behoorlike leiding aan die luisteraars. Omdat die doel van die aktiwiteit nie volledig aangedui word nie, weet die gemeentelid nie regtig waarvoor om te luister nie. Die wanopvatting mag bestaan dat die voorspel van musiekopnames slegs bedoel is om passief aangehoor te word en dat die hoorder dit sal “waardeer” en daardeur ‘n geestelike ervaring sal beleef of

verryk sal word deur die aanhoor daarvan. In feite word lidmate hierdeur eintlik ontneem van waardevolle geestelike seëninge.

- Die gebruik van musiekopnames vind dikwels plaas sonder behoorlike **integrasie** met die elemente van die erediens.
- Predikante is dikwels nie bewus van die **metodes** wat gebruik kan word om aktiewe musiekbeluistering te bevorder nie. Hulpmiddels soos Luistergidse en Luistervraelyste is onbekend en oor die samestelling en aanbieding daarvan is hulle onkundig en onervare.
- Dit is ook moontlik dat predikante nie weet **waar** om inligting te soek vir die beplanning en aanbieding van beluistering nie.
- Die **diverse samestelling** van ‘n gemeente bemoeilik die aanbieding van musiekbeluistering. Daar is groot verskille in ouderdom, musiekgeletterdheid en musieksmaak. Lidmate verskil ook grootliks in hulle vermoë om aktief te kan luister aangesien dit reeds vasgestel is dat skole nie eens slaag in die opvoedingstaak tot musiekbeluistering nie. (Terblanche, 1988:1)

Dit is dus duidelik dat die huidige tref-en-trap werkswyse nie reg laat geskied aan die krag van musiek in die erediens nie en dat die predikant nie soveel baat om dit in die Liturgie in te sluit as wat die oogmerk daarvoor is nie. Daarom word die doel verydel.

Die remmende faktore en talryke probleme met die huidige praktyk van “musiekbeluistering” tydens die erediens bring ons nader aan die doelstelling van dié studie.

### **1.3.Doelstelling**

Die doelstelling van hierdie navorsing is:

- **Om die voorwaarde(s) te identifiseer en te omskryf waarbinne aktiewe**

**musiekbeluistering deel kan wees van die Ned.Geref.Kerk se erediens  
(Afdeling A: Hoofstuk 2-5).**

- **Te bepaal of musiekbeluistering as vernuwings- en verrykingselement gereken kan word ? (Hoofstuk 5)**
- **Die wyse waarop aktiewe musiekbeluistering beplan en aangebied kan word tydens die erediens te ondersoek en te beskryf (Afdeling B:  
Hoofstuk 6-9)**

Die geïdentifiseerde probleme en doelstelling kan deur die volgende vrae beter omskryf word:

**Vraag 1.**

**Wat is die doel en funksie van musiekbeluistering tydens die erediens ?**

In **Hoofstuk 2** word

- die doel en funksie van musiekbeluistering tydens die erediens bespreek. Die klem val op die betekenis van die begrip ‘aktiewe beluistering’. Daarna word musiekwaardering as die rugkant van aktiewe beluistering ook toegelig.
- Musiek se kommunikatiewe funksie in diens van die Evangelie kom onder die vergrootglas. Musiek is saam met die gesproke woord, visuele tekens, liturgiese handelinge en rituele ‘n gelykwaardige venoot tydens die erediens. Musiek interpreteer en verkondig die Woord.
- Die reaksie van mense verskil wanneer hulle na musiek luister en die implikasies daarvan vir die erediens en musiekbeluistering word laastens bespreek.

**Hoofstuk 3** bied ‘n historiese oorsig m.b.t. die rol van musiek en sang tydens die erediens.

- Eerstens deur ‘n Gereformeerde Liturgiese oorsig en
- Tweedens deur ‘n Gereformeerde Musiekgeskiedkundige beskouing.

### **Vraag 2**

**Watter kriteria kan vir musiekbeluistering tydens die erediens gestel word?**

In **Hoofstuk 4** word musiekbeluistering as

- gepaste handeling vir en tydens die erediens bespreek en
- die keuse van musiekmateriaal word ondersoek.

### **Vraag 3**

**Hoe kan musiekbeluistering met die huidige Liturgiese orde en -elemente geïntegreer word ?**

In **Hoofstuk 5** word die

- bestaande Liturgie van die Ned.Geref.Kerk as vertrekpunt gebruik om
- musiekbeluistering daarvan te integreer en sodende ‘n bydrae te lewer tot erediensvernuwing en -verryking.

### **Vraag 4**

**Hoe lyk die beplanning vir en aanbieding van aktiewe musiekbeluistering tydens die erediens ?**

Die predikant het ‘n groot verantwoordelikheid om deeglik te beplan vir beluistering.

**Hoofstuk 6** poog om

- ‘n metodologie daar te stel vir die suksesvolle beplanning en aanbieding van musiekbeluistering tydens die erediens en

- bied ‘n meesterplan vir die ontleding van musiek vir die doeleindes van musiekbeluistering.

In **Hoofstuk 7** word

- al die vereistes vir deeglike beplanning omskryf
- klanktoerusting en ander hulpmiddels bespreek en
- die aanbieding van musiekbeluistering tydens die erediens te beskryf.

### **Vraag 5**

**Watter hulpmiddels is daar vir musiekbeluistering ?**

Die gebruik van

- Luistergidse en
- Luistervraelyste word in **Hoofstuk 8** bespreek. ‘n Voorbeeld van elk word gegee.
- Verder word daar in **Hoofstuk 9** hulpbronne aangedui waar predikante informasie, musiekopnames en hulpmiddels kan vind vir die bepalning en aanbieding van musiekbeluistering tydens die erediens.

**Hoofstuk 10** sluit die navorsing af met ‘n

- samevatting van die belangrikste bevindinge en
- gee die aanbevelings en verdere navorsingsonderwerpe soos tydens die studie gevind.

### **1.4. Navorsingsmetodologie**

Die navorsing is ‘n uitgebreide **literatuurstudie** van geselekteerde relevante literatuur met insluiting van die volgende metodes:

a. Die **historiese metode**:

Inligting is gebruik uit bestaande bronne wat reeds deur empiriese ondersoeke gestaaf is. Daar is swaar geleun op die Musiekopvoedkundige bronne vir die navorsing. Musiekopvoedkundiges het reeds die aktiewe beluistering van musiek deeglik ondersoek en verskeie teoretiese modelle is al deeglik nagevors en in die praktyk getoets. Hierdie navorsing maak met vrug daarvan gebruik.

b. Die **vergelykende metode**:

‘n Vergelyking tussen die sienings van verskillende outeurs word gemaak. Verskillende musiekbeluisteringsmetodes is vergelyk en ‘n werkbare metode vir die gebruik tydens die erediens is saamgestel.

c. Die **beskrywende metode**:

Nuwe inligting is beskryf en gevolgtrekkings is gemaak vir die toepassing van musiekbeluistering tydens die erediens van die Ned.Geref.Kerk.

### **1.5. Afbakening van die navorsingsterrein**

Die navorsing is gemoeid met **die voorwaarde(s) en wyse waarop aktiewe musiekbeluistering deel kan wees van die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die bydrae daarvan tot die vernuwing en verryking van die erediens.**

Die begripsverklaring (1.6) sal hierdie terrein sekuur afbaken. Die teikengroep wat belang het by die navorsing is theologiese studente en predikante van die Ned.Geref.Kerk, asook belangstellende lidmate. Binne die Praktiese teologie sal die Liturgiek en Himnologie hierby baat vind.

## **1.6. Begripsverklaring**

### **1.6.1. Liturgiek en Liturgie**

‘n Omvattende definisie van **liturgiek** en **liturgie** word by Barnard (1981:52-53) gevind.

- **Liturgiek**

“Liturgiek is die wetenskap van die liturgie. Dit is die leer van die erediens in sy volledigheid, wat op wetenskaplike wyse sistematies die wese, inhoud en inrigting van die volledige erediens van die Christelike gemeente, en alles wat daarvan saamhang, bestudeer uit die Skrif, uit die bronne van die geskiedenis en soos dit in die konkrete lewe vandag plaasvind en moet plaasvind. Die bestudering geskied op teoretiese, empiriese en kritiese wyse volgens die beste wetenskaplike metodes.”

- **Liturgie**

“Die liturgie omvat al die woorde en handelinge van die volle erediens, met insluiting van die preek (nie die inhoud van die prediking nie) en die nagmaal; sowel as ander handelinge soos die doop, die openbare belydenis van geloof, die bevestiging van ampsdraers; ook van ander dienste soos gebedsdienste, Bybelstudie deur die gemeente, huweliks- en begrafnisdienste; dan ook die fundering en vormgewing van die erediens, die gebede, liturgiese formuliere, die kerklied, die geskiedenis van die erediens; die verskillende elemente van die erediens afsonderlik en in samehang; die kerklike jaar, die kerkgebou, die kerklike kleed; die hele dinamiek van die erediens en soos dit in lewende wisselwerking staan tot die daagliks godsdienst en daagliks lewe.”

Hierdie navorsing is volgens die aangehaalde definisies volledig tuis binne die Liturgiek en fokus op die musikale aspek van die erediens, met besondere klem op aktiewe musiekbeluistering binne die liturgie.

Van Wyk (1980:1) verwys na die gespreksmatige karakter van die Gereformeerde erediens en sê:

“Hierdie gesprek, hierdie Woord en antwoord, met ander woorde die dialoog tussen God en Sy gemeente, word liturgie genoem.”

Dit sal later in die studie blyk dat musiekbeluistering ten nouste aansluit by hierdie dialogiese karakter van die liturgie.

### **1.6.2. Himnologie**

W.M.L. Strydom gee in Praktiese Teologie in Suid-Afrika 3 (1987:55) ‘n omskrywing van Himnologie:

“die himnologie is die wetenskap wat hom liturgies-teologies interesseer en besig hou met die kerklied, - sang en –musiek vanuit ‘n prinsipiële historiese en praktiese hoek, ten einde die diakonia van die gemeente van Christus, soos dit gestalte vind in die erediens, tot diens te wees.”

Musiekbeluistering is direk gemoeid met die Kerklied, -sang en –musiek van die liturgie. Daarom kan die navorsing ook beskryf word as ‘n studie binne die Himnologie wat ensiklopedies binne die Praktiese Teologie tuishoort.

Vernooij (2002:112) stel dit onomwonde dat die liturgie en musiek ‘n vervlegte eenheid is :

“Een ding is zeker: musiek en liturgie zijn geen koppel dat elkaar duldt en/of verdraagt, ze zijn als bij een Siamese tweeling met een levensdraad met elkaar verbonden. Liturgie is primair een muzisch gebeuren.”

### **1.6.3. Kerkmusiek**

Musiekbeluistering tydens die erediens sal altyd Kerkmusiek impliseer. Volgens Wolmarans (1981:4) assosieer die gewone mens Kerkmusiek met

“‘n bepaalde woordinhoud, ‘n bepaalde instrument en ‘n bepaalde manier van speel.”

Kerkmusiek sal met diè definisie vir die doel van hierdie studie omskryf word as al die musiek wat die Woord as vertrekpunt neem en wat die belydenis van die Kerk verwoord. Die musiek kan instrumentaal, a capella of begeleid wees en moet die Kerk se unieke aard en karakter ondersteun.

#### **1.6.4. Vernuwing en verryking van die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk**

M.J. du P Beukes vra in Praktiese Teologie in Suid-Afrika 3 (1987:28) dié vraag:

“Is vernuwing van die erediens noodsaaklik ?”

In antwoord hierop redeneer hy dat ons eerder die begrip hervorming sal verkie.

“As kerk van die hervorming is hervorming feitlik deel van ons wese. Hervorming na die eis van die Woord is ‘n noodsaaklikheid. In elke tyd sal die kerk opnuut moet gaan kyk na die prinsipiële en die historiese gegewens van die erediens en dit so gaan verwerk dat dit ‘n sinvolle erediens is vir die mens van hier en nou, ‘n erediens waarby elke lid ten volle betrokke is.”

Met dit ingedagte, word die begrip vernuwing gebruik, met die betekenis dat dit die

- herdink van ou gewoontes en gebruikte van die erediens insluit
- met die doel om dit vir die huidige erediensganger sinvol en geestelik verrykend te maak. Verryking impliseer dat daar **toegevoegde waarde** tot die huidige erediens beplan word.

Musiekbeluistering soos in hierdie navorsing beskryf, poog om albei hierdie doelwitte te haal. Die hoogste doel bly altyd die aanbidding en verheerliking van God self .

Musiekbeluistering as vernuwinspoging van die erediens word in die studie versigtig benader. Dit is

- **nie** die doel om grootskaalse **verandering** aan te beveel nie en ook
- **nie** die toevoeging van ‘n **nuwe element** tot die huidige erediens nie.

Die vernuwing kom na vore in die aanwending van musiekbeluistering **tydens enige van die bestaande elemente** van die huidige liturgiese orde. Sodoende word die bestaande elemente en orde vernuwe en verryk. Dit moet reeds hier beklemtoon word

dat musiekbeluistering nie noodwendig tydens elke erediens aangewend moet word nie. Wanneer dit wel gebruik word om die boodskap te dien, moet dit steeds ‘n nuwe en vars manier wees. Die gemeente moet nie so daarmee “gekonfronteer” word, dat dit later eerder ‘n afbrekende as positief verrykende ervaring is nie.

Die erediens waarna verwys word, is spesifiek die van die **Nederduitse Gereformeerde Kerk** soos dit Sondagoggende gehou word. Barnard (1981:3) verwys daarna dat Christenwees byna sinoniem is met die bywoning van eredienste en sonder dat daar ‘n wet bestaan wat gelowiges dwing om Sondae kerk toe te gaan, is dit gewoonte praktyk om die dienste op ‘n Sondag by te woon.

Die beskrywing van die erediens van Prof.dr.J.I.deWet soos in Van wyk (1980:1) aangehaal is:

“Dit is ‘n geloofstigende en Godverheerlikende openbare ontmoeting tussen God en sy gemeente.”

Hierby wil ek voeg: Dit is dié besondere geleentheid om met musiekbeluistering die ontmoeting tussen God en mens te dien.

#### **1.6.5. Aktiewe Musiekbeluistering**

#### **Musiek**

“What is music ? The very existence of music is wonderful, I might even say miraculous. Its domain is between thought and phenomena. Like a twilight mediator, it hovers between spirit and matter, related to both, yet different from each. It is spirit, but it is spirit subject to the measurement of time. It is matter but it is matter that can dispense with space.” Heinrich Heine (1797 – 1856) aangehaal deur Potgieter (1993: 19)

Ratner (1977:2) se meer wetenskaplike definisie lui:

“*Music is made up of sound moving in time to points of arrival.*”

Volgens hierdie definisie is die kriteria vir musiek dus **drieledig**.

- Eerstens bestaan dit uit **klank**. Maar klank opsigself is nog nie musiek nie.
- Tweedens moet daar ook voorwaartse beweging wees van die klank. Van oomblik tot oomblik moet die luisteraar bewus wees dat die klank (bv. tromslae of die tone van ‘n melodielyn) aksie suggereer en **progressie** bevat.
- Derdens is daar ‘n rigting en doel waarna die klanke beweeg nl. ‘**n arriveringspunt**.

Hierdie verskillende eienskappe van musiek nl. klank, beweging en arrivering word kortlik toegelig.

**Musikale klanke** het die volgende kenmerke: **Toonhoogte, Toonkleur en Dinamiek**.

- **Toonhoogte** – klanke kan ‘n hoë, middel of lae toon hê. Die komponis kies die tonale register op grond van die effek wat die toon moet produseer. Hoë tone kan vrees, angs, ‘n ligte gevoel, blydskap ens. verklank. Terwyl lae tone ‘n platvorm kan skep vir die gevoel van neerslagtigheid, teneergedruktheid, dood ens.
- **Toonkleur** – Die tipe klanke wat die komponis kan gebruik is onbeperk. Nuwe elektroniese klanke word daagliks geskep. Verskillende klanke kan in kombinasie saamgevoeg word om ‘n spesiale effek te bereik. Dit mag helder klinkend wees, of donker, dalk ryk en vol of dun.
- **Dinamiek** – Klanksterkte het onmiddellike ekspressiewe kwaliteite. Harde musiek is sterk, direk, bevelend terwyl sage musiek subtel oorredend en gerusstellend is.

**Musikale beweging** bevat **Tempo, Reëlmaat, Artikulasie, Intensiteit en Kontoer**.

- **Tempo** – Die tempo kan stadig of vinnig wees. Tempo weerspieël die gevoelsbelewing. ‘n Vinnige tempo kan verbind word aan kragtige fisiese aktiwiteit, opgewondenheid, geïriteerdheid en uitgelatenheid. ‘n Stadige

tempo sal weer eerder konsentrasie, refleksie, diep geroerde gevoelens, ontspanning en kalmte suggereer.

- **Reëlmaat** – Musikale klank beweeg gewoonlik reëlmataig na die punt van arrivering. Dit kan egter ook onreëlmataig gebruik word. Beide reëlmaat en onreëlmataigheid skep gemoedstemming.
- **Artikulasie** – Artikulasie verwys na die verbinding tussen die verskillende tone soos dit teen ‘n bepaalde tempo na ‘n arriveringspunt beweeg. Die tone kan aaneenvloeiend wees of gebroke.
- **Intensiteit** – Hiermee word die energievlek van die musiek beskryf. ‘n Lae energievlek kan ‘n onspanne stemming bewerk terwyl hoë energievlekke ‘n sterk emosionele impak sal hê.
- **Kontoer** – Klanke verkry vorm deurdat daar ‘n op- of afwaartse beweging in toonhoogte is, verandering in dinamiek, klankkleur, tempo, reëlmaat, artikulasie en intensiteit. Elke komposisie verskil in kontoer wat bogenoemde aspekte betref. Deur hierdie spesifieke, eiesoortigheid van elke komposisie te bestudeer kan daar beweeg word na die betekenis of boodskap van die musiek.

**Musikale klanke se arriveringspunt behels Finaliteit, Klaarheid of Helderheid, Beklemtoning en Frasering.** In ‘n taal is daar kommas, kommapunte, vraagtekens, uitroeptekens en aandagstrepe om ‘n bepaalde saak te stel. Met musikale klanke gebruik die komponis die volgende om raakpunte op die lyn van beweging aan te dui of om finale voltooiing te bewerk:

- **Finaliteit** – Soos in ‘n taal is dit die laaste note wat die einde van ‘n komposisie aandui. Tussendeur is daar egter note van verposing wat gedeeltelike voltooiing aandui maar wat tog vra vir kontinuering.
- **Klaarheid** – Die wyse waarop die verposings benut word, kan duidelik of onduidelik wees afhangende van die effek wat die komponis wil bereik. Wanneer die arriveringspunte gemanipuleer word, kan dit verwagting, verrassing, vrae en selfs humor bewerk. Wanneer die voltooiing van ‘n werk doelbewus verswak word, skep dit met die luister daarvan ‘n blywende gevoel wat in die gemoed van die luisteraar gekontinueer word.

- **Beklemtoning** – Musiek kan sterk verwagtings skep deur die punt van arrivering duidelik te verklank of soms met min beklemtoning die teenoorgestelde effek bereik
- **Frasering** – Wanneer musiek ‘n arriveringspunt bereik, word ‘n fase van die beweging afgehandel. Fases kan groot of klein wees en kan met woorde, sinsnedes, sinne en paragrawe vergelyk word. Hierdie musikale eenhede kan kort, lank, gelyk of ongelyk in lengte, en gelykmatig, vinnig of stadig in intensiteit klim of val.

Indien hierdie begrippe verstaan word, sal predikante alreeds beter toegerus wees in die beplanning en aanbieding van musiekbeluistering tydens die erediens. Hulle sal self reeds veel meer sinvol kan luister om die boodskap van die musiek te begryp. Predikante kan reeds met hierdie minimum kennis luisteraars tydens die erediens aktiewe deelnemers van die luisterervaring maak.

Schelling (1986:81) wys daarop dat die verband tussen musiek en die boodskap wat dit dra nie altyd met die eerste aanhoor duidelik is nie. Maar dat ‘n gefokusde luister wel die “geheimenis” van diè vreemde taal bekendmaak.

“Wie diep afdaalt naar of hoog opklint tot de tonen van instrumentale muziek, weet; muziek is een vorm van spreken, muziek is communicatie. Weliswaar spreekt muziek een eigen taal, maar ze sprèekt.”

### **Absolute musiek versus Tema- of Programmusiek**

‘n Onderskeid word tussen absolutemusiek en programmusiek gemaak.

**Programmusiek** word beskryf as:

“Music that tries to depict an axtramusical scene, idea, mood or story... – it follows a program of events. This may also be called “descriptive music” because the composer attempts to describe in music a particular event or scene. The music thus has a strong pictorial or dramatic leaning.” Wolff (1982:17)

Dit is voor die handiggend dat Programmusiek (ook Beskrywende musiek genoem)

vanuit Bybelse konteks gekomponeer, definitief bruikbaar sal wees as beluistersmateriaal tydens die erediens.

Daarteenoor is **Absolutemusiek** gekomponeer sonder enige aanduiding dat dit verband hou met ‘n tema of program, teks of enige werklike situasie. Absolute-musiek sal nie gebruik word tydens die erediens nie, aangesien dit nie aan die doel van die musiekbeluistering sal beantwoord nie.

“Absolute music is pure music; that which is without extra musical qualities – music as music. It is often called abstract music because it does not represent any particular story or picture. Absolute music does not relate to anything outside the music itself – it exists for its own sake as a work of art. The composer works with musical ideas and their development. Each listener is free to listen discriminately and to respond in his own way. The listener is directly involved with the elements of music and their interaction.” Wolff (1982:20)

### **Aktiewe musiekbeluistering**

Aktiewe musiekbeluistering bevat die volgende drie **elemente** wat later breedvoerig bespreek word:

- Eerstens dui dit op ‘n **aktiewe betrokkenheid** van die luisteraar by die musiek waarna geluister word (Hoofstuk 2)
- Tweedens bevat dit sekere **leiding** wat vooraf gegee word voordat die luisteraktiwiteit begin sodat die luisteraar gemotiveer is om so te luister (Hoofstuk 7)
- dat daar in die derde plek op een of ander wyse **terugvoering** gegee kan word (Hoofstuk 8)

Tydens aktiewe musiekbeluistering word al drie die **domeine** nl.

- die affektiewe
- kognitiewe en
- konatiewe ingespan.

Die waarnemingsvermoë van die luisteraar word verskerp, wat lei tot groter waardering, insig en begrip van die musiek.

Aktiewe musiekbeluistering is m.a.w. **gestruktureerde luister** met die doel om die aandag van die luisteraar op die musiek te fokus, sodat die boodskap daarvan geken en verstaan kan word. Regelski (1981:1818) het reeds verwys na “inattentive hearing”, wat slegs ‘n bewuswees van die musikale klanke veronderstel en “active listening” wat konsentrasie, fokus en verstaan aandui.

“Listening requires effort, whereas hearing is passive.” Wolff (1982:43).

Dit moet duidelik gestel word dat aktiewe musiekbeluistering beteken dat daar na musiek **geluister** word. Tydens die erediens beteken dit:

- ‘n Musikale opname word voorgespeel deur gebruik te maak van ‘n kompakspeler met ‘n kompакskyf waarop die gekose opname verskyn.
- ‘n Lewendige voordrag word aangebied deur die orrelis op die orrel, of enige ander musikant of groep van musikante op welke instrument ookaal geskik is vir die bepaalde komposisie.
- Die koor en/of gemeente sing met of sonder begeleiding en dit dien as die beluisteringsmiddel.

Die leser moet in ag neem dat die begrip musiek verskillende betekenis se dien in hierdie studie. Buiten al die vorige informasie i.v.m. musiek moet die volgende in gedagte gehou word.

- Musiek kan instrumentaal wees. M.a.w. slegs musiekinstrumente wat word gebruik om die komposisie uit te voer.
- Musiek kan vokaal wees. Dan is daar slegs die stem(me) van ‘n sanger(es) of sangers wat gehoor word.

- Musiek kan vokaal wees en met instrumente begelei word. Hier is dan ‘n kombinasie van stem(me) en instrument(e).

Al die bogenoemde **wyses van musisering** sal geskik wees en sal tydens die erediens as musiekbeluistering gebruik kan word. Dit bring afwisseling. Beskikbaarheid van opnames, die vermoë van die orrelis, beskikbaarheid van sangers en musikante, kortom die plaaslike situasie sal grootliks bepaal watter tipe beluistering die mees geskikte sal wees.

Die **predikant** neem die verantwoordelikheid vir hierdie besluite. Die aanbieding moet altyd van hoogstaande gehalte wees en van goeie smaak getuig. Dit moet die Kerk se belydenis ondersteun en binne die orde van die liturgie gedoen word.

### **1.7. Opsomming**

Hierdie navorsing is ‘n studie binne die Praktiese Teologie met fokus op die Himnologie met die doel om die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Liturgiese orde deur aktiewe musiekbeluistering te vernuwe en te verryk.

Aktiewe musiekbeluistering word tans onderbenut tydens die erediens en daarvoor is verskeie redes aangevoer.

Die doelstelling van hierdie studie is om antwoorde te verskaf op die volgende kernvraag:

**Kan musiekbeluistering op ‘n praktiese en effektiewe wyse tydens die erediens geïmplimenteer word sodat dit sal bydra tot die vernuwing en verryking van die erediens?**

## **AFDELING A**

### **MUSIEKBELUISTERING TYDENS DIE EREDIENS:** **TEORETIESE BESINNING**

Die **voorwaardes** vir musiekbeluistering tydens die erediens kom in Hoofstuk 2 tot 5 aan die orde. In Hoofstuk 2 word die doel en funksie van musiekbeluistering tydens die erediens omskryf, terwyl Hoofstuk 3 ‘n historiese oorsig gee oor die belangrikste gegewens van musiek en sang tydens die erediens. Hierdie oorsig van die geskiedenis is Liturgies en Musikaal gedoen. Hoofstuk 4 neem die kriteria vir musiekbeluistering as onderwerp, terwyl Hoofstuk 5 die bestaande liturgie as vertrekpunt neem om te besin oor die integrasie van musiekbeluistering daarmee.

## **HOOFSTUK 2: DIE DOEL, FUNKSIE EN BELEWING VAN MUSIEKBELUISTERING TYDENS DIE EREDIENS**

### **2.1. Inleiding**

Hoofstuk 2 en 3 wil **Vraag 1** van die navorsing beantwoord. Die vraag lui: **Wat is die doel en funksie van musiekbeluistering tydens die erediens ?**

In Hoofstuk 2 word die **doel, funksie en belewing** van musiekbeluistering tydens die erediens bespreek deur

- eerstens die aktiewe aspek daarvan te ondersoek. Soos reeds aangetoon is dit die hoofmotief van beluistering. Die gemeenteledd moet aktief betrokke wees by die musiek waarna hulle luister.
- Beluistering bevat ook die element van waardering en daaraan word ook aandag gegee.
- Verder word die kommunikatiewe funksie van musiek ontleed en

- laastens die verskillende wyses waarop mense reageer wanneer hulle na musiek luister.

Al hierdie aspekte word in direkte verband gebring met die erediens.

## **2.2. Die doel van musiekbeluistering – aktiewe beluistering en waardering**

Met verwysing na die definisie by 1.6.5.word die leser daaraan herinner dat daar drie **voorwaardes** vir musiekbeluistering is.

- Die eerste voorwaarde volgens Schuman is **gefokusde aandag** (Copland,1988:xii).
- Tweedens vereis aktiewe musiekbeluistering dat die hoorder op ‘n **aktiewe wyse betrokke is** by die musiek waarna geluister word deurdat hy/sy begelei word met informasie voor en tydens die luisteraktiwiteit.
- Derdens word die luisteraar gemotiveer om so te luister dat daar op een of ander wyse **terugvoering** gegee kan word tydens en/of na die beluistering.

Musiekbeluistering is dus ‘n **kognitiewe** proses en dit is hierdie aspek van musiekbeluistering wat met dié navorsing beklemtoon en ondersoek word. Baie meen dat die erediens reeds te veel redelike aspekte vertoon en dat die emosionele verwaarloos word. ‘n Poging om die rasionele dus verder te versterk deur musiekbeluistering binne ‘n reeds “oorspanne” klem op die rede, kan dalk te veel gevra wees.

Musiek het egter twee kante naamlik aktiewe beluistering wat die klem op verstaan en begryp plaas, maar ook waardering wat die fokus op geniet en waardeer het. Albei hierdie kante word in berekening gebring.

**Musiekwaardering** is die skone en estetiese aspek van die musiek. Die aangename en gevoelvolle belewing. Hier word die **affektiewe** aspek weer meer beklemtoon. Soos reeds gesê, sal waardering altyd deel van die musiekervaring wees. Tog dra dit nie die klem nie, maar is dit die bykomende voordeel tydens aktiewe

musiekbeluistering. Beluistering moet definitief ook vir die luisteraar ‘n aangename evaring wees. Musiek is immers aan ons gegee sodat dit geniet en waardeer kan word. Dit is wensdenkery (en heeltemal onnodig ook) om die gevoelsbelewing van musiek en sang tydens die erediens te relativeer. Musiek moet ook die sinne kan streeel, die emosie wek en intellektueel verstaan word.

“But the sounds are organized; the sounds have intellectual as well as emotional appeal.” (Copland: xiii).

**Musiekbeluistering soos in hierdie studie omskryf, sal dan eerstens die aktiewe, denkende en kognitiewe aspekte aanspreek met die affektiewe as toegevoegde waarde.**

Musiekbeluistering is egter ‘n **vaardigheid** wat aangeleer moet word. In die voorwoord van Aaron Copland se boek “*What to listen for in music*” (1988:viii) stel William Schuman dat aktiewe musiekbeluistering. ‘n Aangeleerde vaardigheid is en dat die kognitiewe die affektiewe bevoordeel.

“Listening to music is a skill that is acquired through experience and learning. Knowledge enhances enjoyment” Copland (1988:viii).

Musiekopvoeders poog om reeds op laerskoolvlak vir kinders luistervaardighede aan te leer. Daarom sal die predikant wat beluistering gebruik tydens die erediens kennis moet neem dat gemeentelede musiek-luistervaardighede moet aankweek. Hierin sal hulle ondersteun en begelei moet word. Kennis vergroot die uiteindelike genot van die beluistering.

Hoofstuk 6 stel ‘n beluisteringsmetode voor wat gebruik kan word om die lede te help om die musiek beter te verstaan en meer te geniet. In Hoofstuk 8 word hulpmiddels bespreek om die beluistering sinvol te rig en te fokus.

**Hierdie navorsing is praktykgerig en wil aan die predikant kennis, ‘n beluisteringsmetode en hulpmiddels voorsien in die beplanning en aanbieding van beluistering tydens die erediens.**

Daar is egter baie faktore wat bydra dat luisteraars musiek **hoor** (ongefokus) en nie noodwendig daarna luister (gefokus) nie. Aktiewe beluistering word vooraf gegaan deur motivering in die vorm van inligting wat aan die luisteraar gegee word sodat hulle beter gefokus kan luister. Hoofstuk 7 bespreek die beplanning en leiding van aktiewe musiekbeluistering. Daardeur word die predikant gehelp om die proses te bestuur.

“...the premise that the more you know about the subject of music, the greater will be your joy in listening to it.” Copland (1988:xii).

**Deur deeglike beplanning en voorbereiding sal die predikant die nodige informasie aan die luisteraars voorsien, sodat hulle gefokus kan luister.**

Schuman (Copland,1988:xiii) stel dit dat daar drie **partye** betrokke is by die musiekervaring: die komponis, die uitvoerder en die luisteraar. Hy sê ons verwag ‘n briljante komposisie wat briljant uitgevoer word en tog luister ons swak daarna. Die partye moet ewe veel bydra tot die ervaring. Die resultate van die musiek lê in die hande van die komponis en die musikant net soveel as in die vermoë en houding van die **luisteraar**. Daarom is dit uiters noodsaaklik dat daar tydens musiekbeluistering ‘n poging aangewend sal word om die aandeel van die luisteraar te versterk. Met die nodige leiding en informasie kan die luisteraar gefokus luister en die boodskap van die musiek nader bepaal. So word dit boonop ‘n aangename luisterervaring.

Die **kwaliteit** van die ervaring berus in ‘n gelyke mate by die komponis, die musikant en die luisteraar.

“...the perceived quality of music is clearly at the mercy of the actual quality of its auditors. (Copland:xiii).

Hierdie navorsing argumenteer dat die **predikant** as leier van die beluistering die vierde bydrae lewer. Hy speel soos reeds aangetoon ‘n uiters belangrike rol in die proses.

Dit is die doel van dié studie om die **kwaliteit** van die luisterervaring te help verbeter.

Ongelukkig is daar baie luisteraars wat tevrede is om slegs emosioneel gebaai te word deur die musiek wat hulle hoor. Hulle reageer op die musiek deur maar net omring te word deur die strelende of polsende klanke van die musiek. Blote waardering sonder begrip lei tot ‘n verskraling van die beluistering.

Daarom moet aktiewe musiekbeluistering **aangeleer** word. Die moeite om dit onder die knie te kry, sal veelvoudig vergoed word deur die intense plesier en verhoogde belangstelling wat dit wek. Regelski (1981:33) beweer dat elke mens genetiese oor die intuïtiewe en spontane vermoë beskik om musiek te waardeer en daarop moet voortgebou word totdat aktiewe musiekbeluistering ‘n vaardigheid word wat onder die knie gekry is.

Met aktiewe beluistering word ‘n sekere **reaksie** van die gehoor verwag. Heel dikwels sal dit tydens die erediens ‘n innerlike en selfs onsigbare reaksie wees. Ander kere kan daar ‘n fisiese en sigbare reaksie beplan word. Die predikant moet met sy voorkennis van die gemeentekarakter bepaal watter reaksie sinvol en stigtelik sal wees. Die reaksie wat van die kinders verwag word, sal dalk baie anders wees as wat die reaksie van die volwassenes moet wees. Predikante moet hulle goeie oordeel gebruik en binne die Liturgiese riglyne beweeg.

Die **beluisteringsmetode** sê Schuman (Copland,1988:xvii) het deur die eeue nie verander nie.

“ ...the basic problems of “what to listen for” have remained the same”.

Daarmee word bedoel dat musiek ‘n samestelling van musikale elemente is, wat op ‘n sistematiese en geordende wyse deur die loop van eeue beluister is. Daar is **beginsels** waarvolgens die luisteraars gelei kan word om te luister. Die predikant moet hierdie beginsels ken en dit aan sy gemeente leer sodat die musiekelemente en hulle saamvoeging tot ‘n geheel beluister kan word. Die doel bly om die boodskap wat deur die musiek verklank word, te probeer verstaan.

Met die **beluisteringsmetode** tydens die erediens word opnames voorgespeel en/of na lewende uitvoerings van musiek geluister. Die musiek word aangebied met die doel

dat lidmate deur denkende luister - na die komponenete van musiek soos saamgevoeg deur die komponis en soos uitgevoer deur die musikante - ‘n sensitiwiteit vir die boodskap van die musiek sal ontwikkel. En soos reeds bespreek, is die musiek wat gespeel word, gebaseer op die Woord. Wanneer daar aktief en gefokus met die nodige leiding en informasie geluister word na hierdie opnames is die verwagting dat die musiek die luisteraar sal lei tot ‘n beter begrip van die Woord en die betekenis daarvan in sy lewe sal soek. **Die lidmaat word geleei om onderskeidend te luister en meer te verstaan van die boodskap wat deur die musiek gekommunikeer word.**

Schuman gaan verder en beweer dat musiekbeluistering ‘n eenvoudige en natuurlike proses behoort te wees. Tog ondervind baie mense daarmee ‘n probleem. Die vraag ontstaan nl. op welke wyse kan die gewone mens geleer word om meer intelligent en gefokus na musiek te luister. In hierdie geval sal die probleem wees om vas te stel hoe lidmate binne die erediens geleei kan word om aktief gefokus na Woord geïnspireerde musiek te luister en daardeur verryk te kan word. Schuman Copland (1988:xx-xxi) maak dit baie eenvoudig en sê dat elke komponis **twee dinge** van die luisteraar sou vra:

- 1. Hoor jy alles wat aangaan of is daar aspekte van die musiek wat by jou verbygaan ?**
- 2. Is jy werklik sensitief teenoor dit wat jy hoor en het jy duidelikheid oor die respons wat die musiek by jou wek ?**

Binne die erediens sal die predikant daarom op hierdie twee vrae wil fokus. Met behulp van die Musiekopvoedkunde is daar beginsels waarmee mense geleei kan word om die bogenoemde vrae suksesvol te beantwoord. In Hoofstuk 6 word ‘n ontledingsplan aangegee waarmee predikante hulle gemeentes kan help om die boodskap van die musiek te dekodeer.

### **2.3. Die funksie van musiekbeluistering - kommunikasiemedium**

Musiek is een van die **grondvorms** van menslike kommunikasie. Omdat musiek veral op psigiese vlak funksioneer, het dit ‘n diep invloed op die gemoed en geloof van die gemeente.

Die kommunikatiewe waarde van sang (en musiek) word in die Handboek vir die Erediens (1988:43) duidelik gestel:

“ Deur die diens word die boodskap deur sang in verskillende vorms oorgedra:

- Sang is antwoord op die aanspreke van God – gesonge gebed
- **Sang as verkondiger van die evangelie op baie maniere en in baie toonaarde**
- Sang deur die gemeente
- Sang deur groepe en kore en in besondere gevalle deur enkelinge
- Beurtsang of antifoniese sang
- Refreine of responsoriese sang
- **Woord, lied en musiek in ‘n groot eenheid – ‘n deklamatorium** (My beklemtoning)
- Sang ondersteun deur gepaste musiek
- Sang met oorgawe en met lus “

Calvyn het homself ook uitgespreek oor die **kragtige werking** van sang:

“ ...ons weet uit ervaring dat sang groot krag en mag besit om die hart van die mense te ontoer, te ontvlam en op te wek om God aan te roep en te prys met des te vuriger en brandender ywer. Sang laat die woorde dieper in die hart indring as die gesproke woord.” Barnard (1981:336)

Sy waarskuwing is dan ook:

“Maar tog moet ons naarstiglik daarvoor oppas dat die ore nie meer aandag skenk aan die mooi melodie as die hart aan die geestelike sin van die woorde nie...” Barnard (1981:337)

In die Handboek vir die Erediens (1988:43) word dit so gestel:

“Sang het groot krag en dra veel by om die boodskap skerper te stel en dit dieper in die hart in te dra en ook langer te laat onthou. Die note maak die woorde lewend, het Luther gesê. Sang doen veel om ‘n atmosfeer te skep en mense hulle geloof sterker te laat beleef.”

Die krag van **musiek en sang** tydens aktiewe beluistering lê eerstens in die verstaansproses en tweedens in die belewing, maar gesamentlik lei dit die luisteraar na ‘n geestelike heilservaring.

Müller (1990:42) wys na twee aspekte van die rol van sang in die erediens. Eerstens

as **verkondiging** aan die versamelde gemeente en tweedens as **gebed**. Hiermee saam skryf hy ook oor musiek se funksie.

“ Instrumentale musiek sou by enige een van bogenoemde funksies kon inskakel, veral as die woordkonnotasie opvallend genoeg is.”

Dit sal ons aantoon met die literatuurondersoek. Terrien (1995) se boek oor die Magnificat het as subtitel: “Musicians as Biblical Interpreters.” Hy beskryf hoe begaafde kunstenaars wat met die Bybelteks omgegaan het (soos predikante ?) ‘n geloofsrede in musiektaal geformuleer het! Hopelik kan ons hierdie musiek-interpretasies aanbied tydens die erediens tot verryking van die lidmate en tot eer van God.

Van Wyk (1980:5) stel die funksionele aspek van musiek tydens die erediens soos volg:

“ Die taak van die musiek in, voor of na die erediens , is nie ‘n ondergeskikte taak nie. Dit is ook nie ‘n oorheersende taak nie, maar ‘n priesterlike, dienende taak.”

Die musiek wat as beluistering voorgespeel word, wil nie oorheers nie. Die musiek wil nie die plek van die woord inneem nie. **Maar in dienskarakter wil die musiek ondersteunend wees in die oordrag van die Blye Boodskap !** Die musiek is daarom onpretensieus. Dit is slegs maar die draer van die belydenis, van die aanbidding en die lof. Musiek kan die

“Woordbetekenis uitnemend ...intensiever” (Van der Walt, 1995:87)

Schelling (1986:108) sluit hierby aan wanneer hy sê:

“ Muziek liet de woorden sterker doordringen tot de mensen...”

Kloppers (2000:21) beskryf die verkondigingskarakter van Bach se werke.

“Die musiek het die tekste so volmaak verklank dat ‘n mens kan sê dat Bach se musiek werklik verkondiging was – deur musiek het hy as’t ware gepreek. Daarom word hy selfs die Vyfde Evangelis genoem.”

Met hierdie vekondigingskarakter van musiek as gegewene, kan daar nie onsekerheid wees oor die gebruik van musiek as beluistering tydens die erediens nie.

#### **2.4. Die belewing van musiekbeluistering: reaksie van luisteraars**

Navorsing wat die belewing van musiekbeluistering ondersoek, het gevind dat mense

- op sekere fundamentele wyses in verhouding tree met musiek. Volgens Wolff (1982:99) is daar ten minste drie reaksies in ‘n meerder of mindere mate teenwoordig.

“- it appeals to the physical senses (“feet music”), or to the emotions (“heart music”), or to the intellect (“head music”).

**Hierdie fisiese, emosionele en intellektuele ervarings is nie onafhanklik nie, maar op ‘n hegte manier inmekaaargevleg, en die dominansie van elkeen wissel gedurende die luisteraktiwiteit.**

- Daarby is die beluistering van musiek ‘n hoogs **individuele** aangeleentheid en die manier waarna elkeen na musiek luister, word deur baie faktore beïnvloed. Vorige luisterervarings, persoonlike temperament, musikale kennis en gemoedstoestand is enkele faktore wat ‘n rol speel. Vernooij (2002:97) noem ook nog

“...cultuur, plaats en tijd.”

Hierdie faktore kan dikwels (meestal) nie tydens die erediens gekontroleer en beheer word nie. Die predikant moet dit in aanmerking neem en as ‘n gegewene beskou.

Bogenoemde reaksies kan **verfyn** word tot ses vlakke van belewing, wat weereens nie van mekaar geskei kan word nie. Wolf (1982:100-101) beskryf die vlakke met die doel om aan te toon dat daar **nie ‘n regte of verkeerde reaksie** tydens beluistering is nie, maar dat dit sal varieer volgens die individualiteit van die luisteraars. Die beoogde reaksies volgens moontlike prioriteit (my voorstel) vir beluistering tydens die erediens is:

- Die **Intellektuele** vlak (kopvlak)

Konstruktuele elemente van die musiek en die tegniese vaardigheid van uitvoering word besef en waardeer. Die gemeente kan verstaan wat die musiek wil kommunikeer. Daarom is dit nodig om aktief na die musiekelemente soos deur die komponis gebruik te luister. Die kognitiewe moet ingespan word om te ontleed, analyseer en te interpreteer sodat daar tot ‘n beter verstaan gekom kan word. Die komponis gebruik die musiekelemente om die storie te “vertel”. Dit is sy hulpmiddels om beskrywende musiek te komponeer. Aktiewe beluistering van programmusiek tydens die erediens sal dus poog om vas te stel hoe die musiek probeer om die Bybelteks of tema te verduidelik.

“What is the music trying to convey through its rhythm, melody, texture, form and expressive qualities ?” Wolff (1982:19)

- Die **Assosiatiewe** of Dramatiese vlak (kopvlak)

Tydens programmusiek word geluister na die “storie” wat d.m.v. die musiek vertel word. Daar is ‘n verband wat ingesien word tussen die elemente van die musiek en die Teks waarna dit verwys. Wolff (1982:25) sê:

“ The understanding of music involves the perception of or sensitivity to the elements of music.”

Herhaalde musiekbeluistering bring groter verstaan en waardering.

- Die **Estetiese** vlak (hart-kopvlak)

Die skoonheid van die musiek word waardeer. Musiek het dus ‘n sterk estetiese komponent wat deur die luisteraar vir die estetiese waarde daarvan geniet behoort te word. Selfs al wil ons aktiewe beluistering bevorder, sal die skoonheid van die musiek tog ook die luisteraar met tye wegvoer.

- Die **Emosionele** vlak (hartvlak)

Musiek veroorsaak ‘n belewing of gevoel wat gegrond is op die intellektuele verstaansproses.

- Die **Sensuele** vlak (hartvlak)

Genot word ewrvaar vanweë die pragtige musikale klanke.

- Die **Kinestetiese** vlak (voetvlak)

Spier en liggaambewegings op maat van die musiek.

Wanneer ‘n predikant die verskillende reaksies op musiekbeluistering verstaan, sal dit makliker wees om die verlangde reaksie waarna tydens die erediens gestreef word te bereik. In die Handboek vir die Erediens (1988:55) word die volgende van kerkrade gevra :

“ Die Sinode doen ‘n beroep op kerkrade om sang (**musiek**) in die gemeentes nog meer tot sy reg te laat kom, nie alleen met die oog op die verkondiging van en belydenis van Skrifwaarhede in sang (**musiek**) nie, maar ook om te voorsien in die emosionele behoeftes van ons lidmate. So kan lidmate persoonlik uiting gee aan die vreugdevolle karakter van die erediens en hulle eie godsdienstige belewenis.” (My invoegings)

**Die volledige spektrum van die belewingskarakter van musiekbeluistering behoort ordelik aan die beurt te kom tydens ‘n program van beluistering.**

Müller (1990:42) voeg by:

“Die atmosfeerskeppende funksie van instrumentale musiek moet ook nie uit die oog verloor word nie. In der waarheid is die erediens ‘n kommunikatiewe gebeure en die kommunikasie vind nie net op ‘n verstaansvlak plaas nie. Dit lê ook op die ervaringsvlak.”

Al die bogenoemde reaksie op musiekbeluistering kan **afwisselend** aan die orde gestel word tydens die erediens. Dit sal moontlike verveling uitskakel en altyd dinamiese en kreatiewe musiekbeluistering tot gevolg hê. Die gemeenteprofiel, tipe diens, tydperk van die Kerkjaar en baie ander faktore sal in ag geneem word.

Vernooij (2002:77-79) beskryf **drie fundamentele relasies** wat mense met musiek kan aangaan naamlik ‘n ekspressief - impressiewe, aktief – passiewe en interaktiewe relasie. Daarmee bedoel hy nie dat dit begrippe is wat teenoorgesteldes beklemtoon of waarde beoordeling bevat nie. Dit is bloot ‘n manier om mense se reaksie op musiek te verduidelik.

- Die eerste relasie is **ekspressie**. Hy sê: “Muziek is expressie.”

Om musiek te komponeer en uit te voer is ‘n **emosioneel-ekspressiewe** gebeurtenis. Die musikant en komponis bring vanuit hom- en haarself iets na vore en kommunikeer so met die luisteraar. Maar musiek is geskryf en word uitgevoer met die doel dat daarna geluister sal word.

“Muziek krijgt niet alleen betekenis vanuit diegene, die emoties uitzendt, maar ook van diegene die zijn antenne op de ten gehore gebrachte muziek heeft gericht, of die er een antenne voor heeft. Dat is de impressieve kant van de muziek: ze is gericht op de ander en krijcht haar zin en betekenis in de vruchtbare bodem van een luisterende ander.”

Daar is dus ‘n duidelike wisselwerking tussen die ekspressiewe aanbieding van die musiek en die **impressiewe luister** daarna. Die een kan nie sonder die ander funksioneer nie. Musiek se krag berus dus nie alleen op die oordrag daarvan nie, maar ook in die ontvangs daarvan. So word die musikant en sanger en luisteraar mede-komponiste.

- Die tweede relasie wat Vernooij bespreek, is die wyse waarop die musiek voortgebring en beluister word. Hier is sprake van ‘n **aktiewe en passieve** wyses. Die musikant en sanger kan met **oorgawe en in volkome entoesiasme skeppend kreatief** die musiek maak of die lied sing. Die luisteraar kan **aktief, intelligent en denkend** luister om alles te hoor en te probeer verstaan. Daarteen kan die musiek onbesield en futloos aangebied word en die hoorder kan so gewoond wees aan die klanke dat dit min of geen betekenis het nie.

Wat die luisteraar betref sê Vernooij:

“De passieve luisteraar is niet écht nieuwsgierig naar de bedoelingen van een muziekstuk. Die kent hij al lang. Hij is enkel uit op herkenning. Hij bepaalt de waarde en de schoonheid van muziek geconditioneerd door zijn eigen muzikale bagage, en zit daarbij als het ware achterovergeleund in zijn zetel. Want hij weet wat hem te wachten staat. Hem kan niets overkomen. Daarentegen is zijn actief luisterende buurman van ander muzikaal hout gesneden. Ook zijn luisteren is geconditioneerde, met name door de cultuur van de maatschappij, waarin hij leeft, door wat hij er dus over gelezen heeft, en door gewoontewerking. Maar zijn graadmeters liggen niet bij voorbaat en voor altijd vast. Hij probeert zich open te stellen voor dat wat aan zijn oor gepresenteerd wordt en staat welwillend open voor nieuwe muzikale taal. Hij zit eerder op het puntje van zijn stoel, nieuwsgierig naar wat hem gepresenteerd wordt.”

- Derdens betoog Vernooij dat daar ‘n **interaktiewe relasie** is waarbinne die musikant en luisteraar hom- en haarself bevind. Daar is ‘n **interaksie** op die wyse waarop die musikant speel en die wyse waarop die luisteraar die musiek beleef. ‘n Futlose uitvoering sal ‘n nie-belangstellende luisteraar tot gevolg hê en die verwagtings-patroon van luisteraars kan ‘n musikant of sanger se beste pogings kelder.

Daarom dat behoorlike beplanning en navorsing, beluistering voorafgaan. Dit is moontlik om deur die spesifieke informasie wat aan die luisteraar voorsien word en deur die spesifieke leiding wat tydens die luisteraktiwiteit gegee word ‘n meer **uniforme reaksie** te ontlok. Dit is die doel van hierdie navorsing om predikante toe te rus sodat hulle met kundigheid hierdie uitdaging sal aanvaar.

## **2.5. Samevatting**

Die doel van musiekbeluistering tydens die erediens is aktiewe gefokusde luister met die doel om daardeur die boodskap van die musiek te begryp en te waardeer.

Musiekbeluistering en waardering is twee kante van dieselfde munstuk.

Daar is nog altyd rekening gehou met die kragtige werking van musiek en sang tydens die erediens. Predikante het dit tot hulle beskikking en kan deur aktiewe musiekbeluistering die erediens verryk en vernuwe. Musiek neem ‘n dienskneggestalte aan en wil die boodskap van die Woord ondersteun.

Die reaksie of belewing van luisteraars verskil grootliks en dit is die taak van die predikant om die verlangde reaksie te verseker, deur deeglike beplanning.

## **HOOFSTUK 3: HISTORIESE OORSIG M.B.T. DIE ROL VAN MUSIEK EN SANG TYDENS DIE EREDIENS**

### **3.1. Inleiding**

Hoofstuk 3 beantwoord ook **Vraag 1** van die navorsing. Die leser word daaraan herinner dat dié vraag so lui: “**Wat is die doel en funksie van musiekbeluistering tydens die erediens ?** Hierdie keer wil ons die **Kerkgeskiedenis** nagaan, want daarin ontdek ons die oorspronge van ons **Gereformeerde erfenis**. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is die erfgenaam van ‘n lang en ryk tradisie wat die **Liturgie** van die erediens betref. ‘n Tradisie wat sy vroegste oorsprong in die Ou Testamentiese Kultus, later tydens en na die ballingskap in die Joodse Sinagoge en ook na Christus in die Nuwe Testamentiese erediens vind. Die ontwikkeling van die erediens het egter nie daar gestop nie. In die Vroeë Kerk, gedurende die Middeleeue en uiteindelik met die Reformasie, het die Kerk se siening van die rol van musiek en sang telkens verander.

Fourie (2000:154) wys daarop dat Borchardt gedurende 1991 tydens sy Intreerede die belang van die Reformasie vir die Gereformeerde liturgie in Suid-Afrika aangedui het.

‘...die meeste gevestigde kerke in Suid-Afrika het hulle wortels in die 16de eeuse reformasiegeskiedenis.’

Die bydra van die Nederlandse Liturgiese tradisie word ook in berekening gebring aangesien dit die direkte oorsprong is van die die Ned.Geref.Kerk en sy erediensbeskouing en -praktyk. Dit is daarom nodig om hierdie geskiedenis te ken sodat daar **binne** hierdie tradisie na nuwe en verrykende maniere gesoek kan word t.o.v. die inkleding van die erediens wat musiekbeluistering betref.

Hierdie navorsing word vanuit **Gereformeerde perspektief** geskryf. In besonder fokus hierdie hoofstuk op die Liturgiese rol van musiek en sang tydens die erediens soos dit in die loop van die geskiedenis uitgekristaliseer het. Daar is van twee bronne gebruik gemaak. **Eerstens** die **Liturgiese bron** wat geskryf is vanuit **Theologiese perspektief** en tweedens die **Musiekgeskiedenis bron** wat vanuit **Musikale perspektief** werk. Beide bronne beskryf die rol van Kerkmusiek, maar elkeen met ‘n eie doel. Die Liturgiese bron se oogmerk is die beskrywing van die ontstaan en inkleding van die erediens, terwyl die Musiekgeskiedenis die ontwikkeling van Kerkmusiek as sulks ondersoek.

Tydens die navorsing het dit geblyk dat die Liturgiese geskiedenis vanaf die vroegste tye **wipplank** gery het. Soms was die balans aan die kant van bv. die gebruik van musiek tydens die diens en dan weer het die gewig na die ander kant verskuif en is musiek geheel en al verbied. Soms was die gemeente die belangrikste deelnemers aan die erediens en ander kere weer die ampsdraers. In die loop van die geskiedenis het die gemeente homofonies gesing sonder begeleiding, net om op ‘n later stadium slegs te hoor hoe ingewikkelde koorwerke meerstemmig deur ‘n geoefende koor in ‘n volksvreemde taal gesing word. Wanneer hierdie geskiedenis dus beskryf word, kom dit voor asof dit telkens maar ‘n **herhaling van een patroon is**. Met elke tydvak swaai die pendulum van die een na die ander kant. Dit wil dan voorkom asof daar dikwels nie vernuwing en groei in die erediensdenke was nie, maar eerder stagnasie.

Hiervoor is daar seker talle redes aan te voer soos die verandering van tye en omstandighede, die invloed van politieke leiers, die verskil in benadering van die Kerkleiers, die ontwikkeling van sang en musiek ens.

Dat daar ‘n groot en permanente **skeiding** gekom het tussen die Westerse- en die Oosterse Christelike Kerk, tussen die Roomse Kerk en die Gereformeerde Kerke en tussen die Ambrosiaanse en Gregoriaanse Liturgieë is ongetwyfeld waar. En dat ook hierdie skeiding diepgaande verskille in die Liturgie gebring het, ook wat betref die rol en betekenis van musiek en sang.

Hierdie hoofstuk se formaat is daarom so gekies dat die feite vanuit die geskiedenis wat betrekking het op die navorsing as **gevolgtrekkings** aangebied word. Die verwysing na die geskiedenis is daarom sekondêr aangebied. Omdat die geskiedenis soos reeds vermeld dikwels herhaal word, word daar slegs in breë trekke daarna verwys.

Dit is sterk te betwyfel of daar in ‘n paar bladsye meer as 3000 jaar se geskiedenis selfs kurssories aangedui kan word. Tog is geskiedskrywing nie die doelstelling nie, maar om die liturgiese geskiedenis enigsins te interpreter vir die doel van hierdie navorsing.

### **3.2. ‘n Gereformeerde Liturgies-geskiedkundige oorsig met die fokus op Kerkmusiek**

Die volgende gevolutrekkings kan gemaak word vanuit die gegewens volgens die Ou Testament:

- *Musiek en sang was volgens die Ou Testamentiese getuienis ‘n belangrike deel van die kultus. Aanbidding, lofprysing en danksegging was nie sonder musiek en sang te bedink nie.*

Volgens Fenscham (1978:262-236) het **musiek** ‘n vername plek in die Israelitiese volkslewe beklee. Saam met sang en koordanse was dit ‘n onlosmaaklik deel van die tempelkultus en feesgeleenthede.

- *Selfstandige musiek en musiekbegeleiding was altwee elemente van die erediens. Met die implikasie dat daar soms wel na musiek geluister is en dat dit die Woord en aanbidding ondersteun het.*

Daar word in die Ou Testament **drie groepe instrumente** onderskei naamlik snaar- (harp, siter en luit), blaas- (fluit, trompet, horing en doedelsak) en slaginstrumente (tamboeryn, simbaal, bekken en driehoek). Die gebruik van hierdie instrumente in die kultus word egter nie volledig beskryf nie.

Ons weet wel dat die groepe instrumente vir verskillende doeleindes benut is. Met die blaas- en snaarinstrumente het die musikante die **sang begelei** en die perkussie instrumente is veral gebruik om die **ritme** vir die feesoptogte en danse aan te gee. Musiek het ‘n **selfstandige funksie** gehad en is ook volgens 1 Kronieke 16:42 en 25:6,7 vir begeleiding van sang gebruik.

“Heman en Jedutun was in beheer van die trompette en simbale en die ander instrumente om die lied ter ere van God te begelei.”

“Hulle het almal onder die leiding van hulle pa die sang in die huis van die Here begelei op simbale, harpe en liere in die tempeldiens. Saam met hulle ampsgenote wat in sang ter ere van die Here onderrig was, was die getal opgeleides twee honderd ag en tagtig” (1983 NAV)

Wat die **selfstandige funksie** van die musiek betref (waarskuwings, aankondigings, koningskronings, partytjies, klagtes, ekstase, afskeid ens.) noem Fourie (2000: 54) dat dit altyd direk in verband met die lof aan God verbind word.

- *Die hegte eenheid van musiek en sang met die doel om God te verheerlik is baie prominent, maar is veral deur die tempelkore uitgevoer.*

Fourie (2000:36) bevestig dat die Verbondsvolk reeds vanaf Ou Testamentiese tyd die gebruik gehad het om **Psalms** te sing. Volgens Fenscham was die musiek en sang unison (eenstemmig) en die ritme het ‘n baie sterk rol gespeel.

Die sangstyl was spreeksang en dit word aanvaar dat dit deur tempelkore uitgevoer is. Beurt- en refreinsang met gemeentelike respons soos “Amen” en “Halleluja” het die sang gekenmerk. Die sang het die teks gevolg.

Die **Psalmbundel** in die Ou Testament toon die groot rol van musiek en sang in die kultus. Ongelukkig is baie van die musiekterminologie (bv. vir die musiekkleier, met snaarinstrumente, met basstem, op die Gittiet, vir Jedutun, met sopraanstemme en sela) moeilik vertaalbaar en verklaarbaar en sê Fenscham en Helberg (1981:3) dat dit ons nie veel help om die musiek en sang beter te verstaan nie.

- ***Musiek het ‘n dienende funksie en is ondergeskik aan die woord.***

Een van Fenscham se aanmerkings word baie belangrik beskou om die **tradisielyn** van die Ou Testamentiese gebruik van musiek waarna ons soek te anker:

“**Musiek** in die erediens het ‘n **dienende funksie** gehad en was steeds **ondergeskik** aan die **Woord.**” (My beklemtoning)

- ***Opgeleide musikante en sangers was in diens van die kultus en het ‘n selfstandige rol gespeel in die erediens.***

Die **omvang** van musikante duï op die hoë premie wat op musikante, sangers en instrumentaliste geplaas is. Dit is duidelik dat die tempelmusiek in alle opsigte deeglik georganiseer was en in die hande van bekwame en toegeruste ampsdraers was (vergelyk 1 Kronieke 15).

- ***Tyd en omstandigheid speel ‘n rol en verandering tree in.***

Waar musiek, sang en dans aanvanklik so ineengestrengel was en dikwels saamgenoem is, het mettertyd **verandering** ingetree. Fourie (2000) haal Westerman (1960:1201) aan wat bevind dat :

“Die musiekinstrumente verloor hulle selfstandige betekenis en begelei of versterk slegs die liedere van die gemeente, of dit verkry al meer ‘n profane funksie. Die sakrale dans tree ook al meer op die agtergrond.”

**Tydens die ballingskap** ontwikkel ‘n ander Liturgiese vorm van die erediens in die **sinagoges**, maar sang het steeds daarvan deel gebly. Dit was gewoonlik onbegeleid (*a capella*) en is responsories (refreinsang), en antifonaal (beurtsang) gesing. Die voorleser het die Heilige Skrif volgens vaste voorskrif voorgesing en Barnard (1981:99) verwys daarna as “spreeksang”, “chant” of cantillation”.

Vanaf 66 n.C. het daar ‘n verwydering gekom met die finale break in 90 n.C. tussen die Sinagoge en die Joodse Christen erediens.

Wat die **Nuwe Testamentiese tyd** betref, het daar ‘n groot verandering ingetree.

- **Jesus Christus is die stimulus agter die groot Liturgiese verandering.**

Fourie (2000:58-59) sê dat **Jesus** se koms, optrede, boodskap en verlossingswerk ‘n **nuwe dimensie** in die gelowige se verhouding tot God gebring het.

“Iemand wat aan Christus behoort, is ‘n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.” (1 Korinthiërs 5:17: NAV)

- **In navolging van Jesus verkry die gesonge lied ‘n belangrike plek in die geloofslewe van Sy volgelinge en ook binne die erediens.**

Jesus het alles (ook die inhoud en gerigtheid van die samekomste van God se volk) nuut gemaak en die **lied** wat later in die Christelike erediens prominensie verkry, kom tot stand. In navolging van die engele se lied met die geboorte van Jesus (Lukas 2:14), het Hy en sy dissipels die aand voor Hy gevange geneem is, Psalm 114-118 gesing (Markus 14:26). Later sou Paulus en Silas volgens Handelinge 16:16-40 in die middernagtelike ure bid en lofliedere saamsing terwyl hulle vir hulle geloof in die gevangenis in Filippi opgesluit was.

- **Die geloofslied was evangelies en missionêr.**

“Die ander gevangenes het na hulle geluister” (Handelinge 16: 25b - NAV)

- In die Nuwe Testament self is daar talle liedere opgeteken wat hulle oorsprong in die Ou Testament het, maar ook nuwe materiaal is gebruik.

**Die Lukaanse himnes** (die cantica) nl. die Magnificat (Lukas 1:46-55), die Benedictus (Lukas 1:68-79), die Gloria in Exelsis (Lukas 2:14) en die Nunc Dimittis (Lukas 2:29-32) duif die bekendheid met die Ou Testamentiese Psalms aan maar vertel ook van die nuwe tyd in Christus. Verder is **Paulus** se 1 Korinthiërs 13:4-7 en Romeine 8: 31-39 ‘n ode tot die liefde en oorwinningslied in God. Fourie (2000:64-70) toon aan dat **Openbaring** se afwisselende visioene en lofsange die vorm van die Griekse tragedie aanneem (tonele wat deur musiek en sang toegelig en onderstreep word).

Wat die en ander Nuwe Testamentiese gegewens betref, kan twee **gevolgtrekking**s gemaak word aldus Fourie (2000:71-72):

- **Sang is ‘n spontane geloofsuiting van Christene tydens formele geleenthede (1 Korinthiërs 14) en in ander tye en omstandighede (Handelinge 16:25).**
- **Sang is Godgerig (vertikaal - danksegging: Efesiërs 5:2) maar ook mensgerig (horisontaal - onderlinge opbou: Efesiërs 5:19, leer en onderrig: Kolossense 3:16).**

Ons beskik slegs oor fragmentariese gegewens wat die musiek en lied van die Vroeë Kerk betref. Uit die beskikbare gegewens word die volgende gevolgtrekking gemaak:

- **Die prediking neem mettertyd die sentrale plek in tydens die erediens en die gemeente sing Psalms en Himnes.**

Hoewel die Christene uit die sinagoges gedryf is, weet ons dat wat die **patroon** betref, daar in navolging van die sinagogediens, ook tydens die Christelike dienste gesing is. Plinius en Tertullianus vermeld dat die Christene veral Psalms gesing het en

later ook himnes (gesange). Die erediens is met tyd so ingerig dat die prediking die sentrale plek ingeneem het.

- **Musiek en sang is funksioneel en doelmatig binne die erediens aangewend.**

Fourie (2000:96) haal Jammers (1960:408) aan wat oor die musikale aspek van die sang van die vroeë Kerk skryf. Hierdie aspek is ook een van die ankers van die soek na riglyne om musiekbeluistering in die erediens te integreer. Hy stel dit so:

“ Hierdie Liturgiese musiek moet nie opsigself gesien word nie, maar wil die voltrekking van dit wat deur die liturg voorgedra en wat die hoorders met die teks liturgies opneem tot ‘n “realiteit” help maak, d.w.s dit sinvol laat wees.”

- **Musiek word stelselmatig uit die erediens geskuif.**

Slegs eenvoudige **homofoniese sang** is in die erediens toegelaat en dit sonder enige begeleiding. Die rede daarvoor kan gevind word in die musiekbeskouing van die antieke mens. Musiek was die heidenvolle se manier om bose geeste te verdryf en om die gode uit te nooi na die offerfeeste. Selfs die Platoniste het hierdie offerfeeste afgekeur en die Christendom het hierdie raserige musiek geheel verworp. Hulle **geloofsoortuiging** het die rede geword waarom musiek in die erediens verstil het. Vir die gelowiges (kinders van die lig) was die lewe ‘n stryd teen die bose en onreine geestelike magte. Hulle onderskeid in die wêreld was huis hulle andersheid en moes in alles wat hulle doen na vore kom. So ook in hulle geloofsbeoefening. Die assosiasie wat musiek gehad het, was onuitstaanbaar. Slegs die menslike stem en die menslike hart was in staat om aan God die lof te bring soos dit Hom toekom.

- **Daar was baie invloede wat deur die loop van tyd bygedra het tot die liturgie en vorm van die erediens.**

Die Griekse invloed op die Kerkliedmelodie is te vind in die metrum en sillabiese karakter van die Griekse sang. Hierdie sillabiese sang (een lettergreep op een toon – die toon ontstaan uit die woord) is in die **Ambrosiaanse sang** gehandhaaf , terwyl die

melismatiese Psalmodie (een lettergreep word op ‘n reeks tone gesing – die woord skik na die gang van die melodie) weer in die **Gregoriaanse styl** na vore kom.

Gedurende die vierde eeu het **vier groot gebeurtenisse** die Kerk egter ingrypend verander. Ook die liturgie het **ingrypende aanpassings** beleef.

- Die eerste gebeurtenis was die **Edik van Toleransie** wat in 311 n.C. deur Galerius uitgevaardig is. Hiervolgens is die Christelike geloof deur die Romeinse owerheid geduld (getolereer) en erken.
- Daarop volg die besluit in 313 n.C. waarin Konstantyn en Licinius volgens die **Edik van Milaan** aan die Christene vryheid verleen om te aanbid soos hulle wou. Dit het volwaardige godsdiensvryheid beteken.
- Verdere toegewings en groter voordele het gevolg totdat keiser Theodosius die Christelike geloof op die **Konsillie van Nicea** in 325 n.C. tot staatsgodsdienst verklaar. Dit het beteken dat almal wat graag in die openbare lewe gereken wou word en wou vorder aan die Kerk moes behoort en deel aan die erediens moes kry.

Barnard (1981:178v) noem verskeie **positiewe en negatiewe gevolge** vir die Christelike geloof wat gevolg het op die nuwe beleid van die staat. Ons stel hier net belang in die effek op die erediens en veral op die musiek en sang.

- Volgens Barnard (1981:204) het daar ‘n **eenwording en standaardisering** van verskillende gebruikte binne die erediens plaasgevind.
- Een van die veranderings was die preek wat nie die primêre element van die erediens was nie. Die klem het op **belewing** gevallen (deur middel van die sakramente) en die liturgie het self die plek van die preek ingeneem.
- Die gemeente het al meer ‘n **toeskouersfunksie** vervul en passiewe hoorders geword. Die diens was as’t ware vir die gemeente opgevoer en die

gemeentesang is al meer oorgeneem deur die diaken of koor.

- Erediensbywoning word nou ‘n **pligpleging**.
- **Responsoriële sang** was populêr met die gemeente wat net die refreine sing.
- ‘n Aantal **Latynse liedere** ontstaan met die taal wat van Grieks na Latyn verander
- Ons kursoriële oorsig van die eerste vier eeu word afgesluit met die bydrae van **Ambrosius en Gregorius** tot die Kerkmusiek en sang.

Ambrosius (339-397 n.C) die biskop van Milaan word met reg die vader van die **Westerse strofiese kerklied** genoem. Met sy liedere het die gemeente weer entoesiasties gesing. Fourie (2000:126) noem dat dit die gebruik was om deur **beurtsang** saam te sing.

“Deur beurtsang het hy die een deel van die gemeente eers die een vers laat sing en dan het die ander deel van die gemeente weer geantwoord met die volgende vers, en so het hulle tot opwekking en inspirasie vir mekaar die hele lied gesing.”

Die **Gregoriaanse kerklied** was ‘n geleidelike **vernuwingspoging** en ‘n **suiwersproses** wat sy afsluiting gevind het in Gregorius se tyd. Die gemeente se aandeel aan die sang is verminder deurdat Gregoriaanse sang hoofsaaklik solosang was. Die gemeente moes luister na die priesters wat in Latyn voorsing.

In die tussentyd het die **vrye, nie-amptelike lied** (Himne) ontstaan wat deur die kerk gebruik, sowel as deur ketters (Arius) misbruik is om hulle leerstellings bekend te maak. Uiteindelik was daar ‘n verwaeling van die Psalms en het die sinode van Laodicea (360-381) alle nie-Skrifuurlike himnes verbied.

Wat die Westerse Kerkmusiek verder betref, was daar ‘n heen en weer beweeg tussen verskillende liturgiese denkestrome. Die belangrikste aspekte tot en met die **Middeleeue** word aangedui:

- **Verskillende nuwe liedgenres ontstaan**

Wat musiek self betref, het die Romeinse Ryk se aandrang op **eenheid** ook die erediens geraak. Deur Pepijn (714-768 n.C) en Karel de Groot (742-814 n.C) se aandrang op **eenvormigheid** wat die kerksang betref, is instrumentale musiek wel geduld a.g.v. die meerstemmige sang wat dit vereis het, maar in 800 n.C. het dit maar ‘n klein rol vervul in die liturgie.

Verskillende **nuwe genres** ontwikkel deur die loop van die eeue bv. **Jubilus sang** (die slot-a van Halleluja word melismaties gesing); **Sekwens** (Jubilus melodieë is weer van teks voorsien); **Trope** (woordlose melodieë word gebruik om die e van Kyrie en Christe te vokaliseer); **Leise** (‘n tipe Troop as geestelike volkslied in die moedertaal) en **Kontrafakte** (die vervanging van die oorspronklike volkseie teks of melodie met Christelike).

- **Die ontwikkeling van ‘n notasiesisteem bring positiewe en negatiewe gevolge vir die ontwikkeling van Kerkmusiek.**

A.g.v. die ingrypende veranderings het die **kloosterwese** as teenvoeter daarvoor ontstaan. In die kloosterliturgie was daar groot ruimte gemaak vir die sing van Psalms. Die ontwikkeling van ‘n **musieknotasiesisteem** deur die Benediktyne monnik Guido von Arezzo kan soos Fourie (2002:147) sê nie

“...in betekenis vir die kerklied oorskot word nie.”

Buiten dat die kerklied nou presies oorgelewer kon word in vaste vorm het dit weereens beteken dat slegs die wat hierdie nuwe musiektaal verstaan, sinvol daaraan kon deelneem. Dit het die gewone lidmaat nie veel gebaat nie. Daaroor het bv. die Stille Mis ontstaan sonder Liturgiese musiek en die priester het die Gesangtekste gesing of gebid. Musiek was maar slegs ‘n bysaak tydens die liturgie.

- ***Die Kerk spring van die een uiterste na die ander uiterste.***

Die **Roomse Kerk** wat in die Weste ontwikkel het en die veranderings wat dit vir die erediens meegebring het, beskryf Barnard (1981:240) as “**epogmakend**” en het implikasies vir beide die Roomse en Protestantse Kerke gehad. Wat die musiek betref, is besluit om **polifone en instrumentale musiek** toe te laat tydens die erediens op voorwaarde dat dit inpas by die gees van die liturgiese handelinge. Voorkeur is gegee aan die orrel as instrument en aan **Gregoriaanse sang**. Gregoriaanse sang vertoon groot ooreenkoms met die sinagogale resitatiewe sang waar die teks onberymd en onbegeleid was. Die himnes word gedurende hierdie tyd weer deur Psalms vervang en die geoefende koor tree op om hoofsaaklik die singwerk te doen. Die gemeente tree op die agtergrond en word meerendeels luisteraars. Die voertaal tydens die erediens was steeds Latyn. **Meerstemmige liedere** wat vir die medewerking van instrumente gevra het, is gedurende die daaropvolgende tyd geskryf. Maar Roomse Kerkleiers het hulle teen die gebruik van instrumente uitgespreek en daar is slegs **a capella** gesing.

Cilliers (1982:19) som die posisie van Kerkmusiek in Europa aan die begin van die sesstende eeu , as volg op:

- “(a) Baie kerke het orrels gehad.
- (b) Die hele diens (Mis) het in Latyns plaasgevind, ‘n taal wat vir die gewone lidmaat ‘n vreemde taal was
- (c) In die groter kerke en katedrale is die Mis gesange voorgedra en is eenstemmige Gregoriaanse melodieë of meerstemmige (polifoniese) verwerkings gebruik wat net deur geoefende sangers voorgedra kan word.
- (d) Die gemeente (volk) was toegelaat om op enkele plekke ‘n “Amen” of ‘n “Halleluja”. ‘n Himne of ‘n sekwens te sing. Vir die res was hulle passiewe toeskouers. Aan hierdie minimale deelname van die erediens sou die Kerkhervormers, ‘n einde maak.”

- **Die Reformasie met Luther, Zwingli, Bucer en Calvyn en andere bring nuwe verwikkelinge mee vir die musiek en sang tydens die erediens. Sang beleef ‘n hoogbloei tyd, maar musiek moet dit ontgeld. Die gemeente word aktief betrek by die diens en die Woord se rol word baie belangrik.**

### Die Reformatore het self ‘n groot bydrae gelewer tot die Kerk se liedereskat en sangbundels.

Barnard (1981:253) wys daarop dat die Reformatore die heil tydens die erediens nie alleen deur die sakramente wou bemiddel nie maar “...ook deur die **ander elemente van die erediens**, “(My kursivering en beklemtoning). Dit was opnuut ‘n tydperk van Liturgiese bloei met verandering en vernuwing. T.o.v. die musiek was daar weereens ‘n voorbehoud vir gebruik tydens die erediens.

**Luther** (1483-1546) was ‘n **liefhebber** van musiek en sang en het die waarde daarvan vir die erediens besef. Hy het veel gedoen sodat die gemeente weer kon sing en was die stimulus vir die uitbouing van ‘n enorme **Duitse Kerkliedere** skat. Drie genres kan onderskei word soos dit ontwikkel het a.g.v. sy invloed nl. berymings van Psalmgedeeltes, vertalings van Middeleeuse liedere en vrye liedere. Luther het die koor en polifone sang behou vir opvoedkundige doeleindes.

**Zwingli** (1484-1531) was volgens Barnard (1981:283) die mees musikale Reformator. Hy het self ‘n hele aantal musiekinstrumente bespeel, was met ‘n goeie stem geseen en het ook musiek gekomponeer. Maar Zwingli het **alle musiek** en sang tydens die erediens laat **verstom**. In 1526 het hy selfs gelas dat die orrel uit die Grossmünster verwyder moes word. Die rede vir hierdie drastiese siening kan volgens Barnard gevind word in Zwingli se

“... begeerte om stilte voor en rondom die Woord te skep. Niks mag die aandag daarvan afgelei het nie en die Woord moes met sy groot krag spreek.”

**Bucer** se geskrif “**Grund und Ursach**” word een van die belangrikste dokumente vir die verstaan van die liturgie van die 16e eeu. Hy neem leiding in ‘n reeks vernuwing van die erediens en gemeentesang word weer beklemtoon. Met die verskyning van die “Psalme gebett und Kirchenubung in 1526, verkry die Psalms groter aksent en i.p.v enkele verse word Psalms in die geheel gesing. Die bekende Misgesange soos die Sanctus, Benedictus en die Kyrie eleison verdwyn terwyl die Gloria plek maak vir ‘n Psalm in die liturgie.

**Calvyn** (1509-1564) het tydens sy eerste deelname aan ‘n Gereformeerde erediens die eerste keer met gemeenstesang kennis gemaak. Hy het vir

“...vyf of ses dae daarna geluister en dit het hom tot tranе beweeg.” Barnard (1981:317)

Calvyn het ‘n **Franse liedbundel** in 1539 uitgegee en dit het 5 Psalms wat hyself berym het asook 13 ander bevat. Hy het probeer om so na as moontlik aan die oorspronklike teks te bly en het eksegetiese uitwyding vermy. Die Psalms is nie Nuwe Testamenties geïnterpreteer nie. Die lofsang van Simeon, die Tien Gebooie en die Apostolicum is ook bygewerk. In 1562 publiseer Calvyn al **150 berymde Psalms** wat voorsien is van ‘n eie oorspronklike melodie wat struktureel aangesluit het by die Gregoriaanse tradisie van die Roomse Kerk. Die melodieë was deur hulle volkslied-karakter geskik om deur die gemeente gesing te word. Louis Bourgeois het die opdrag begin en Maitre Pierre het dit voltooi. Die Psalms is egter sonder begeleiding gesing.

“Juis omdat die sang gemeentesang was en die doel was om God te eer, wou hy geen musikale begeleiding gehad het nie. Daar was by hom die vrees dat dit die sang sou oorwoeker.” Barnard (1981:324)

Wat die ontwikkeling van musiek en sang in die Gereformeerde erediens in **Nederland** betref, is die **tradisie van Calvyn** gehandhaaf. Daar is uitsluitlik Psalms gesing en enkele ander Skrifliedere. Vanaf 1566 tot 1773 is die Nederlandse **Psalmberyming van Datheen** gebruik. Veel stryd het die invoer van die vrye lied in 1807 voorafgegaan. Die sang was dikwels oorgelaat aan die voorsanger en omdat die note almal ewe lank was (isometries), was die sang uitgerek. Verskeie sinodes het teen die orrel beswaar gemaak, maar die owerheid het oplaas die orrel in die kerk gehandhaaf.

### **3.3. Implikasies vir musiekbeluistering**

Volgens dié gegewens kan die volgende implikasies vir musiekbeluistering tydens die huidige Gereformeerde erediens bereken word.

- **Musiek en sang is onvervreembaar deel van die erediens en is in diens tot eer van God.** Beluistering bedoel dan ook niks meer as om die krag van musiek en sang te benut in die aanbidding van God nie.
- **Musiek en sang vorm ‘n hegte eenheid, maar kan ook geskei word van mekaar en gesamnetlik of afsonderlik tydens die erediens benut word.** Beluistering kan meer dikwels in die kombinasie van musiek en sang aangehoor word, maar met geleentheid kan slegs vokale musiek en ander kere weer selfstandige musiek gespeel word.
- **Musiek en sang mag nie vreemd wees vir die gemeente nie, maar moet binne hulle verwysingsraamwerk val.** Musiekbeluistering is ‘n langtemynbelegging in die oefening van die ore van die gemeente sodat hulle al hoe meer al hoe beter luister en al hoe meer baat by die aktiwiteit. Daar sal aanvanklik en in hoofsaak na meer bekende musiek geluister word.
- **Die kommunikatiewe aspek van musiek en sang is uiters belangrik.** Wanneer die gemeente daarna luister, word daar ‘n boodskap deur melodie en sang oorgedra. Hierdie boodskap word vertikaal en horisontaal gerig. Die siening van die Reformatore nl. dat die ander elemente van die erediens net so sterk verkondigingskarakter en heilbrengende funksie bevat, ondersteun die uitgangspunt van hierdie navorsing. Musiek en sang is ‘n kragtige kommunikasiemedium in diens van die Evangelie tydens die erediens. Sekere sake kan nie verwoord word nie, maar kan definitief verklank word en omgekeerd. Daar is plek en ruimte vir Woord en klank tydens die erediens.
- **Die gemeente moet te alle tye en in die grootste mate by die elemente van die Liturgie aktief betrokke wees.** Musiekbeluistering is nie ‘n passiewe aanhoor van die musiek nie. Dit is aktief en wil die luisteraar lei om tot beter verstaan te kom van die Teks wat die musiek as vertrekpunt of basis het. Passiwiteit binne die erediens, behoort wat elke element betref, sterk onder die regstellende vergrootglas te kom. Die erediens is dinamies en ook die musiek en sang moet lei tot groter betrokkenheid en deelname. Musiek en

sang laat reg geskied aan die dinamiese karakter van die erediens waar Woord (van God) en weerwoord (van die mens) met mekaar in gesprek kom.

Aktiewe musiekbeluistering soos voorgestel deur hierdie studie, wil alles moontlik in werking stel om ‘n betrokkenheid aan die kant van die lidmaat te bevorder.

- **Die geoefende koor kan wat musiekbeluisterng betref ook ‘n rol speel.**  
Die plek van die gemeentesang kan nie deur die koor vervang word nie, maar om deur aktiewe musiekbeluistering deur die koor se bydra ‘n seëning te ontvang blyk duidelik. Mense moet huis gehelp word om dit wat hulle hoor tydens musiekbeluistering beter te verstaan. Dit is ‘n nie onderhandelbare aspek van musiekbeluistering. Luister, verstaan en begryp met die doel om die betekenis van die musiek te verinnig in die self.
- **Daarom lewer ook die orrelis ‘n enorme bydrae tot suksesvolle gemeentesang en kan ‘n wonderlike vennoot wees in die bevordering van musiekbeluistering.** Die meeste kerke het kragtige pyp- of digitale orrels wat deur bekwame orreliste musiek vir sang en beluistering kan voorspel.
- **Die kragtige medium van musiek en sang afsonderlik en in kombinasie is slegs tot die ondersteuning van die Woord tydens die erediens.** Die noodsaak vir stilte in die mens se hart en gees om die Woord duidelik te hoor is uiters belangrik. Maar die aanname van Zwingli dat musiek die stilte sou versteur, is ongegrond indien die musiekbeluistering volgens hierdie studie se voorbehoude gedoen word. Musiek kan huis die hart binnedring en die grond gereedmaak vir die Saad van die Woord. Wat Zwingli met stilte wou bereik, is ook moontlik met die regte musiekbeluistering. Interessant dat musiek nie alleen georganiseerde klank nie, maar ook stiltes bevat. Musiekbeluistering kan die hart tot bedaring bring en stil maak sodat die woord van God in al sy klarheid helder klink.

### **3.4. ‘n Gereformeerde Musiek-geskiedkundige oorsig met die fokus op Kerkmusiek**

Die bydrae van die musiekgeskiedenis lewer baie interessante perspektiewe wat om verstaanbare redes nie altyd in die Kerkgeskiedenis resoneer nie. Die Musiekgeskiedenis begin by die **Middeleeue** en bespreek dan die ander periodes soos gewoonlik binne hierdie vakgebied onderskei. Dit sluit wat die Kerkmusiek betref die **Middeleeue, Renaissance, Barok, Klassieke, Romantiese en Moderne periodes** in.

Dieselde formaat word gebruik as wat by die beskrywing van die Liturgiese geskiedenis gedoen is, naamlik ‘n gevolgtrekking wat o.g.v. die navorsing gemaak word, word met die stawing van die feite begrond.

- **Kerkmusiek gedurende die Middeleeue word gekenmerk deur die eenstemmige koraalgesang (plainsong).**

Die koraalgesang het deur vele prosesse van byvoeging en verwerking gegaan. **Sewe stadiums** kan volgens Ratner (1977:63-64) onderskei word.

#### **Eenstemmige koraalgesang** – (vanaf die vroeë Christelike Kerk)

“Plainsong is a means for intensifying and elevating the mood and meaning of a sacred text.” Ratner (1977:53)

Wat Kerkmusiek betref, beteken “sacred text” natuurlik die **Heilige Woord** wat as bron gebruik word. Pragtige voorbeeld is Miserere Mei (Lord, have mercy upon me), Vidimus Stellam (We have seen the star), Victimae Paschali (The Paschal Victim), en Laus Deo Patri (Praise God the Father).

#### **Parallelle organum** – (voor 1000 n.C)

Voor 1000 n.C. het dit gebeur dat ‘n tweede stem by die koraalsang gevoeg is. Dit was die geboorte van **polifoniese (meerstemmige) sang** en het die Westerse musiekwêreld verander. Die eenstemmige koraalmelodie is die cantus firmus (vaste

melodie) terwyl die tweede stem organum genoem is (organiseer die polofonie). By parallelle organum beweeg die twee stemme parallel en gee dit volheid van klank en ‘n swaarder gevoel in die beweging van die melodie.

### **Vrye organum** – (ongeveer 1100 n.C)

Tydens hierdie ontwikkeling het **die tweede stem** van die cantus firmus weggebreek en ‘n eie melodiese lyn gevvolg wat harmonie tot die melodiese lyn voeg.

### **Melismatiese organum** – (1100 – 1150 n.C)

‘n Drastiese verandering vind plaas. Die **cantus firmus** word met lang note gesing terwyl die tweede stem met kunstige verwerkings ‘n eie “vlug” neem (genoem melisma). Hierdie was eintlik ‘n kunslied bedoel vir geoefende sangers.

### **Afgemete organum** – (1200 n.C)

‘n Ander wending kom toe die tweede stem vasgepen word in ‘n **vaste metrum**. Ritmiese patronen (drietyd) het stadigaan begin ontwikkel.

### **Die Motet** – (na 1200 n.C)

‘n Voorloper van die Ars Nova era is die Motet. Die Motet is ‘n musikale komposisie gebaseer op afgemete organum waar een of meer van die boonste stemme woorde (mots) bevat. Die Motet is ‘n Latynse Kerkmusiek komposisie. Josquin du Prez se Ave Maria is die bekende voorbeeld.

### **Ars Nova** (Nuwe kuns – so genoem na die titel van ‘n traktaat van Phippe de Vitry) (na 1300 n.C)

Een van die groot veranderinge om ‘n nuwe styl (Ars Nova) te skep, het weereens gekom deur die verandering van die metrum na ‘n **tweetyd**. Soms is die twee- en drietyd afwisselend binne een komposisie gebruik. Die Agnus Dei (Lam van God) van Guillaune de Machaut is ‘n goeie voorbeeld van die Ars Nova era.

- **Die ekspressiewe karakter van musiek word sterker ontwikkel tydens die Renaissance.**

In die Renaissance tydperk het ingrypende vernuwings gedurende die vyftiende en sestiende eeu plaasgevind. ‘n Saak wat hierdie navorsing raak, is die ontwikkeling van die **ekspressiewe karakter** van die Renaissance musiek. Die musiek het die vermoë gehad om baie verskillende en gevarieerde gevoels- en betekenisskakerings te onderskei. Volgens Ratner (1977:74,76,77) is die volgende tegnieke gebruik om deur die musiek die woorde, gevoelens en gebare wat in ‘n teks voorkom, te verklank.

### **Modus**

‘n Modus met **mineur derdes** is gebruik vir tragiese, en baie ernstige tekste, terwyl ‘n modus met **majeur derdes** (veral die Ioniese modus) vir ligter en lewendiger tekste gekies is.

### **Vorm**

Wanneer die musiek **stadig en met terughouding** geskryf is, was dit om meer ernstige tekste te illustreer. **Aktiewe en ligter beweging** in die musiek is aan die ander kant gebruik vir tekste wat nie sulke “swaar” onderwerpe beskryf nie. Soms het die musiek die teks amper woord vir woord gevolg en is dit **“pictorialism” of “word-painting”** genoem. Die musiek het letterlik elke aspek van die teks musikaal probeer raakvat. Lassus se Motet “Tristis” (vertel die hartseer wat Jesus beleef het tydens die gebeure wat geleid het tot Sy kruisiging) is ‘n uitstekende voorbeeld van die kenmerkende Renaissance komposisie.

- **Renaissance Kerkmusiek (1400-1600) is hoofsaaklik as vokale musiek aan ons bekend.**

Ratner (1977:77) verklaar dit

“From the Middle Ages through most of the eighteenth century, vocal music enjoyed a superiority over instrumental music in the degree of importance and dignity assigned to it in the minds of musicians and philosophers. This superior rank came about for the following reasons: (1) The human voice was considered the ideal musical instrument, being a *natural* instrument, not a *mechanical* one, and capable of expressing the feelings directly; (2) sacred music, especially plainsong, was the musical counterpart of a sacred text, representing the word of God or interpreting it, therefore representing the *spiritual*, the higher side of man (instrumental music, being mechanical, represented the *physical*, the lower side of man). Thus, for both expressive and moral reasons, vocal music ranked higher in the earlier eras of Western music. Later, beginning in the eighteen century, as man’s view of the world became much more secular and as musical instruments were developed to a very high point of effectiveness, instrumental music pulled even with vocal in rank of importance.”

- **Gedurende die vyftiende eeu het die Mis in die Roomse Kerk ‘n vaste struktuur gekry met vyf verskillende dele.**

Kyrie eleison (Lord, have mercy)

Gloria (Glory be to God)

Credo (I believe in One God)

Sanctus (Holy)

Agnus Dei (Lamb of God)

- **Nuwe werke het a.g.v. die Protestantse Reformasie en die Roomse Kontra-Reformasie ontstaan. Komposisies is verwerk, uitgebrei en verander.**

Dit is **Parodie** genoem. Palestrina se Mis Veni sponsa Christi (Come, Bride of Christ) is ‘n voorbeeld van ‘n Parodie. Lassus en Palestrina se werke gekomponeer is in die gees van die Kontra – Reformasie.

Die **Koraal** was weer ‘n produk van die Protestantse Reformasie. Dit was ‘n inheemse musiekgenre van Duitsland in die sestiente eeu. Korale is met akkoorde verwerk of in kontrapunt geskryf. Lucas Osiander se Eine feste Burg ist unser Gott (A mighty fortress is our God, a good shield and sword) is geskryf met akkoorde.

- **Gedurende die sewentiede en agtiende eeu (Barok tydperk) was Kerkmusiek die genre wat meestal deur alle mense gehoor is.**

Dit sluit Katolieke, Protestante, arm, ryk, aristokrate, gepeupel en enige ander verdeling in. Volgens Ratner (1977:105) het die **Katolieke** Sondae die Mis, Motet en ander Italiaanse werk gehoor, terwyl die **Protestante** Kantates, Korale en Gesange in hul moedertaal gehoor het.

Wat die Mis betref, is die “Crucifixus” en ‘Et Resurrexit” uiteenlopende pole van die ontwikkeling van musiek tydens die Baroktydperk. Eersgenoemde komposisie is in die “stylus gravis” (ernstige styl) en die tweede komposisie in die “stylus luxurians” (luukse, briljante styl) gekomponeer.

- **Die Protestantse tradisie het vir drie nuwe genres gesorg: die Koraal, Kantate en Oratorium.**

### **Koraalmusiek**

Soos vroeër gemeld, was korale **eenvoudige melodieë** wat gebaseer is op ‘n heilige teks.

“They represented musically the Word of God” Ratner (1977:105)

Die Koraal, wat sy ontstaan gedurende die Renaissance gehad het, het baie veranderings gedurende die Baroktyd ondergaan. Vir die erediens was die volgende van belang:

- \*\* ‘n Gemeente kon **unison saamsing** op die eenvoudige melodie
- \*\* Die Koraal kon **geharmoniseer** word en met verskillende stemme gesing word
- \*\* Die stemme kon op die **orrel** voorgespeel word
- \*\* Uitbreidings kon gemaak word sodat dit geskik was vir **solo orrelspel**.  
Bekende vorms soos die “Corale Prelude”, “Chorale Fantasia” en die “Chorale Variation” ontstaan.

## **Kantate**

Kantate beteken ‘n stuk wat **gesing** word. Binne die Baroktyd beteken dit ‘n vokale stuk wat op een of ander wyse musikaal begelei is en in verskillende kontrasterende dele gekomponeer is. Ongeveer 200 van Bach se 300 Kantates het behoue gebly. Die Kantate vertel ‘n **storie** of ontwikkel ‘n idee. Die voorbeeld “Christ lag in Todesbanden” is ‘n werk in sewe dele en vertel die stryd van Christus met die dood en Sy uiteindelike oorwinning. Ratner (1977:106) se kommentaar hierop is:

“For the congregation on Easter Sunday, this cantata must have been something ..., matching in impact any message that a sermon might deliver.”

## **Oratorium**

Die Oratorium was die **Kerk se antwoord op die Opera**. Beide vorms ontwikkel in Italië gedurende die sewentiende eeu.

“In the oratorio a sacred story is told in dramatic fashion, with recitatives, arias, duets (perhaps trios), and elaborate choral pieces. In this sense, the oratorio was an extended cantata.” Ratner (1977:106)

**Handel se “Messias”** is seker een van die mees bekende Oratoriums. Ratner (1977:106) beskryf dit as ‘n

“...treasurehouse of musical riches and a compendium of baroque techniques of composition.”

So ook is **Bach se werk “Die Passie”** ‘n baie spesiale Oratorium. Die offer van Christus word in kwasi – dramatiese vorm gegiet.

- **Wat musiekinstrumente betref, was die agtiende eeu ‘n tyd waarin nuwe instrumente ontwikkel is en nuwe toonkleur ontstaan wat die musiek se “klank” verander.**

Die **klavier** se ontwikkeling was in die proses van verfyning, en instrumente soos die **viool** familie en sekere **fluite** soos die oboe is voorbeeld van nuwe instrumente wat ontwerp is.

- **Soos in vorige musikale tydperke gesien, gebruik nuwe komponiste dikwels ou genres en met aanpassing en verwerking ontstaan nuwe vorms. Die Klassieke tydperk toon dieselfde tendens.**

Wat die Koraalmusiek betref, is **Haydn se Oratorium** “The Creation” een van die toonvensters van musiek tydens die Klassieke tydperk.

“It offers something for every listener – broadly scaled, skilfully turned Fugues, lyric songs, picturesque word-painting, massive choral pieces, and a wide range of moods.” Ratner (1977:151)

Dié Oratorium is in **drie dele** geskryf en vertel van die **skepping** van die wêreld, van plante en diere en van die mens self.

“In representing Chaos at first, Haydn wrote one of the most remarkable orchestral pieces of all time, unparalleled in eighteenth-century music for its effects of orchestration. Its shifting harmonies, and its juxtaposition of elusive figures.” Ratner (1977:151)

Om die voltooiing van die eerste stadium van die skepping te vier, het Haydn die roerende Koraal “The Heavans are Telling” geskryf. Grootseid in eenvoud kontrasteer met die vroeëre chaos.

“minor versus major key; fragmentary figures versus a beautiful, simple, and thoroughly singable melody; irregular phrase structure versus a comfortable pleasing symmetry; kaleidoscopic, elusive shifts of color versus a bright uncomplicated quality of sound that seems to rejoice in the climate of C major, a key associated at that time with clarity of feeling, joy and triumph.” Ratner (1977:151– 52)

Haydn se gebruik van woordskildering (pictorialism) kan gehoor word in die musiek met die beskrywing van die skepping van die see, berge, strome; van diere – die arend, lewerik, duif, nagtegaal, leeu, tier, takbok, ros, bees en wurm.

Ander voorbeeld van Klassieke werke in Koraalmusiek kan gehoor word in **Mozart** se “Regina Coeli” (Queen of Heaven) K.108; **Haydn** se Mis in D mineur “Dona nobis pacem” (Give us peace) en **Beethoven** se Missa solemnis Op.123 “Dona nobis pacem”.

- **Gedurende die Romantiese tydperk (1815-1914) was daar ‘n teruggrype na die tyd van die Renaissance en die styl van Palestrina.**

Die volgende komposisies is voorbeeld van o.a die antikwariese styl (**Bruckner** se Mis in E mineur van 1866 “Kyrie”); die grootse styl (grandiose) van **Berlioz** se Requiem “Dies Irae” van 1857 en die intieme lied van **Brahms** “Liebeslieder Waltzes Op.52 van 1896.

### 3.5. Implikasies vir musiekbeluistering

- **Dit is duidelik dat die gesonge lied baie sterk gefigureer het . Daarmee sal rekening gehou word tydens musiekbeluistering. Pragtige instrumentale en vokale werke is beskikbaar.**
- **Die duidelike ontwikkeling van die twee rigtings in Kerkmusiek nl. die Roomse en Protestantse het twee strome van verskillende musiekstyle tot gevolg gehad.** Wat die Roomse Mis en Motet betref, is daar baie ontginningswerk wat gedoen kan word om credo-gekeurde komposisies ook vir die moderne Gereformeerde erediens te vind. Die waarde van die Gereformeerde Koraal, Kantate en Oratorium kan nie vir een oomblik oorskot of oorbeklemtoon word nie. Ons het die musiek – maar te min beluisteringstyd tydens die erediens om selfs ‘n klein gedeelte daarvan te ontdek, te beleef en daardeur verryk te word. Die Oratorium lewer baie interessante moontlikhede vir musiekbeluistering. Dit is veral die beskrywende aard daarvan wat dit uiters geskik maak vir die erediens. Met die nodige informasie en leiding deur die predikant kan die luisteraars baie geestelike seëninge daaruit put.

### **3.6. Samevatting**

Deur die loop van die eeu het baie mense een of ander bydrae gelewer tot ‘n skat van Kerkmusiek. Baie daarvan is vandag beskikbaar in kompakskyf formaat. Met die druk van ‘n knoppie kan die ou komposisies hulle “towerkrag” in die moderne erediens verrig. Die towerkrag van die Woord.

## **HOOFSTUK 4: KRITERIA VIR MUSIEKBELUISTERING TYDENS DIE EREDIENS**

### **4.1. Inleiding**

**Vraag 2** kom aan die orde in hierdie hoofstuk. Die vraag lui: **Watter kriteria kan vir musiekbeluistering tydens die erediens gestel word?**

Predikante mag vra na **kriteria** waaraan beluistering behoort te voldoen vir gebruik tydens die erediens. Die Gereformeerde erediens het immers nog altyd grense gehad waarbinne die predikant met ‘n sekere mate van vryheid kreatief kon beplan vir ‘n verrykende erediens. Wanneer musiekbeluistering aanbeveel word vir gebruik binne die erediens moet ons sekerlik vra watter vereistes gestel kan word.

Twee aspekte kom na vore.

- **Eerstens:** Beantwoord die handeling van musiek-beluistering aan die vereistes van die erediens ?

- **Tweedens:** Watter musiek is bruikbaar binne die erediens ?

Schuman stel dat daar in die algemeen wat musiek betref daar nie ‘n kategorie van onaanvaarbare musiek is nie – selfs nie wat populêre musiek betref nie. Daar is wel in elke musiekstyl **beter en swakker** voorbeeld. Daarom sê hy:

“To honor all kinds of music without false claims of illogical comparisons is to enjoy as our nature dictate the varying appeals of diverse efforts. (Copland:xv).

Wat die **erediens** betref, is dit egter nie van toepassing nie, want die erediens is die spesiale byeenkoms van gelowiges om die Here te ontmoet deur Sy Woord en Gees. Daarom kan alle musiek nie aan te beveel wees nie, al is alle musiek daar vir ons genot en waardering. Sekere musiek sal nie inpas in die gees en aard van die erediens nie. Soos die Handboek vir die erediens (1988:2) dit stel:

“Elke erediens moet inderdaad ‘n ontmoeting wees tussen die gemeente en sy Here, waar die erediens verloop as ‘n groot gesprek en waarin die heil van God bemiddel word en deur die gemeente beleef word. Naas die verkondiging en lering moet daar ook viering en aanbidding wees.”

Die erediens vereis ‘n **besondere tipe musiek**. Wat die sang betref is dit reeds vasgestel en vind ons die liedere wat goedgekeur is soos dit opgeneem is in die nuwe Liedboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Soos Müller (1990:42) bevind het, is dit ‘n **moeilike** taak om liedere te keur vir erediensgebruik. Dit is nie maklik om sondermeer kriteria vas te stel nie. Wat hierdie navorsing betref, is dit eweneens ‘n uiters moeilike taak om kriteria te vind waaraan beluistering behoort te voldoen. Die besluite van die Algemene Sinode van die Ned.Geref.Kerk oor die vereistes vir musiek en sang in die erediens word as raamwerk gebruik.

Die leser word na Hoofstuk 3 verwys vir die bespreking van die ontwikkeling van die Gereformeerde Kerklied soos dit veral die musiekaspek raak. Die kriteria vir musiekbeluistering en die tipe beluisteringsmateriaal word gesamentlik hanteer omdat dit ineengevleg is.

#### **4.2. Beluistering as gepaste handeling tydens die erediens en die keuse van musiekmateriaal**

Deiss (1996:127) stel die eis van **funksionaliteit**.

“ It must be functional, that is, it must fulfil its own ministerial function. “

Schelling sê weer op sy beurt dat die **kwaliteit** van die Kerkmusiek belangrik is.

“...goede muziek – goed uitgevoerd”

In die **Handboek vir die Erediens** van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1988) word o.a. **kriteria** gegee waaraan musiek en sang tydens die erediens moet voldoen. Maar eintlik is dit net sang wat onder die loep geneem word. Die huiwering deur die eue om musiek sy regmatige plek te gee, vind ook neerslag in hierdie aanbevelings.

Wat die sang betref word ook slegs kriteria gestel vir koor en ander nie-gemeentelike sang. Dit moet vasgestel word of van hierdie kriteria ook op musiek vir musiekbeluisterings doeleindes betrekking kan hê. Slegs die aspekte van belang word uitgelig:

##### **Die musiek moet ‘n liturgiese dienende funksie vervul.**

Musiek het ‘n eie, besondere **funksie en taak** tydens die erediens. Die leser word verwys na Hoofstuk 2 van die navorsing vir ‘n breedvoerige bespreking daarvan. Hiervolgens beantwoord musiekbeluistering aan die vereiste om die liturgie te dien. Dit is juis die dienskarakter van die musiek as beluisterings-aktiwiteit wat telkens in die studie beklemtoon word. Die leser word herinner dat die musiek die boodskap van die Woord dien. Daarom moet dit op ‘n vaste basis sy plek inneem in die erediens. Daarmee word bedoel dat dit gereeld gebruik moet word.

Dit beteken nie dat ‘n spesifieke plek in die orde daaraan toegeken gaan word nie, maar dat dit enige plek ‘n dienende funksie kan vervul. Die diakonia wat die musiek

in die gemeente verrig, is ‘n charismatiese dienswerk.

### **Die aard en karakter van die erediens bepaal die musiek**

Volgens die Handboek vir die Erediens (1988:38) is ‘n **egte erediens** draer van sekere kenmerke. Musiek as beluistering kan sonder om dit te forseer ‘n beduidende rol speel om die egte erediens te komplimenteer. Musiekbeluistering pas in by die aard en karakter van die diens.

Die kenmerke van ‘n egte erediens word kortliks toegelig met die moontlikheid om musiek en die handeling van musiekbeluistering daarmee te verbind.

Die erediens is:

- **Die samekoms van die gemeente om sy Here in die openbaar te dien.**

Te dien met sang en musiek. En soos reeds aangetoon in hierdie studie ook deur die benutting van aktiewe musiekbeluistering.

- **Hierdie samekoms lei tot die ontmoeting tussen Christus en sy gemeente.**

Hierdie ontmoeting vind plaas met die Heilige God wat woon waar die lofsange van Israel weerlink (Psalm 22:4). Die doel van musiekbeluistering is die eer en lof van God.

- **Die byeenkoms verloop in die vorm van ‘n gesprek tussen Christus en sy gemeente, dit wil sê daar is woord en weerwoord.**

Die Gereformeerde erediens word getipeer as ‘n gesprek tussen God en mens. Dit is die verwisseling van Woord en antwoord. Hierdie W(w)oordwisseling rus op die handelinge van God en mens. God se handelinge bepaal die mens s’n en God se woord bepaal die woord van die mens. Maar by God is Woord en Handeling

een. Die Woord wat Hy spreek, is tegelyk daad en die daad kom tot verwerkliking deur Sy Woord. (Barnard, 1981:395).

Die dialoog verloop egter eerstens op **vertikale vlak** tussen God en mens. God is die Primêre en Sy Woord is bepalend vir die antwoord van die mens. Barnard (1981:395) beskryf die wese en opbou van die erediens as ‘n beweging van twee S(s)ubjekte op die front tussen twee wêrelde.

“ Die wese en opbou van die erediens verteenwoordig ‘n tweevoudige beweging in die gees en gemoed van die aanbidders. Daar is die alternatiewe beweging van God na die mens en van die mens na God. God roep en die mens antwoord; die mens roep en God antwoord. Ons kan ook sê die erediens is ‘n gebeure met twee subjekte: die Groot Subjek, God, wat met ons handel, wat na ons neerbuig, en aan ons sy heil skenk; en die klein subjek, die mens, wat in

antwoord teenoor God handel, wat sy heil ontvang met dank. Op ‘n ander wyse kan gesê word die erediens staan op die front tussen twee wêrelde en dat daar ‘n verkeer oor die twee fronte plaasvind; God se wêreld en ons wêreld. Die ware dialoog, die tussen die Here en sy gemeente, is egter ‘n diepgeestelike werklikheid, wat die hele bestaan van die mens omvat, maar nie so direk bemerk word nie.”

Aktiewe musiekbeluistering vervul dié dialogiese funksie omdat musiek **kommunikatief en dialogies** in wese is. Musiek is ook nog boonop ‘n medium waarlangs die dialoog sinvol kan plaasvind. Die musiek bied die pad waarlangs God se Woord tot in die hart van die mens kom vassteek en waarop die mens kan reageer op gepaste wyse. Musiekbeluistering bring die twee S(s)ubjekte in direkte, intieme kontak met mekaar. Omdat musiek se krag so groot is, kan die Groot Subjek met sy klein dienaars ongehinderd besig wees.

Aktiewe luister bring die twee wêrelde **nader** aan mekaar sodat die Woord van God sy brug kan slaan en die mens tot Hom kan nader.

Kloppers (2000:84) ondersteun die kommunikatiewe funksie van musiek:

“ Teks, beeld, kuns, musiek en stilte vorm ‘n “dubbelverkondiging” deur ‘n

verskeidenheid moontlikhede van uitdrukking en ervaring. Met die herontdekking van die terapeutiese en simboliese dimensie van musiek is weer die kommunikatiewe handelingsfunksie van musiek in die erediens ontsluit.”

- **In en deur die gesprek word die gawes van Christus uitgedeel en dit op verskillende maniere.**

Geestelike **seën** word verkry deur die beluistering van musiek. Dit is reeds vroeër vermeld dat musiek ‘n charismatiese gawe is. Ook deur die musiek word die wat daarna luister op verskillende wyses geseen. Die leser word terugverwys na Hoofstuk 2.4. waar die verskillende reaksies van die luisteraars bespreek is. Vir elkeen sal die musiek op ‘n ander wyse tot opbou, verryking, troos en onderskraging wees.

- **Die gemeente neem deel aan die hele gebeure. Hierdie deelname is in die eerste plek gesamentlik – korporatief en deelname geskied onder leiding van die besondere ampte.**

Musiekbeluistering word **korporatief toegepas en individueel ervaar**. Die predikant neem besondere verantwoordelikheid vir die beplanning en leiding van die beluistering en bedien dit aan die gemeente in die geheel. Die gemeente word betrek in musiekbeluistering en almal is aktief deel daarvan.

- **In alles neem die Bybel die sentrale plek.**

“Sola Scriptura” word onveranderd gehandhaaf. (Die leser word verwys na Hoofstuk 1). Musiekbeluistering is die ondersteuning van die Tekswoord.

- **Die gesonge gebed is belangrik.**

Eweneens die musiek wat dit begelei en waarna met aandag geluister word.

- **Die erediens is tot voeding en oefening van die gemeente in lewe, opbou, groei, diens en getuienis.**

Deur die beluistering word dit waar ! Sien Hoofstuk 2.3.

- **Die spits van alles is die eer van God**

**Daarop antwoord ons AMEN !** Mag musiekbeluistering dienstig wees aan hierdie alles oorheersende behoefte van die liturgie.

**Die musiek moet theologies en musikaal inpas en aanpas by die eiendomlike erediens opset van die Kerk**

Müller (1990) sê:

“Kerksang en musiek is nie net ‘n soio-kulturele uitdrukking nie, maar bowenal ‘n belydenisuitdrukking. Die kerklied is die kerk se gesonge belydenis, daarom is die theologiese inhoud van ‘n lied van deurslaggewende belang. ‘n Kerk kan moeilik iets beter doen om sy belydenis uit te bou en mense daarvoor in te skerp, as om entoesiastiese sang wat in ooreenstemming is met sy belydenis, te bevorder.”

**Musiek moet onvervreembaar ingebou word in die liturgie en daarom kan ‘n vaste plek in die diensorde nie daarvoor gereserveer word nie**

Musiek is so deel van die erediens soos die erkenning dat God teenwoordig is.

**Musiek is nie ‘n vuller vir leë momente tydens die diens nie**

Tydens die probleemstelling in Hoofstuk 1.2. is reeds daarop gewys dat dit nie die doel van musiek tydens die erediens behoort te wees nie. Veral nie musiekbeluistering nie.

### **Musiek is nie ‘n konsertagtige tipe uitvoering in die diens nie**

Miskien moet die verskil tussen musiekbeluistering en musiekwaardering hier weer beklemtoon word soos beskryf in Hoofstuk 2.2. Selfs ‘n musiekuitvoering in ‘n konsertsaal kan slegs waardeer word indien die luisteraars nie aktief daarna luister nie. Albei konsepte is belangrik. Eerstens tydens die erediens die begrypende luister na die boodskap van die musiek en tweedens die waardering van die pragtige musiek.

### **Musikante se bydrae in ‘n gemeente word waardeer en aangemoedig**

Charismatiese gawes. Die bydra van musiek deur lewende uitvoerings of opnames moet op gelyke voet geplaas word met enige ander bediening ook binne die erediens.

### **Die eer van God en geestelike uitbou van die gemeente is hoogste prioriteit**

Hierdie vereiste word vanaf bladsy 1 van hierdie studie onderskryf.

#### **4.3. Samevatting**

Slegs musiek en sang wat aan die Kerk se vereistes beantwoord kan toegelaat word tydens die erediens. Musiek moet voldoen aan die vereistes van ‘n egte erediens en verder aan die besondere eise wat aan sang en musiek tydens die erediens deur die Kerk gestel word.

Wat die **handeling** van musiekbeluistering betref, is dit in volle ondersteuning van die kerk se kriteria. Daarom kan dit met groot vrymoedigheid aanbeveel word vir gebruik tydens die erediens.

**HOOFSTUK 5: MUSIEKBELUISTERING AS DIE VERNUWING EN**  
**VERRYKING VAN DIE EREDIENS VAN DIE**  
**NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK**

**5.1. Inleiding**

Die volgende aanhaling bevestig die Kerk se **voorneme** om altyd nuut te dink oor die inrigting van die erediens:

“Soos die kerk glo, so aanbid hy ook, so word sy eredienste ingerig. Die kerk is egter ‘n lewende organisme wat sy lewende Here dien en aanbid in die erediens, daarom kan en mag die erediens nooit stagneer nie, maar moet dit altyd sprankelend en nuut bly. Daarom mag die besinning oor die wese en aard van die erediens en die sinvolle inrigting daarvan nie ophou nie.” Handboek vir die Erediens (1988:1)

Prof.Barnard (1981:19) noem die ononderbroke stroom van vernuwingspogings van die erediens ‘n “*vernuwingsrewolusie*”. Hy stel dit so:

“Ons kan dit nie anders noem as ‘n rewolusie nie. Ons bevind ons in ‘n storm van opvatting en veranderings waar alles vloeibaar geword het en waar die erediens en die inrigting daarvan op drif geraak het.”

Die **liturgiese beweging** wat veral na die Tweede wêreldoorlog geleidelik toegeneem het in krag, het in o.a. in Frankryk, Switserland, Duitsland, Engeland en Nederland die erediens onherroeplik verander. Barnard (22) wys op die verdienstelikheid daarvan soos A.F.N. Lekkerkerker dit saamgevat het.

“...dit wek nuwe belangstelling en liefde vir die wese en vormgewing van die erediens; dit stimuleer die studie van die bronne; dit rig ons aandag op die eis van orde en skoonheid in die erediens; dit gee die smaak terug vir die ou formuliere en gebede en gee ‘n verlange na die taal van ons tyd; *dit bevorder en herontdek die wese en plek van die kerkmusiek*; dit lê klem op die aanbidding van God in die erediens; dit gee groter aandag aan die nagmaal.” (My kursivering en beklemtning)

Ook die eredienste van die **Ned. Geref.Kerk** in Suid-Afrika het die vernuwing beleef en deel in die voor- maar ook in die nadele. Met hierdie studie oor musiekbeluistering word daar gepoog om ‘n positief verrykende bydrae te lewer tot die kerkmusiek. Musiekbeluistering kan met die bestaande orde van die erediens geïntegreer word en dit kan verrykend en vernuwend wees sodat die kerkganger daardeur geestelik verdiep en verryk sal weggaan.

Lekkerkerker se **beswaar** volgens Barnard (1981:22)

“daar word onkrities gebruik gemaak van allerlei gebruiken ... wat die karakter van die Gereformeerde erediens kan verander”

is deels die bekommernis en probleem waarvan hierdie studie se kernvraag reeds geformuleer is. Die feit dat daar onkrities gebruik gemaak word van allerlei musiekaktiwiteite in die N.G.Kerk erediens is maar slegs een die gevolge van die vernuwingrewolusie van die erediens.

Vraag 3 van die probleemstelling kom aan die orde: **Hoe kan musiekbeluistering met die huidige Liturgie geïntegreer word ?** In dié Hoofstuk sal daar gekyk word na die bestaande orde van die erediens en die moontlikhede om daarbinne ruimte te

vind vir vernuwing en verryking betreffende musiekbeluistering.

Dit moet baie duidelik gestel word dat hierdie studie nie ‘n nuwe element tot die bestaande orde wil voorstel nie. **Musiekbeluistering kan bloot geïntegreer word met die huidige liturgiese elemente.** Die wyse waarop dit gedoen kan word, sal hier verduidelik word. Vernuwing en verryking impliseer dus nie grootskaalse verandering nie, maar wel die gebruik van musiekbeluistering as opsie tydens enige van die bestaande elemente van die erediens. So word elke element verryk en daardeur word God geëer.

## **5.2. Die bestaande Liturgiese orde as basis en vertrekpunt**

Die volgende vertrekpunt vorm die basis van hierdie Hoofstuk se beredenering:

- Die bestaande liturgiese orde van die Kerk word **onveranderd gehandhaaf** en die orde soos in die Handboek vir die Erediens (1988) opgeneem is, word nie bevraagteken of geëvalueer t.o.v. die vorm en elemente nie.
- Musiekbeluistering word nie as ‘n element van die Liturgie gereken nie, maar as ‘n werktuig om die verskillende funksies van die bestaande elemente te ondersteun. Musiekbeluistering is ‘n **dienskneg** van die orde.
- Musiekbeluistering kan kreatief-skeppend geïntegreer word met die bestaande orde omdat dit **onvervreembaar** ingebou behoort te word in die liturgie. Daarom kan ‘n vaste plek in die diensorde nie daarvoor gereserveer word nie. Musiek behoort die hele erediens in al sy elemente te dien.

In die Handboek vir die Erediens (1988:9-10) word die **orde vir die volledige erediens** aangegee. Vanaf bladsy 11-14 word vier moontlikhede voorgehou vir die oggenderediens met insluiting van die nagmaal en vanaf bladsy 15-18 word die orde van die oggenderediens sonder viering van die nagmaal aangegee. Die aanddiens se orde word op bladsy 19 aangedui. Hierdie verskillende opsies beklemtoon die

soepelheid waarbinne orde en vastigheid sowel as variasie en vryheid binne die orde moontlik is.

Dit is nie die doel om hier die verskillende opsies soos voorgehou te bespreek en te oorweeg nie. Die aandag word bepaal by die voorgestelde orde en om daarbinne te soek na geleenthede vir die aanbieding van musiekbeluistering. Die volledige diens bevat die volgende elemente en word direk aangehaal:

1. **Votum**
2. **Seëngroet**
3. **Lofsang**
4. **Voorlesing van die Tien Gebooie/Wet**
5. **Verootmoediging en skuldbelydenis**
6. **Genadeverkondiging en vryspraak**
7. **Geloofsbeloof\***
8. **Sang**

Soms kan 4 – 8 met 4 – 8a hieronder afgewissel word:

4. Voorlesing van Skrifgedeelte(s) wat wys op sonde en skuld
  5. Verootmoediging en skuldbelydenis
  6. Genadeverkondiging en soms retensie
  7. Geloofsbeloof
  8. Voorlesing van die Tien Gebooie/ Wet as reël van dankbaarheid
  - 8a Sang
- 
9. **Gebed om die opening van die Woord/epiklese**
  10. **Skriflesing**
  11. **Preek\*\***

Soms kan 9–11 met 9-11a hieronder afgewissel word:

9. Skriflesing
  10. Gebed om die opening van die Woord/epiklese
  11. Lied
  - 11a Preek
- 
12. **Danksegging, aanbidding en voorbidding**
  13. **Geloofsbeloof**

- 14. Opneem van die offergawe**
- 15. Sang**
- 16. Seën**

By ‘n nagmaalsdiens word 12-16 met die volgende vervang:

- 12. Sang (opsioneel)
- 13. Lees van die nagmaalsformulier
- 14. Sang (opsioneel terwyl die tafel gereed gemaak word)
- 15. Geloofsbelijdenis
- 16. Gebed om seën by die nagmaal

- 17. Bediening en kommunie**
- 18. Lofprysing**
- 19. Danksegging**
- 20. Offergawes**
- 21. Sang**
- 22. Seën**

\*Die korrekte plek van die geloofsbelijdenis is na die preek waar dit as antwoord van die gemeente funksioneer. Dit mag egter ook op ander plekke geplaas word soos aangedui.

\*\*Soms kan na die preek ook geleentheid gegee word vir die stel van vrae en bespreking.

Dr. Hetta Potgieter (2003) het reeds tydens ‘n lesing oor Sang en Musiek in die Erediens uitnemend getoon dat musiekbeluistering met die grootste gemak geïntegreer kan word met die elemente van die erediens. Sy gebruik as voorbeeld die volgende elemente:

1. Toetrede en aanroeping
2. Lofprysing
3. Skuldbelydenis
4. Credo
5. Prediking
6. Gebed
7. Wegsending

Hiermee illustreer sy die beginsel van integrasie. Bestaande elemente word verryk deur middel van musiekbeluistering. Sy gee uitstekende voorbeeld van kort Luistergidse en -vraelyste wat telkens tydens die aktiwiteit gebruik kan word. Die leser word verwys na Hoofstuk 8 van hierdie navorsing vir ‘n volledige bespreking van luisterhulpmiddels en hul gebruik tydens die erediens.

Musiek moet **onvervreembaar** ingebou word in die liturgie en daarom kan ‘n vaste plek in die diensorde nie daarvoor gereserveer word nie. Dr. Potgieter integreer verskillende musiekstyle en selfs ook werke vanuit ander tradisies. So word musiekbeluistering in die erediens ‘n prakties uitvoerbare werklikheid. Dit word beklemtoon dat hierdie voorbeeld bedoel was om aan Teologiese studente die rol van sang en musiek in die erediens te toon. Die primêre bedoeling was nie om musiekbeluistering te bespreek nie. Niteenstaande dié feit, kan dit tog help om predikante ‘n idee te laat vorm hoe musiekbeluistering wel geïntegreer kan word met die bestaande Liturgiese orde en hoe dit toegepas word.

Schelling (1986:83) wys op die volgende aspekte en alhoewel dit nie elemente van die liturgie is nie, is dit tog so daarmee vervleg dat musiekbeluistering ook hier ‘n dienende funksie kan vervul:

“Het preludium: het spel vòòr de dienst. Het offertorium: het spel tijdens de inzameling van de gaven.  
.Als ‘achtergrondmuziek’ tijdens de communie.”

Dit is dus duidelik dat musiekbeluistering binne die orde en met inagneming van al die vereistes geïntegreer kan word, sodat die lidmate ‘n heeltemal nuwe en verrykende ervaring deelagtig word.

### **5.3. Musiekbeluistering en die integrering met die bestaande Liturgie**

Dit vereis deeglike beplanning (Hoofstuk 7 van hierdie studie) om musiekbeluistering sinvol deel te maak van die liturgie. Dit vereis ook ‘n grondige besef van die funksies van elke element van die erediens en die wyse waarop musiek daarmee geïntegreer kan word.

Die volgende voorbeeld soos wat Potgieter (2003:2-7) dit beplan het word voorgehou:

### **1. Toetrede en aanroeping**

Die musiekvoorbeeld is F.Schubert (1797-1828) se *Sanctus*. Lied 169 “Heilig, heilig, heilig” van die Ned.Geref.Kerk is gebaseer op hierdie lied wat uit die Duitse Mis kom en is die laaste geestelike musiek wat hy gekomponeer het. Woorde wat hierdie lied beskryf is: eenvoud en balans. Die melodie is met begeleiding (homofonies). Die lied kom uit die Klassieke tydperk (1770-1830).

#### Lied 169 Heilig, heilig, heilig

Heilig, heilig, heilig, Heer, God almagtig,  
Groot is U troon, U is steeds met lig omring!  
Heilig, heilig, heilig, liefderyk, genadig  
U troon is steeds met lig en lof omring!

‘n Eenvoudige driepunt vraelys wat die musiekvoorbeeld verder verduidelik, word gegee met die doel dat die luisteraar aktief sal fokus op die doel van hierdie komposisie.

- Watter woorde beskryf die frases die beste (gebalanseerd/ongebalanseerd) ?
- Watter voorstelling beskryf die struktuur die beste (A B C D / A A B A) ?
- Watter woorde beskryf die vertolking die beste (Staccato /Legato) en (afwagtend / onrustig) ?

### **2. Lofprysing**

Potgieter gee drie verskillende voorbeelde van musiekbeluistering tydens die lofprysing. Predikante kan deur kreatief-skeppend te werk dit vermenigvuldig en verder uitbou.

Die eerste voorbeeld is die *Choral Evensong live from King’s College*, deur Stehen Cleobury – CDC 7 54412 3 wat as loflied beluister word. In hierdie geval het die gemeente slegs die uitnodiging om te luister na die loflied terwyl hulle saam sing. Die

melodie is bekend en omdat die woorde Engels is, word dit skerper onder fokus gebring.

Praise, my soul, the King of heaven;  
to his feet your tribute bring  
Ransomed, healed, restored, forgiven, evermore his praises sing.  
Alleluia, alleluia!  
Praise the everlasting King!

Die tweede voorbeeld van musiekbeluistering tydens die lofprysing kom uit die Romantiese tydperk (1820-1910). Die komposisies van hierdie tyd word gekenmerk deur die individualiteit van die kunstenaar en die beklemtoning van emosies en intellek. Die natuur speel ‘n belangrike rol in die werke. Mendelssohn (1809-1847) se Simfonie nr 2, die “Lobgesang” word gespeel en ‘n kort driepunt vraelys lei die luisteraar na ‘n beter verstaan van die komposisie.

- Watter dinamiektekens is van toepassing op hierdie musiek ? (crescendo/decrescendo) en (slegs piano/slegs forte) ?
- Is die vertolking van die musiek is: (uitdrukkingsvol/sonder emosie) ?
- Waarom ?

‘n Derde voorbeeld word in die Twintigste eeuse musiek gevind. Die musiek word gekenmerk deur kras klanke, botsende harmonieë, onreëlmatige ritmes en atonaliteit. Die verwerking van Lied 188 deur John Rutter (1945) word voorgespeel.

#### Lied 188 Kom, dank nou almal God

Kom, dank nou almal God  
Met hart en mond en hande;  
Loof Hom wat wonders doen  
Tot in die verste lande.  
Van vroeg van kindsbeen af,  
Het Hy ons trou bewaar  
En tot vandag toe nog  
Geseën en gespaar.

‘n Tweepunt vraelys word bygevoeg:

\* Watter instrumente is die prominentste in die inleiding en watter woorde beskryf die atmosfeer die beste ?

Strykers	Houtblasers	Koperblasers
Slagwerk	Orrel / Harp	Klavier
Majestieus	Onheilspellend	Feestelik / Aggressief

\* Luister na die verskillende interpretasies van die drie strofes en omkring die woorde wat elke strofe die beste beskryf:

<b>Strofe 1</b>			
Koor:	Eenstemmig	Meerstemmig	Diskant
Orkes:	Strykers	Houtblasers	Koperblasers
	Slagwerk	Orrel	Harp / Klavier
<b>Strofe 2</b>			
Koor:	Eenstemmig	Meerstemmig	Diskant
Orkes:	Strykers	Houtblasers	Koperblasers
	Slagwerk	Orrel	Harp / Klavier
<b>Strofe 3</b>			
Koor:	Eenstemmig	Meerstemmig	Diskant
Orkes:	Strykers	Houtblasers	Koperblasers
	Slagwerk	Orrel	Harp / Klavier

### **3. Skuldbelydenis**

Die musiekvoorbeeld is Veni Sancte Spiritus – Taïze; Gospodi pomiliu - Lord have compassion (Lied 246 en 247) en Lied 221 en 222. Die gemeente luister terwyl hulle saamsing en een vraag word gestel:

\* Watter instrumente hoor jy soos dit gebruik word vir die begeleiding en vir die diskante ?

Lied 246 Wees my genadig

Wees my genadig, Here my God.  
Delg uit my sonde – dit is so groot.  
Wees my genadig in Jesus Naam.

Lied 247 Heer, wees ons genadig

Heer, wees ons genadig, Chirstus, wees genadig,  
*Kyrie eleison, Christe eleison,*  
Heer wees ons genadig.  
*Kyrie eleison.*

Lied 221 Loof die Heer omdat Hy goed is

Loof die Heer omdat Hy goed is; daar's geen einde aan sy liefde.  
*Confitemini Domino quoniam bonus,*  
Loof die Heer omdat Hy goed is. Halleluja.  
*Confitemini Domino, alleluia.*

Lied 222 Loof die Here God

Loof die Here God en prys sy heilige Naam.  
*Bless the Lord my soul, and bless his holy Name.*  
Loof die Here God Hy red my van die dood.  
*Bless the Lord my soul, He rescues me from death.*

**4. Credo (geloofsbelijdenis)**

Die toonsetting van die geloofsbelijdenis deur Chris Lamprecht word voorgespeel en daarna saamgesing. Omdat dit nie so bekend is nie, dwing dit die luisterraar om opnuut na te dink, oor die woorde van die belijdenis.

## 5. Prediking

Tydens die prediking is twee voorbeelde as musiekbeluistering aangedui. Eerstens ‘n kantate wat in die Baroktydperk (1600-1750) ontstaan het. Dit is ‘n lied wat met instrumentale begeleiding gesing kan word. Daar is gedeeltes vir solis, koor en orkes. Die teks vertel gewoonlik ‘n verhaal en was liries of dramaties van aard. Die kantate is baie soos die oratorium, maar gewoonlik korter en is dikwels vir besondere geleenthede soos kerkfeeste gekomponeer. Die Baroktydperk verteenwoordig ‘n hoogs dekoratiewe kuns en is oorlaai met versierings. Woorde wat die musiek die beste beskryf is: reëlmatische ritme, nabootsing, versierings, kanon (fuga) en verweefdheid van stemme (polifonie).

‘n Luistergids word voorgehou met die ritornello tema wat in die E-mol majeur tonika geskryf is. Twee notasiereëls word voorgehou. Dan word die eerste notasiereël van die koraalmelodie ook aangedui. Wanneer die gemeente luister en saamsing of wanneer die koraalmelodie speel, help die luistergids om die aandag te fokus en die betekenis van die melodie en woorde beter te verstaan.

### Lied 587 “Kyk, Hy kom!” Wag, laat ons luister

“Kyk Hy kom!” Wag laat ons luister  
vanaf die mure, deur die duister  
roep wagters met ‘n luide stem:  
“Kyk Hy kom! Hy kom! Die Koning!  
Ontwaak! Ontwaak! Elk in sy woning.  
Verbly jou, o Jerusamlem!  
O neem jul lampe, kom,  
Hy’s daar, die Bruidegom!”  
Halleluja!  
Ons gaan Hom groet,  
Ons gaan Hom groet.  
Ons gaan Hom juigend tegemoet.

Die tweede voorbeeld is die Mattheus Passie van Bach. Dit vertel die verhaal van die kruisiging van Christus (Mattheus 26 en 27). Hierdie komposisie is vir die eerste keer op Goeie Vrydag in 1729 uitgevoer.

‘n Kort maar volledige beskrywing vanuit die *Musical forms 3* van Roy Bennett (1987) word afgedruk en aan die luisterraar gegee. Dit verduidelik die resitatiewe en koorgedeeltes van die komposisie soos dit op Mattheus 27:45-50 betrekking het.

This is a sequence of recitative, interspersed with two brief but dramatic choruses – the choirs here representing the mocking crowd around the cross. The first chorus is for choir I, accompanied by oboes strings, and continuo; the second is for choir II accompanied by flutes, oboes, strings, and continuo. The recitatives are *secco*, accompanied by continuo only – even, on this occasion, the words of Jesus, According to St Matthew, ‘Eli, Eli, lama sabachthani?’ were the last words Christ spoke before He died, and for this reason Bach withholds the halo of string tone which has accompanied Jesus’s words on all other occasions. Here, instead, dark, sustained harmonies are provided by the organ.

Evangelist: Now from the sixth hour there came to pass a darkness over  
all the land unto the ninth hour. And about the ninth hour Jesus  
cried aloud and said:

Jesus: Eli, Eli, lama sabachthani?

Evangelist: That is, My God, My God, why hast Thou forsaken me?  
Some of them that were standing near, when they heard that, they say:

Coro I: He calleth for Elias.

Evangelist: And straightway one of them ran, and took a sponge, and filled it with  
some vinegar, and put it upon a reed, and gave Him to drink.  
But others of them answered:

Coro II: Let be, let’s see whether Elia will come to save Him.

Evangelist: But Jesus having cried again aloud, yielded up the ghost.

‘n Skildery “The Crucifixion” deur die sewentiende eeuse Flaamse skilder, Van Dyck, word getoon.

#### Lied 387 O Heer, uit bloed en wonde

O Heer, uit bloed en wonde,  
Uit kruishout haat en hoon  
Blyk duid’lik hoe die sonde  
Die liefde ru beloon!  
U liefde bring genesing  
Al is met U gespot.  
U liefde skenk vergewiging,  
En wil versoen met God.

Lied 228 Halleluja!

Halleluja! Halleluja!  
Halleluja! Halleluja!  
Halleluja! Halleluja!  
Halleluja! Halleluja!

Tydens die navorsing is verskeie komposisies gevind wat baie suksesvol tydens die preek kan funksioneer. Dit sal hoofsaaklik tydens die groot feestye van die Kerkjaar en met spesiale dienste goed inpas as musiekbeluistering. Die inliging van drie komposisies word as voorbeeld voorgehou met die eerste waarvan die aantekeninge deur Robert Jordan (1981) aangegee word. Daarmee sal die bruikbaarheid vir musiekbeluistering onmiddellik aangevoel word:

HAYDN, J. 1981 *String Quartets Op.51. The Seven last Words from the Cross.*  
Lede: Kathrin Rabus, Gerard Causse, Ko Iwasaki en Gidon  
Kremer. Notas vertaal deur Robert Jordan. Loenen a/d/Vecht.  
Nederland.

“ The instrumental versions of the “Seven Words” consist of an introduction, seven so called “Sonatas,” and a final “Terremoto.” Each of the sonatas is modelled on sonata form (with exposition, development, and recapitulation) and headed by the relevant words of Christ in Latin ( St. Luke 23:34 and 43; St. John 19: 26; St. Matthew 27: 46; St. John 19: 28 and 30; and St. Luke 23: 46). Haydn succeeded marvellously in his set task of portraying the course of Christ’s last hours with purly instrumental forces and no vocal contribution, avoiding any lapse into picturesque illustration. There can by no doubt at all that the work’s rapid popularity at the time was mainly due to its immediate accessibility, brought about by the constantly “telling” character of the music. By 1788 a critic in the “Musikalische Realzeitung” was already commenting that anyone with an ounce of sensibility would be able to guess what the composer was trying to express with almost every note. Enclosed between the imposing, tensely dramatic introduction and the earthquake finale (“Terremoto” – admittedly somewhat more “outwardly” pictorial) are seven representations, contrasting with each other; they all work with the simplest resources and are kept largely homophonic, but they nevertheless have an unprecedented depth of expression.”

MAHLER, G. 1987 *Symphony No.2. Resurrection.* Soloiste: Arleen Auger &  
Dame Janet Baker met die CBSO Koor en die City of Birmingham  
Symphony Orchestra. Dirigent: Simon Rattle. Notas deur  
D.R.Murray. Hayes Middlesex England. EMI Records Ltd.

MENDELSSOHN, F. 1989 *Symphonie Nr.1 C-moll. Op.11 Komp 1824 en Symphonie Nr. 5 D-dur. Op.107. Reformations-Symphonie Komp 1830.*  
Artistieke direkteur: Heinz Wegner, Klank ngenieur: Claus Strüben, Dirigent: Kurt Masur. Gewandhausorchester Leipzig.  
Notas vertaal deur Clive Williams. Leipzig. Neues Gewandhaus.

## **6. Gebed**

*The Lords Prayer uit African Sanctus van David Fanshawe* word as voorbeeld gebruik vir musiekbeluistering tydens die gebed. Hierdie werk was oorspronklik vir stem(me) en klankopnames van Afrikamusiek gekomponeer. Die komponis het in 1969 ‘n tog in Afrika onderneem en klankopnames van Afrikamusiek gemaak en dit verwerk in die vorm van ‘n Westerse Mis.

## **7. Wegsending**

Vir die wegsending is die musiekvoorbeeld Tuks Camarata in Concert: *An Irish Blessing* gebruik. Die lied vind ons ook in ons Liedboek (315).

Amen.Amen.Amen.

Indien dié voorbeeld as gids dien, kan predikante die liturgiese elemente - soos aangehaal in die Handboek vir die Erediens- suksesvol met musiekbeluistering integreer. Weereens word dit gestel dat musiekbeluistering nie weekliks gedoen hoef te word nie. Predikante moet afwisselend daarvan gebruik maak. Tydens ‘n erediens sal daar ook net met een van die elemente van die orde ondersteuning gesoek word deur musiek te gebruik as beluistering.

## **5.4. Samevatting**

Die liturgiese orde van die Neddeduitse Gereformeerde Kerk laat kreatief-skeppende ruimte vir musiekbeluistering. Die musiek word geïntegreer met die bestaande elemente . Die moontlikhede is onbeperk en die implementering daarvan kan altyd

vars en nuut wees. In die voorbeeld is dit duidelik dat beluistering elke element van die erediens raak. Dit is hoofsaaklik ‘n kort en kragtige aanbieding waaraan die gemeentelede volle aandeel het. Die musiek waarna geluister word, ondersteun die funksie van die element van die liturgiese orde en dra die boodskap van die Woord.

Die predikant se beplanning en voorbereiding is duidelik van uiterste belang. Hy/sy moet vertroud wees met die beluisteringsmateriaal en dit met vertroue aanbied. Dit sal daartoe bydra dat die erediens ‘n dimensie van vernuwing en verryking ondergaan.

## **AFDELING B**

### **MUSIEKBELUISTERING TYDENS DIE EREDIENS – PRAKTISE TOEPASSING**

Die wyse waarop musiekbeluistering **prakties** tydens die erediens aangebied word, kom nou in Hoofstuk 6 tot 9 onder bespreking. In Hoofstuk 6 word ‘n metodologie vir die aanbieding van musiekbeluistering bespreek terwyl Hoofstuk 7 opvolg met die praktiese aspekte van deeglike beplanning en voorbereiding en die wyse van aanbieding. Hoofstuk 8 is ‘n bespreking van Luistergidse en –vraelyste wat gebruik kan word in die aanbieding van beluistering. In Hoofstuk 9 word die verskillende hulpbronne waar inligting, opnames en hulpmiddels gevind kan word, beskryf.

## **HOOFSTUK 6: ‘N METODOLOGIE VIR MUSIEKBELUISTERING**

### **6.1. Inleiding**

**Vraag 4** van die navorsing kom aan die orde in Hoofstuk 6 en 7. Die vraag lui: **Hoe lyk die beplanning vir en aanbieding van aktiewe musiekbeluistering tydens die erediens ?**

Musiekopvoedkundiges het met verloop van tyd verskillende **beluisteringsmetodes** ontwikkel en verfyn. Van Eyk (1981) vergelyk bv. drie metodes nl. die beluisterings- en/of ontledingsmetode, die transitiewe- en geïntegreerde metode. Die gebruik daarvoor is hoofsaaklik toegespits vir musiekbeluistering in die skoolklaskamer waar groot groepe leerlinge onderrig word.

Hierdie studie onderneem om die beste eienskappe van die metodes te kombineer en aan te pas in gebruik van musiekbeluistering tydens die erediens en sal dit die **geïntegreerde ontledingsmetode** metode noem. Tydens ‘n erediens is die gemeente bymekaar om d.m.v. die elemente van die erediens in gesprek met God te tree. Hierdie dialogiese karakter van die Gereformeerde erediens is by uitnemendheid

geskik om musiekbeluistering daarmee te integreer. In Hoofstuk 5 is verskillende maniere waarop beluistering met die bestaande elemente van die erediens geïntegreer kan word, reeds aangetoon.

Die wyse waarop die beluistering plaasvind, is deur die **analise** van die musiekelemente, musiekvorms en musiekstyle en –genres. Dit is dus ‘n intellektuele ervaring waarby die rasionele sterk beklemtoon word.

Die volgende riglyne sal die predikante ‘n **raamwerk** gee waarbinne hulle kan beplan vir die aanbieding van musiekbeluistering.

## 6.2. Die geïntegreerde ontledingsmetode

Die **doel** van hierdie metode kan omskryf word in die woorde van McLachlan (1975:224)

*Om “...onderskeidend te luister en meer te verstaan van die musikale aanbieding.”*

*“Hierdie ideaal word... bereik deur die beluistering van musiekopnames of lewendige uitvoerings (deur)... kunstenaars en die ontleding van alle moontlike aspekte van die musiek”. (Van Eyk, 1981:13)*

Die begrip “**onderskeidend luister**” is baie belangrik en daarmee word die onderskeid getref tussen die blote hoor van die musiek en om met konsentrasie daarna te luister. Daar word gemerk dat dit verskil met blote “passiewe luister”, waar die musiek gehoor word sonder enige ontleding. Aktiewe beluistering verwag ‘n sekere reaksie van die luisteraar wanneer sekere komponente van die musiek deur ontleding uitgelig word. Om te verseker dat die luisteraars werklik luister, word hulle vooraf gemotiveer en aktief betrek. Die **doel** met die luister word aangedui: “om meer te verstaan”. Wanneer musiek as beluistering voorgespeel word tydens die erediens en die lidmate nie doelgerig gelei word om na die beluistering beter te verstaan waaroor die musiek handel nie, is dit nie aktiewe beluistering nie. Daarvan moet predikante wegblê. Elke onderdeel van die erediens is tog funksioneel. Musiek is nie ‘n middel om gate te vul nie !

Vooraf **motivering** sluit byvoorbeeld inligting oor die komponis, interessante feite oor die musiekstyl en feite oor die musiekstuk self in. Die voorafinligting word kort en saaklik aangebied sonder om die beluistering te oorskadu. **Aktiewe deelname** word bewerkstellig deur o.a. beweging, visuele waarneming en saamsing. ‘n Ideale metode om aktiewe deelnemende luisteraars te ontwikkel, is egter om van ‘n luistergids en luistervraelys gebruik te maak.

Die **taak van die voorganger** (predikant) is baie duidelik omlyn tydens musiekbeluistering. Eerstens is daar die voorbereidende taak en tweedens die aanbieding van die beluistering tydens die erediens. Hierdie take word in Hoofstuk 7 van dié navorsing beskryf. Hier word die aandag op die **metode van voorbereiding en aanbieding** gefokus.

Predikante sal ervaar dat daar baie uitdagings is wanneer die metode vir musiekbeluistering ondersoek word. Gelukkig is daar ook oplossings om die probleme die hoof te bied.

Dr.Schoeman (2000:20-23) noem die **uitdagings en oplossings** wat die metode van beluistering betref. Wat die erediens betref, sal die predikant moet beplan om die uitdagings te bowe te kom. Die oplossings soos voorgestel word telkens in *skuisdruk* gegee.

“Listening is primarily an activity that is aimed at the aural sense-organ. This sense organ is, however, not always developed as well as the visual sense-organ. Due to sound pollution, as well as limited exposure to purposeful listening to quality music, the listening ability of the average adolescent is poorly developed. The ... ability to listen with attention and insight should thus be cultivated.”

“...a variety of educational media should be used to stimulate their visual and auditory interests.”

Predikante moet aanvaar dat hulle ‘n **belangrike rol** sal speel in die verdieping van die gemeente se vermoë om aktief na musiek te luister tydens die erediens. Met tyd sal daar ‘n verbetering wees indien ‘n goed beplande beluisteringsprogram gevolg word. Soos gesien in Hoofstuk 5 is daar verskeie maniere om beluistering interessant aan te bied en verveling uit te skakel. Predikante sal **kreatief-skeppend** moet dink.

“Lengthy explanations generally do not succeed in making the abstract character of the music accessible” en daarom is mense nie “always capable of listening attentively without a visual stimulus or something concrete to connect the sound.” nie. Verder ook “Music is a multidimensional art form that involves a variety of elements and concepts. The simultaneous sound of various aspects like melody, rhythm, form and harmony can be confusing to inexperienced listeners.”

*“...attention should be focused on specific aspects of the music. This can be done successfully with the aid of listening guides and listening questionnaires.”*

Hoofstuk 8 gee ‘n volledige beskrywing van die aanwending en samestelling van Luistergidse en –vraelyste.

Dr.Schoeman voeg by dat **konsentrasie** verhoog indien die beluistering kort gehou word (80 sekondes) en met tyd soos die beluisteringsvermoë vergroot, verleng word. Om al die verskillende elemente van die musiek suksesvol te begryp, kan daar deur middel van ‘n verskeidenheid aktiwiteite hierin geslaag word. Lidmate kan ‘n bekende melodie soos vervat in die Liedboek saamsing, daardeur die melodie wat in die beluisteringsmusiek voorgespeel word makliker identifiseer, later deur die orrelis tydens bv. die kollekte voorgespeel weer na geluister word.

MacLachlan (1975:243) sê die volgende oor die **onervare** luisteraar:

“Die onervare luisteraar se indrukke van ‘n werk is dikwels vaag of oppervlakkig omdat hy hom nog nooi daarop toegelê het om noukeurig en ontledend te luister nie.”

Predikante moet daarom nie moedeloos word indien hulle voel dat die eerste pogings om beluistering nie geslaagd is nie. Dit kan vir talle mense ‘n vreemde ervaring wees, maar sal ongetwyfeld oor die langtermyn goeie resultate oplewer.

**Verrykingsaktiwiteite** wat ingesluit kan word tydens beluistering is die volgende:

- Die **sing van temas**. Die gemeente kan ‘n bekende tema soos in ‘n groter komposisie bevat en in die Liedboek opgeneem is, voor of na die beluistering saamsing.

- **Begeleiding** met ritmiese en melodiese instrumente om veranderlike motiewe en frases te beklemtoon, kan deur musikante in die gemeente voorgespeel word.
- **Kunswerke** wat die beluistering illustreer, kan as ‘n multi-media aanbieding voorgehou word.
- **Diagrammatiese voorstellings** van die musiek kan bestudeer word

Die aanbieding van die beluistering kan in die eerste plek **mondelings** geskied. Alle relevante inligting word vooraf of deurlopend mondelings gelewer. Die gevaar bestaan dan dat daar te veel gepraat en te min geluiser word. ‘n Opname moet ook dikwels onderbreek word en so verloor die luisteraar die musikale kontinuïteit. Aan die ander kant is herhaling van die opname voordelig omdat nuwe elemente van die musiek ontleed kan word.

Daarom word ‘n tweede metode gevvolg nl. **Luistergidse en -vraelyste** wat ingespan word om die meeste van die inligting te kommunikeer. So kan baie informasie visueel voorgestel word soos byvoorbeeld die genoteerde hooftemas van die komposisie. Luistergidse kan soms die vorm van ‘n vraelys aanneem en kan geprojekteer word op ‘n skerm (oorhoofse projektor of data projektor) of kan in gedrukte vorm beskikbaar gestel word. Wolff (1982:44-46) gee **riglyne** waarvolgens Luistergidse en -vraelyste saamgestel kan word.

“...when drawing up listening guides, the elements of music within the composition should be identified and explored to discover the communicative aspects of the composition.”

Daarmee word vereis dat elke element van die komposisie ontleed sal kan word. Wat hier volg, is ‘n meesterplan waarvolgens predikante die musiekelemente van komposisies kan ontleed, sodat die betekenis daarvan beter na vore kom tydens beluistering.

### **6.3. Meesterplan vir die ontleiding van ‘n komposisie**

Predikante kan nuttig gebruik maak van die ontleidingsmetode waarmee hy die verskillende elemente en konsepte van die musiek m.b.v. inligting en vrae uitlig en die betekeniswaarde daarvan duidelik maak. Die predikant sal hierdie riglyne telkens “erediens vriendelik” verwoord.

#### **1. Melodie**

- Is daar ‘n melodie of tema wat jy kan onthou ?
- Is daar meer as een tema? Is die temas dieselfde en indien nie, hoe verskil dit ?
- Is die melodie in ‘n hoë of lae register ?
- Word die vordering van die melodie stapsgewys, met spronge of met herhaling van tone gehoor ?
- Is die melodiese lyn meestal gelykmatig of meestal ongelykmatig ?
- Beweeg die melodie meestal op- of afwaarts ?
- Kan jy enige melodiese sekwense hoor ?
- Wat kommunikeer die tema ?

#### **2. Ritme**

- Is daar ‘n vaste polsslag ?
- Wat is die metrum ?
- Hoor jy definitiewe ritmiese patronen ?
- Hoe bepaal die ritme die betekenis van die boodskap van die musiek ?

#### **3. Vorm**

- Is daar ‘n inleiding ?
- Is die komposisie tweeledig, drieledig of in rondo vorm ?
- Is daar herhaling en kontrasterende seksies ?
- Hoe dra die vorm by tot die algemene gevoel en karakter van die musiek ?

#### 4. Toonkleur

- Watter instrument(e) speel die melodie ?
- Watter ander instrumente kan jy identifiseer ?
- Watter instrumentfamilie is dominant gebruik in die komposisie ?
- Indien daar viole is word die snare gepluk (pizzicato) of gestryk (arco) ?
- Word die herhaling van seksies aangedui met kontrasterende toonkleur ?
- Hoe kombineer die komponis verskillende musiekinstrumente vir spesiale effek ?
- Wat is die effek van die toonkleur soos gebruik in die komposisie ?

#### 5. Tempo

- Is die tempo van die musiek stadig, matig, of vinnig en is daar soms wisseling ?
- Hoe gebruik die komponis tempo as ‘n manier om ‘n bepaalde gevoelstemming te skep ?

#### 6. Dinamiek

- Is die musiek hard of sag in die algemeen ?
- Is daar dramatiese dinamiekveranderings ?
- Is daar gelydelike dinamiekveranderings ?
- Is die musiek in die begin, middel of aan die einde die sagste of hardste ?
- Hoe benut die komponis dinamiek om gevoel te bewerk ?

#### 7. Harmonie

- Is die musiek tonaal of atonaal ?
- Is die musiek konsonant of dissonant ?
- Is die melodie homofonies begeleid ?
- Word meer as een melodiese lyn gehoor (polifonies) ?

- Wat is die funksie van die harmonie in die komposisie ?

## 8. **Tonaliteit**

- Is die musiek in ‘n majeur of mineur toonaard geskryf ?
- Hoe dra die toonaard by tot dit wat die komponis daarmee wou verklank ?

### 6.4. **Samevatting**

Daar is verskeie hindernisse in die weg na aktiewe musiekbeluistering, maar die predikant sal dit kan oorkom met deeglike beplanning en voorbereiding. Met behulp van die geïntegreerde ontledingsmetode kan musiekbeluistering tydens die erediens toegepas word. Dié metode maak voorsiening vir die benutting van verskeie van die beste hulpmiddels soos Luistergidse en –vraelyste. Die meesterplan vir die ontleding van ‘n komposisie sal van groot waarde wees met die opstel van Luistergidse en –vraelyste.

## **HOOFSTUK 7: MUSIEKBELUISTERING: BEPLANNING EN LEIDING**

### **DEUR DIE PREDIKANT**

#### **7.1. Inleiding**

**Vraag 4** is tydens die doelstelling (Hoofstuk 1.3.) geformuleer. **Hoe lyk die beplanning vir en aanbieding van aktiewe musiekbeluistering tydens die erediens ?** In Hoofstuk 6 is ‘n metodologie omskryf en in Hoofstuk 7 word aandag gegee aan die beplanning en aanbieding van musiekbeluistering tydens die erediens.

Die Algemene kommissie vir die Erediens (1988:1) stel dit onomwonne dat elke erediens in besonderhede **beplan** sal word:

“ Daar word gepleit om groot erns te maak met die sinvolle inrigting van elke erediens. Dit kan alleen gedoen word deur deeglike beplanning en voorbereiding”

Lovelace & Rice (1976:30) beklemtoon die rol van die **predikant** in die beplanning van die erediens.

“Since worship is central to the life of the church, and the goal of church music is to aid worship and to serve as a means of worship, leadership should come first of all from the spiritual head of the congregation – the minister”

Vraag 4 van die navorsing lui: **Hoe lyk die beplanning vir -, en leiding van aktiewe musiekbeluistering tydens die erediens ?**

Elke ander bron wat bestudeer is, beklemtoon dit met herhaling: beplan deeglik, beplan vroegtydig! Beplan en oefen die aanbieding. Wees entoesiasties wanneer die beluistering aangebied word. Mense neem selfs die liggaamstaal van die aanbieder tydens die beluistering waar. Wees ‘n navolgingswaardige voorbeeld.

Predikante sal tydens die breë beplanning van die erediens (preek, liedkeuse ens.) die beplanning van beluistering inbou.

Twee sake word dus bespreek. Eerstens die eis van deeglike beplanning en tweedens die eis van goeie aanbieding.

## **7.2. Die belang van deeglike beplanning**

“Die verantwoorde liturgiese gebruik van alle vorms van nie-gemeentelike sang vra voortdurende spanwerk en gesamentlike beplanning – veral ook vooruitbeplanning – van die liturg en die orrelis-koorleier.” Handboek vir die Erediens (1988:54)

Die **predikant** dra besondere verantwoordelikheid vir die beplanning en aanbieding van die musiekbeluistering tydens die erediens. Hy/sy bepaal die uiteindelike sukses van elke erediens. Hoe beter die beplanning -hoe beter die aanbieding en die seën wat daarop rus des te groter.Die predikant moet ‘n goed gestruktureerde beplanning vir elke jaar opstel sodat beluistering daarin doelgerig kan plassvind. Predikante moet onthou dat hulle nie alleen is nie, maar baie ondersteuning het tydens musiekbeluistering. Die orrelis(te) se hulp kan nooit oorskot word nie. (Waarom is daar tussen so baie predikante en orreliste ‘n ongemaklike samewerking ?). Lovelace & Rice (1976:34) wys juis op die belang van goeie samewerking tussen die predikant en orrelis.

“ If the pastor and the musician are to play their much needed parts in the life of the church, there must be the closest kind of collaboration and mutual confidence between them.”

Musiekbeluistering word met die gemeente se **jaarbeplanning** verbind. Afhangende van die jaartema, kerkkalender en ander wyses waarop elkeen sy

program beplan, word musiekbeluistering daarby in berekening gebring. Die aktiwiteit word definitief met die spiritualiteit en uniekheid van die gemeente ingedagte beplan.

Schelling (1986:82) gee praktiese advies oor die predikant se voorkennis van die gemeente:

“Het is een pastorale eis te streven naar wat een gemeente (die een pluriforme eenheid is) in muzikaal opzicht aankan. Dit kan van plaats tot plaats vershillen. In die praktiese kermuziek zal men dus ook in de meeste gevallen blijven zoeken naar een taal van het gemiddelde, waarbij de continuïteit met het verleden niet mag worden losgelaten.”

Lovelace & Rice (1976:41) spreek ook die saak aan wanneer hulle sê:

“One congregation may need a long period of education in church music before it can comprehend and accept the best music. Another may already be receptive to a program far beyond the sights of the minister himself, and he will have to grow up musically to the level of the ...congregation.”

### **Musiekkeuse**

Schoeman (2000:24) se **riglyne** vir die keuse van musiekvoorbeeld word aangepas vir die situasie van die erediens. Sy sê dan ook dat die keuse van musiekbeluisteringsmateriaal baie belangrik is. Die sukses van beluistering word grootliks daardeur medebepaal. Dit sal die taak van die predikant wees om met goeie oordeel ‘n gebalanseerde beluisteringsprogram saam te stel wat die belangstelling van die gemeente sal aangryp.

- Die musiek moet definitief by die erediens se **tema of oorhoofse doel** aansluit. Dit kan nie maar slegs ‘n musiekvoorbeld wees ter wille van die gebruik van musiek tydens die erediens nie. Hierdie beluistering wil huis diens doen en ondersteuning bied tot die verkondiging van die Woord.
- Die heel beste **kwaliteit** voorbeeld moet voorgespeel word of as lewendige uitvoering aangehoor word. Daar mag nie ‘n kompromis wees nie. Tweede beste is nie goed genoeg nie. Die erediens moet huis dit wees wat die woord sê: ‘n diens tot eer van die Here. Daarom sal net die beste musiek ingesluit word tydens die predikant se voorbereiding
- Musiekvoorbelle moet ‘n **verskeidenheid** musiekstyle en periodes verteenwoordig. Daarmee word die gemeente musikaal opgevoed maar word die ryke verskeidenheid kwaliteit komposisies ook aan hulle voorgehou. Daar is pluspunte in alle musiek. Predikante moet die skat namens die gemeente ontdek en aan hulle voorhou.
- Predikante moet voorbeeldlike gebruik wat hulself **entoesiasties** maak. Hulle moet eers self aangegryp word deur die musiekvoorbeld. Daarna sal hulle in staat wees om dit eerlik en met oortuiging aan die gemeente voor te hou. Daarom kan ‘n predikant nie maar op ‘n Sondagoggend ‘n leemte in die erediensbeplanning probeer verberg deur ‘n opname uit die kompakskyfrak te gryp en aan die gemeente voor te speel nie.
- Die gemeente se musikale **verwysingsraamwerk** wat Kerkmusiek betref, moet as vertrekpunt geneem word by die beplanning vir musiekbeluistering. Aansluiting moet gevind word by die bekende en vandaar kan na die minder bekende en onbekende beweeg word.
- Predikante sal moet besluit watter **roete** hulle sal volg. Hulle kan of klem lê op stylverskeidenheid, of op die herhaling van bevestigde kwaliteit komposisies. Regelski (1981:244) het dit reeds gestel:

“Any composition worth hearing, is worth hearing more than once”

Die aanbeveling is egter dat ‘n **balans** gehandhaaf word. Sommige werke kan herhaal word en telkens kan daar nuwe ontginning wees, terwyl die gemeente ook aan soveel as moontlik verskillende voorbeelde blootgestel sal word. Predikante moet nie huiver om kundige mense te betrek by die keuse van musiekmateriaal nie.

### **Klanktoeruting en ander hulpmiddels**

Die **Kerkgebou of lokaal** waar die erediens aangebied word, is ‘n gegewene. Die lokaal is ontwerp met goeie of swak akoestiek. Ongeag die lokaal se vermoë om die musiekervaring te verhoog of nie, is daar wel ander aspekte wat aandag kan geniet. Aangesien dit nie ‘n konsertuitvoering is nie, moet die predikant hom/haar nie in die voorbereiding hieroor te veel kwel nie.

Wat die **klankapparaat** betref, is dit egter onontbeerlik vir die bevordering van effektiewe beluistering dat goeie gehalte toerusting gebruik word. Die hoorder se luistergenot word medebepaal deur die gehalte van die musiek wat gehoor word. Dit sluit die gehalte van die musiekopname in en die klankstel waarmee dit voorgespeel word. Die minimum vereiste is ‘n kompakskyfspeler, versterker en luidsprekers. Die meeste gemeentes het alreeds hierin belê.

Wat **hulpapparaat** betref, sal ‘n oorhoofse- of data projektor ‘n vereiste wees. Laasgenoemde is saam met ‘n skootrekenaar derdegenerasie hulpmiddels.

Daarmee kan enige visuele beeld opsigtelik vertoon word om die luisteraktiwiteit te ondersteun. Luistergidse is afhanklik van die visuele aanbieding daarvan aan die hele gemeente. Met hierdie hulpmiddels sal die predikant sinvol leiding kan neem tydens die beluistering.

### **Beplanning van ‘n Luistergids**

In Hoofstuk 8 word Luistergidse en –vraelyste volledig bespreek. Dit is van die

belangrikste hulpmiddels in die hand van die predikant met die aanbieding van beluistering. Hier word slegs die aspekte wat in die beplanning van toepassing is, bespreek. **Riglyne** om ‘n Luistergids te ontwerp word deur Schoeman (2000:25) gegee.

- Luister met herhaling na die betrokke komposisie wat vir beluistering uitgekies is.
- Skryf die konsepte wat duidelik gehoor kan word neer.
- Besluit watter van dié konsepte (hoogstens twee) gebruik gaan word as beluisteringsdoelwit.
- Ontwerp die luistergids op papier.
- Wanneer die konsep luistergids ontwerp is, moet daar weer na die musiek geluister word. Kontroleer dat die gids die luisteraar sal lei om beter te luister en beter sal verstaan.
- Maak die transparent, of gebruik ‘n rekenaarprogram soos Powerpoint om ‘n gids wat met die data-projektor voorgehou sal word, te ontwerp.

Predikante moet ruim gebruik maak van bestaande voorbeelde van Luistergidse soos dit reeds in die Musiekopvoedkunde boeke verskyn. Baie gidse kan net aangepas word of daar kan idees verkry word vir die ontwerp van eie gidse.

### **Beplanning van ‘n luistervraelys**

Luistervraelyste moet eweneens deeglik beplan word en die volgende riglyne is deur Schoeman (2000:26) gegee:

- Die eerste drie stappe is dieselfde as vir Luistergidse (sien bo)
- Formuleer vrae wat die luisteraars sal lei om die konsepte beter te verstaan.
- Gee die luisteraar meervoudige keuses waaruit hulle kan kies.
- Ontwerp ‘n konsep vraelys en luister weereens na die komposisie.
- Wanneer die vraelys die konsepte deeglik ontleed, sal die ontwerp permanent gereedgemaak word vir aanbieding.

- Elke luisteraar moet ‘n eie vraelys ontvang terwyl die meestervraelys met oorhoofse toerusting geprojekteer sal word.

Wanneer transparante of ander visuele hulpmiddels gebruik word, moet dit voldoen aan die volgende vereistes:

- Die ontwerp moet deeglik ontwikkel word en met oorleg aanmekaar gesit word. ‘n Goeie ontwerp kan altyd weer gebruik word.
- Slegs die belangrikste informasie word gegee en dan op ‘n eenvoudige maar visueel aantreklike manier.
- Spasiëring en lettergrootte is baie belangrik. Die inligting moet groot genoeg wees sodat dit maklik gelees kan word en dit moet prakties en interessant uitgelê word.
- Kleur moet effektief en kreatief benut word om verskillende konsepte te verduidelik.

### **7.3. Aanbieding van musiekbeluistering tydens die erediens**

Schoeman (2000:105) se advies oor die benutting van **audio- visuele toerusting** tydens beluistering is vir die doeleindes van dié navorsing aangepas:

- Die **posisionering** van die toerusting is uiterst belangrik indien die predikant self die tegniese aspekte hanteer tydens beluistering. Dan moet die apparaat naby mekaar geplaas word en maklik bereikbaar wees vir die predikant sodat dit nie steurend is tydens die erediens nie. Dit sal dalk raadsaam wees om ‘n tegniese assistant op te lei wat kan help met die aanbieding. Die persoon sal dan die klank en die projektor namens die predikant beheer. Dit laat die predikant die geleentheid om ten volle op die aanbieding te konsentreer.
- Omdat kort snitte voorgespeel word en volledige werke nie altyd in geheel beluister word nie, is dit nodig om vooraf op kompaktskyf of kasset **geredigeerde voorbeeld** voor te berei. Predikante moet gebruik maak van die hulp van kundige persone binne die gemeente asook van die hulp van

Musiekbiblioteke soos in Hoofstuk 9 beskryf. Die snitte wat vir beluistering voorgespeel word, moet op die regte plek begin en eindig. Predikante kan nie tydens die diens eers soek na die regte beginpunt of snit nie.

- Tydens beluistering moet seker gemaak word dat die musiek aan die einde van ‘n snit nie summier afgeskakel word nie. Die snitte moet gelydelik **uitgedoof** word. Klank moet met die nodige respek hanteer word tydens enige beluistering.
- Wat die **tru-projektor** betref, moet verseker word dat die aanbieding nie vanweë ‘n skaduwee wat deur die inbeweeg voor die geprojekteerde beeld ontstaan, verswak word nie. Die persoon wat die projektor hanteer moet aan die kant daarvan staan. Die skerm moet vooraf opgestel wees en met ‘n hoek van 45 grade gestel word. Die fokus moet vooraf ingestel word en die transparent met die Luistergids kan vooraf geplaas word.
- Die volgende **tegnieke** vir die aanbieding van Luistergidse met behulp van die tru-projektor moet in aanmerking geneem word:
  - ❖ Wys altyd op die glasblad van die projektor met ‘n voorwerp na die punt wat verduidelik word. Vingers of ‘n aanwysing na die skerm is ontoelaatbaar.
  - ❖ Wys slegs die dele wat bespreek word en hou die res toe. So word die aandag gefokus en word beheer behou.
  - ❖ Skadubeelde van musiekkonsepte of instrumente kan goed ydens die beluistering saam met die Luistergids gebruik word.
  - ❖ ‘n Beweegbare pyl kan bv. in die middel van ‘n transparent vasgemaak word en so na verskillende aspekte op die transparant verwys.
  - ❖ ‘n Luistergids kan tydens die aanbieding voltooi word deur sekere oop spasies te laat wat ingevul kan word. Die aanbieder behou so die aandag van die luisteraars.

- ❖ ‘n Meesterplan met konsepte en elemente en verskillende musiekstyle kan nuttig gebruik word om vinnig as informasie te gebruik tydens beluistering.

Dit is belangrik om te onthou dat mediahulpmiddels nie die aanbieder vervang nie, maar slegs ondersteun in sy/haar aanbieding. Puik hulpmiddels waarborg nie suksesvolle resultate nie. Die predikant bly eerstens en laastens die aanbieder wat onder die leiding van die Heilige Gees die beluistering aanbied en slegs as hulpmiddel die media inspan tot voordeel van die luisteraars.

#### **7.4. Samevatting**

Dit kom dus neer op die volgende wanneer die beplanning, voorbereiding en aanbieding van beluistering ter sprake is:

- Installeer audio-visuele hulpmiddels **voortydig en op korrekte** wyse sodat die aanbieding vlot sal verloop. Maak seker dat alles werk.
- **Beplan en ontwerp effektiewe** Luistergidse en –vraelyste op transparent of benut enige multi-media bron.
- Bied die beluistering op ‘n **professionele** wyse aan deur gebruik te maak van die beste aanbiedingstegnieke.

Schoeman (2000:127) stel dat:

“Even a good lesson can often be improved. That is the challenge of teaching.”

Predikante sal gereeld na ‘n beluistering poog om dit in **retrospeksie** te neem en die moontlike wyse waar daarop verbeter kan word, tydens die volgende beplanning in berekening te bring.

**HOOFSTUK 8: HULPMIDDELS VIR MUSIEKBELUISTERING:**  
**LUISTERGIDSE EN -VRAELYSTE**

**8.1. Inleiding**

**Vraag 5** van die doelstelling nl: “Watter **hulpmiddels** is daar vir musiekbeluistering wat deur die predikant gebruik kan word tydens die erediens ?”, word hier beantwoord. Twee hulpmiddels wat deur die Musiekopvoedkundiges ontwikkel is, is gekies vanweë hulle praktiese toepassingsmoontlikhede tydens die erediens. Tydens my klasse in Musiekpraktyk by Dr. Sanet Schoeman het ek kennis gemaak met Luistergidse en Luistervraelyste. Dit is hulpmiddels wat tydens musiekbeluistering gebruik word deur musiekonderwysers in die klaskamersituasie by skole. Die waarde daarvan en gebruiksaanwending deur predikante tydens die erediens het my aandag dadelik beetgekry. Ek het geweet dat hierdie hulpmiddels vir musiekbeluistering nuwe deure open tot verryking en vernuwing van die erediens.

Self het ek slegs binne skoolverband in die Junior Primère fase geleentheid gehad om Luistergidse en -vraelyste te benut. Maar die studie van Dr. Hetta Potgieter (1993) het reeds na die Kerk geroep om hierdie hulpmiddels te gebruik. Sy het reeds verskeie

Luistergidse ontwerp (ook met die doel om dit binne die klaskamer te gebruik) met die fokus op die Kerklied. Mag hierdie navorsing daardie roepstem versterk en predikante genoegsame gereedskap en kennis in die hand gee sodat hulle dit sal oorweeg om **musiekbeluistering** ‘n onlosmaakbare deel van die erediens te maak.

## **8.2. Luistergidse**

Potgieter (1987:18) vergelyk ‘n Luistergids met ‘n **padkaart**. Die beeld wil die doelgerigtheid van luistergidse voorhou. Musiekbeluistering is soos vroeër gemeld nie maar die vul van oop tyd tydens die erediens nie. Maar daar is definitiewe meetbare doelwitte waarna gemik word tydens elke luistersessie. Daarom weereens die beklemtoning van deeglike voorbereiding deur die predikant wat die beluistering sal aanbied. Dr. Potgieter sê die Luistergids

“...dwing tot besluitneming, om te konsentreer, aktief te wees en betrokke te bly.”

Die luisteraar word **betrek** by die luisterervaring met die doel dat daar a.g.v. die gefokusde luister geestelik verrykende ervarings sal wees.

Luistergidse beoog om die luisteraar te lei om **onderskeidend** te luister en om meer te verstaan van die boodsakp van die musiek.

### **8.2.1. Definisie**

‘n Luistergids is ‘n gids wat visuele **informasie** bevat i.v.m. die musiek waarna geluister word sodat die luisteraar dit wat hy hoor beter sal verstaan. Die informasie op die luistergids kan geprojekteer word op ‘n skerm deur ‘n tru-projektor, dataprojektor of in gedrukte vorm aan elke luisteraar beskikbaar gestel word. Informasie kan met woorde, grafies of met ikone voorgestel word.

### **8.2.2. Doeleind van Luistergidse**

Luistergidse word gebruik met die doel om die **inligting** aan die luisteraars oor te dra tydens musiekbeluistering. Inligting wat hulle nodig sal hê om die musiek wat

voorgespeel word meer verstaanbaar te maak. Onnodige gepraat deur die Predikant word uitgeskakel en die aandag van die gemeente word behou. Die visuele aanbieding versterk die geheue en die visuele aantreklikheid van die gids vergroot die luisterervaring. Luistergidse help luisteraars om die strukturele elemente van die musiek te ontdek en in te sien hoe die komponis dit gebruik om bv. ‘n bepaalde stemming of gevoel te skep en die bedoelde boodskap te kommunikeer.

### **8.2.3. Vereistes vir die saamstel van Luistergidse**

Tot hierdie doel kan Luistergidse en -vraelyste die predikant van onskatbare waarde wees. Daarom is dit nodig om presies te beskryf watter **vereistes** geld vir die saamstel van Luistergidse en -vraelyste. Die predikant moet weet wat die voor- en nadele in die gebruik daarvan is en hoe hy dit prakties kan implimenteer tydens ‘n erediens.

Die hulp van die Musiekopvoedkunde word Liturgies gebruik en verwerk.

- Een van die belangrikste vereistes is dat slegs **een of hoogstens twee aspekte** tydens ‘n luisteraktiwiteit uitgelig behoort te word. Daarom is dit nie altyd nodig om ‘n volle werk voor te speel nie, maar kan slegs dele aangebied word. Later kan dieselfde komposisie weer gebruik word om ander aspekte duidelik te maak. Die rede is voor die handliggend. ‘n Luisteraar kan nie oomblik vir oomblik alle strukturele elemente identifiseer, analyseer, interpreteer en waardeer nie. Die beluistering moet dus nie oorlaai wees nie. Gee die mense geleentheid om behoorlik op een aspek te fokus. Dit beteken dat ‘n sekere komposisie dalk slegs gebruik word om bv. die liefde van God soos verklank deur die musiekelemente en konsepte te illustreer. Hier sal dalk slegs na die gebruik van die modus van die komposisie verwys word om die boodskap oor te dra. Stelselmatig sal die gemeente langer kan luister en aan meer aspekte kan aandag gee.
- Daarom is dit nie altyd raadsaam om volledige werke voor te speel nie. Die **gereedheidsvlak** van die gemeente en ander faktore moet deeglik in ag geneem word. “Fouteer” eerder aan die kant van ‘n korter voorbeeld as wat

die gemeente vermoei word met lang en moeilike musiek. Hulle moet uitsien na volgende beluisteringgeleenthede en nie ‘n weersin daarin ontwikkel nie.

- Die **musiekopname** moet die spesifieke saak waarna geluister word besonder goed voorhou. Swak opnames of swak keuses kan die geleentheid laat misluk. Daarom is dit uiters noodsaaklik dat die predikant self na die opnames sal luister voordat dit aan die gemeente voorgespeel word. Herhaalde luistersessies is vooraf nodig. Dit vra tyd en moeite, maar wat persoonlike beloning sal inhoud en dit sal tot seën van die gemeente wees!
- Inligting moet so saamgestel word dat luisteraars dit **maklik kan verstaan** en toepas tydens die luistersessie. “Fouteer” eerder aan die kant van eenvoud en minimalisme as om luistergidse en -vraelyste te ingewikkeld te maak. Help luisteraars om die musiek beter te verstaan. Moenie bydra tot die probleem wat baie mense ondervind om aktief te luister nie.
- Inligting moet **kort en saaklik**, duidelik en direk gestel wees wanneer predikante dit mondelings of visueel aanbied.
- Die **musikale taalgebruik** van die gidse moet rekening hou met die gemeente se musikale geletterdheidsvlak. Aanvanklik sal terme meer breedvoerig verduidelik word, maar later sal dit nie meer nodig wees nie. Op hierdie wyse is die predikant ook ‘n rolspeler in die opvoedingstaak van Kerkmusiek.
- **Beluistering dra die klem.** Nie die predikant se oratoriese vermoëns om massas inligting te verskaf nie, en ook nie die gidse en vraelyste nie. Dit is slegs maar hulpmiddels in die doel nl. beluistering. En dan weereens beluistering nie ter wille van beluistering self nie, maar om die boodskap van die musiek te begryp.
- Die predikant se voorbereiding moet baie deeglik wees. Soveel te meer as hyself nie musikaal onderlê is nie. Vooraf moet hy soveel moontlike informasie versamel wat betref die komposisie wat gebruik gaan word. Die

integrasie met die Liturgie en die luisterdoel moet goed bedink en gedefinieer word.

- Die **kronologie** van die musiek sal die orde van die inhoud van die gidse bepaal. Informasie wat gegee word, moet tydordelik op die gidse aan die beurt kom. Wees selfs wat sekondes betref baie spesifiek. Musiek word oomblik vir oomblik gehoor en nie vooruit of agterna nie. Daarom is die gids ‘n moment tot moment aanbieding, maar kan gelukkig weer herhaal word indien nodig.
- Gidse en vraelyste kan **geskrewe en/of visueel** aangebied word. Die moontlikheid om die beluistering ook op multi-media wyse te doen, verleen groot moontlikhede. Predikante moet kreatief werk en die hulp van kundige mense benut.

#### **8.2.4. Voordele in die gebruik van Luistergidse**

Die voordele van Luistergidse is voor die handliggend.

- Luisteraars se aandag word op die musiek gefokus
- Onnodige bespreking word uitgeskakel aangesien die inligting reeds visueel beskikbaar is.
- Verder sal luisteraars wat dikwels met Luistergidse na musiek luister mettertyd onwillekeurig ontledend na enige musiek luister. M.a.w. die orrelspel sal aktief beluister word en die sang van die gemeente ook ! Gemeentelede word sensitief ingestel op die verborge boodskap wat deur musiekelemente en konsepte gedra word.
- Dit help die luisteraar om bv. temas of elemente makliker te identifiseer
- Luisteraars kry deur die visuale voorstelling ‘n geheelbeeld van die musiek waarna geluister word.

### **8.2.5. Praktiese toepassing van Luistergidse**

- ‘n Luistergids kan persoonlik aan elke gemeentelid voorsien word. Miskien agterop die gemeente nuusbrief of afkondigings.
- Dit kan ook met ‘n truprojektor of dataprojektor op die oorhoofse skerm geprojekteer word sodat almal dit gesamentlik kan sien. Hierdie metode is beter aangesien die predikant dan die leiding kan neem en die gemeenteledere aandag kan fokus op die gids terwyl die musiek speel. Net die inligting wat op die gegewe oomblik nodig is, kan vertoon word en luisteraars hardloop nie die musiek vooruit nie.
- Wanneer die hooftema van ‘n komposisie op die gids aangegee word, kan die predikant die gemeente se aandag daarop vestig en kry hulle vooraf kans om hulle daarmee bekend te maak.
- Die kinders kan gevra word om ‘n ritmiese patroon te klap wat later in die komposisie gebruik word. So word die luisteraars betrek deurdat hulle sien, hoor en meedoен. Daar kan selfs saamgesing word indien dit die luisterervaring sal verryk.

### **8.2.6. Voorbeeld van ‘n Luistergids.**

Dr. Hetta Potgieter (1987:21-26) se **Mikroles 1** wat sy ontwerp het om Kerkmusiek binne die skoolklaskamer aan die leerlinge bekend te stel, is opgeneem as Aanhangsel 1 van hierdie navorsing. Die leser moet dit ingedagte hou dat daar ‘n fokus verskil sal wees tussen hierdie Mikroles en beluistering tydens die erediens.

Dr. Potgieter het beoog om ‘n **musikale konsep** nl. die Rondo vorm d.m.v. Kerkmusiek aan die leerlinge te verduidelik. Daardeur het sy natuurlik die toegevoegde waarde van die Bybelse boodskap wat gebring is en waardering vir die Kerklied by die kinders bewerk. Tydens die erediens sal die doel nie wees om musikale konsepte en elemente te illustreer ter wille van die opvoedkundige aspekte

daarvan nie. Die doel sal die verkondiging van die Woord wees. En musiek sal die ondersteuning daarvan wees. Wanneer konsepte en elemente van die musiek wel ter sprake kom, sal dit ‘n dienende funksie hê en nie die primêre fokuspunt nie. Tydens die erediens sal die gemeentelede as toegevoegde waarde tot die ontvang van die boodskap ook kennis inwin oor sekere aspekte van die musiek en die genot van musiekwaardering beleef.

Dit is uiters belangrik dat predikante hierdie verskil deeglik sal verstaan en toepas. Die erediens is **nie ‘n musiekklas nie**. Dit is ook nie ‘n konsertsaal nie. Die erediens bly die ontmoetingsruimte tussen God en Sy gemeente. Daarom sal ook musiekbeluistering aan hierdie doel moet beantwoord om enigsins ‘n plek tydens die liturgie te vind. Tydens die erediens word musiekelemente en konsepte alleen maar ingespan om beter te kan luister, beter te kan verstaan en te begryp, hoedat elke noot afsonderlik en gesamentlik die boodskap van God se bemoeienis met Sy kinders dra.

### **8.3. Luistervraelyste**

Luistervraelyste is ‘n tweede hulpmiddel in die hand van predikant om aktiewe musiekbeluistering tydens die erediens te verseker.

#### **8.3.1. Definisie**

‘n Luistervraelys verskil van ‘n luistergids daarin dat dit ‘n aantal goed oorweegde vrae aan die luisteraar stel tydens die beluistering. Tydens ‘n erediens sal die lidmate so ‘n vraelys individueel voltooi.

#### **8.3.2. Doel van Luistervraelyste**

Die doel van ‘n luistergids en luistervraelys sluit nou bymekaar aan. Laasgenoemde wil ook op **visuele wyse** die luisteraar lei om te dink oor die musiek wat hy hoor. Dit help met die analise en interpretasie van die musiek. Dit fokus weereens die aandag op die musiek en daardeur ontdek die luisteraar makliker die boodskap van die musiek soos die komponis musiekkonsepte inspan vir die taak. Daar is dalk ‘n groter

fisiese betrokkenheid by musiekvraelyste deurdat die lidmaat iets meetbaar moet doen. Meetbaar beteken nie toetsing nie, maar bv. die voltooiing van ‘n meervoudige vraag of die merk van ‘n moontlike antwoord.

#### **8.3.3. Vereistes vir die saamstel van Luistervraelyste**

Vraelyste sal aan dieselfde eise voldoen as die wat vir Luistergidse gestel word. Die leser word verwys na 8.2.3. van hierdie studie vir die gestelde vereistes. Hier word slegs nuwe en eiesoortige vereistes vir die vraelys bespreek.

- Potgieter (1987:19) stel dit duidelik dat by die opstel van vraelyste die klem **nie op toetsing** sal wees nie, maar op leer. Gemeentelede sal geïnhibeerd voel om ‘n luistervraelys te beantwoord indien hulle dink dat hulle daaroor geëvalueer word. Vraelyste wil help om nuwe ontdekings te maak terwyl daar na die musiek geluister word. Dit is nie evaluerend t.o.v. die luisteraar se musikale vermoë nie. Dit is ondersteunend in die verstaansproses.
- Luistervraelyste kan meervoudige keuse vrae, voltooiingsopsies, waar en vals en pas bymekaar **items** wees.
- Vrae moet beantwoord kan word deur na die musiek te **luister**. Slegs dit waarna geluister word, kan deur die vraelys verder opgeneem word.
- Die vraelyste moet tydens die beluistering **voltooí** kan word. Dit beteken dat dit kort en saaklik moet wees met ‘n maklike reaksie respons. Vraelyste moet die gees en aard van die erediens ingedagte hou en dit aanvul en verryk.

#### **8.3.4. Voor- en Nadele van Luistervraelyste**

- Luistervraelyste **kan nie al die inligting** wat binne ‘n musikale komposisie bevat word, weergee nie. ‘n Keuse moet deur die predikant gemaak word gegrond op die doel van die musiekbeluistering en die besondere komposisie

waarna geluister word. Die luistergids bied alleen maar ‘n raamwerk waarbinne die luisteraar sommige van die struktuele elemente kan ontdek.

- Luistergidse is ‘n **middel tot ‘n doel** en nie die doel self nie. Dit word gebruik om luisteraars te help met die luisteraksie. Dit wil die luisteraar help om die musiek beter te verstaan en daarom meer te waardeer.
- Luistergidse mag ervare musiekluisteraars se **ervaring inperk** omdat hulle reeds oor die vermoë beskik om die ingewikkeld patrone en verhoudings in die musiek te ontrafel. Dit behoort egter nie in die erediens ‘n bron van kommer te wees nie. Musiekbeluistering vind nie elke Sondag plaas nie en almal besef dit word gemik op die geestelike heil van al die lidmate – groot en klein.

#### **8.3.5. Praktiese toepassing van Luistervraelyste**

- Luistervraelyste kan verkiekslik op **die gemeentenuusbrief** of afkondigings afgedruk word. Gemeentelede moet by die deure voorsien word van ‘n potlood of aangemoedig word om maar ‘n skryfding byderhand te hou. Daar moet gewaak word om eers tydens die beluistering te skarrel om die gemeente van die nodige vraelyste te voorsien. Wanneer dit op die afkondigings verskyn, het hulle vooraf tyd om dit rustig te lees en solank te bedink.
- Die predikant sal voor die beluistering die **formaat** van die vraelys kortlik met die gemeente bespreek. Hy kan dit op die oorhoofse skerm projekteer. Elkeen moet vooraf weet wat verwag word van die luisterervaring. Beluistering beteken om doelgerig te luister na vooraf ooreengekome aspekte. Dit is juis die oplossing vir die beswaar teen huidige praktyke. Mense sal meer put uit die beluistering indien hulle gehelp word om te luister omdat hulle weet waarna om te luister.
- Na die voltooiing van die vraelys kan die predikant ‘n kort **gespreksgeleenthed** hou waar enkele aspekte bespreek word. Hierdie

verdere toelighting moet kort en saaklik aangebied word. ‘n Antwoordblad kan liewer later by die deure beskikbaar gestel word. Omdat die luisterervaring grootliks verskil, soos reeds genoem in die studie, kan mense eerder gelaat word om hul eie persoonlike gevolgtrekkings te maak. Laat die musiek toe om te “spreek”. Laat die Heilige Gees ook hier die “Na-prediker” wees.

#### **8.3.6. Voorbeeld van ‘n Luistervraelys**

Daar word na Dr. Hetta Potgieter (1987:44-46) se **vraelys** wat sy ontwerp het om aan leerlinge sekere tweestemmige verwerkings van Gesang 227 uit te lig, verwys soos dit opgeneem is as Aanhangsel 2 van hierdie navorsing. Die leser moet dit weereens ingedagte hou dat daar ‘n fokusverskil sal wees tussen hierdie vraelys en die beluistering tydens die erediens. Alle vereistes soos gestel in 8.2.3.geld ook hier.

#### **8.4. Samevatting**

Daar bestaan geen twyfel dat die hulpmiddels wat die Musiekpvoedkunde vir beluistering ontwikkel het, nie ook aangepas en bruikbaar is tydens die erediens nie. Predikante sal met deeglike voorbereiding suksesvol gebruik kan maak van Luistergidse en Luistervraelyste tydens musiekbeluistering. Die klem lê op die feit dat dit slegs maar hulpmiddels is en dat die fokus op die boodskap is wat deur die musiek na die luisteraar kom.

## **HOOFSTUK 9: HULPBRONNE VIR DIE BEPLANNING EN AANBIEDING VAN MUSIEKBELUISTERING TYDENS DIE EREDIENS**

### **9.1. Inleiding**

Predikante wat vir die eerste keer **aktiewe musiekbeluistering** tydens die erediens wil aanbied, vind die taak dalk **oorweldigend**. Daarom word met hierdie hoofstuk beoog om te help met bronne waar kers opgesteek kan word tydens die voorbereiding.

### **9.2. Hulpbronne vir die beplanning en aanbieding van musiekbeluistering tydens die erediens**

#### **9.2.1. Musiekbiblioteke**

Biblioteke bly die **primêre** bron vir die predikant in sy soeke na inligting. Hier word aan plaaslike biblioteke gedink, maar veral aan die **musiekbiblioteke** wat ruimskoots voorsien in informasie, hulp en hulpmiddels wat ‘n predikant mag benodig in sy beplanning van musiekbeluistering. Met behulp van inter-biblioteklenings kan al die nodige inligting by een punt beskikbaar gestel word.

Dit is my voorreg om van die dienste en hulp van die **Musiekbiblioteek van die Universiteit van Pretoria** gebruik te maak. My inligting is daarom grootliks op hierdie kennis gegrond. Hier word nie na die beskikbare bronne by die Teologiese afdelings van biblioteke verwys nie, aangesien aanvaar word dat predikante daarvan genoegsame inligting besit vanweë hulle spesialisasie binne hierdie terrein.

### **Boeke**

Predikante sal waarde vind in die **Musiekgeskiedenisboeke** waarin Musiek in die algemeen, maar ook Kerkmusiek, breedvoerig bespreek word. Inligting van komponiste, komposisies en die ontleding en interpretasie van werke kan hier gevind word.

**KAMIEN, R.** (1989: *Music: An Appreciation. Seventh Edition.* (UP Cd's 2086,2087)

Kamien is ‘n Musiekgeskiedenis boek wat deur middel van **beluistering** die elemente, konsepte, style en geskiedenis van musiek aan die oningewyde leser bekendstel. Dit bevat agtergrondsinsligting oor die verskillende musiektydperke en die komponiste. Sommige komposisies word deur Luistergidse geïllustreer en die luistervoerbeeld is op kompакskyf beskikbaar. ‘n Lys van musikale terminologie verduidelik die begrippe se betekenis soos dit in die musiekwêreld gebruik word. Ander voorbeeld van soortgelyke werke sal bladsye vol beslaan, daarom word die leser verwys na die kaart en elektroniese katalogus van die Biblioteek.

**SCHMIEDER, W.** (1969: *Thematisch-Systematisches Verzeichnis der Musikalischen Werke von Johann Sebastian Bach.* Wiesbaden. Breitkopf & Härtel.)

se werk is ‘n voorbeeld van informasie wat oor ‘n bepaalde komponis handel. ‘n Voordeel van hierdie werk is dat al die komposisies van Bach tematies geordend is en beskryf word. Die inhoudsopgawe illustreer die waarde van dié boek vir die predikant wat op soek is na werke wat geskik is vir beluistering tydens die erediens. Daarin is die verwysing na die volgende:

“Kantaten, Motetten, Messen (Magnificat), Passionen und Oratorien, Vierstimmige Choräle, Lieder, arien, Quodlibet, Werke für Orgel, Werke für Klavier, Werke für Laute, Kammermusik, Instrumentalkonzerte, Overtüren, Sinsonien, Kanons, Musikalisches Opfer, Kunst der Fuge”

Die Musiekopvoedkunde boeke laat die lig val op die praktiese implementering van musiekbeluistering. ‘n Voorbeeld is:

SCHOEMAN, S. (2000 *Music Education. Music Concepts, Communication, Music Skills, Music Styles, Multi-Media, Lesson Planning*. Music Education study guide. Pretoria. Center for Music Education.)

### **Tydskrifte**

Baie musiektydskrifte waarin resente navorsing aangegee word, verskyn gereeld en is beskikbaar. Die volgende is enkele voorbeelde waar gesoek kan word na informasie vir musiekbeluistering:

- *S.A. Tydskrif vir Musiekterapie*
- *Vir die Musiekleier. Jaarblad van die Suid-Afrikaanse Kerkkorrelistevereniging.* Dr.Elsabé Kloppers is die redakteur.

### **Musiekkopnames**

McLachlan (1975:229) glo soos baie ander dat gereproduseerde musiek altyd iets van die “**meganiese**” inhoud en nooit die dinamiek van ‘n lewendige uitvoering kan vervang nie. Daarmee word heelhartig saamgestem. Vandag kan ons egter met die gevorderde klankapparaat en uitstekende opnames baie naby kom aan ‘n outentieke luisterervaring. Om nie eens te praat van praktiese oorwegings en die koste wat met lewendige uitvoerings gepaard gaan nie. Die heel beste opnames en uitvoerings is vandag vir ‘n minimale bedrag te koop en kan ook by die Musiekbiblioteek van die Universiteit van Pretoria beluister word.

**Internasionale musiekhandelaars** kan deur die Internet bereik word en musiekkopnames word blitsnel by die plaaslike adres afgelewer. Predikante het eintlik

geen verskoning vir die gebruik van swak klankmateriaal nie. Hy/sy behoort jaarliks in die begroting voorsiening te maak vir die verwagte uitgawes van die musiekbeluisteringsprogram. Hierdie aankope word uiteindelik ‘n bate vir die gemeente en kan as ‘n diskoteek bestuur word tot voordeel van die gemeentelede.

### **9.2.2. Webwerwe**

Een van die beste webwerwe waar informasie oor alle aspekte van die musiek gevind kan word is:

- **Grové Music**

<http://www.grovemusic.com//shared/views/home.html>

Kerman & Tomlinson (2000: 424-426) gee ‘n lys met Web-adresse wat die predikant se studie van musiek in die **algemeen** kan bevorder.

- **Classical Music on the Web U.S.A.**

is ‘n goeie beginpunt om Web-georiënteerde navorsing te doen met die fokus op Klassieke musiek.

<Http://www.unc.edu/-baker/music.html>

- **The Classical Music Pages**

Hierdie bladsye bevat die verwagte informasie soos komponiste, genres ens. en het goeie inligting oor die “History of Music.”

<http://w3.rz-berlin.mpg.de/cmp/classmus.html>

- **CultureFinder: Classical and Opera**

Buiteen die gewone vind ‘n mens hier beskrywings van die groot meesterwerke en ‘n woordelyst met al die musikale terminologie en hul betekenis.

<http://www.culturefinder.com/cgi-bin/dbm/content/music>

- **Medieval Music Links**

Dit is ‘n reeks webwerwe wat gekoppel is en informasie gee oor komponiste, instrumente, genres,melodie en vele meer. Die verskillende musiekperiodes word gedek. Medieval word telkens in die URL vervang met bv. Renaissance of Barok, Klassiek, Romanties of Twintigste eeu (Engels).

<http://classicalmus.interspeed.net/medieval.html>

Verskeie Webwerwe met inligting oor belangrike **komponiste** kan predikante help om meer van die komponis en sy werke te verstaan. Daar word met enkeles volstaan:

- **J.S.Bach Home Page**

‘n Volledige bespreking van Bach se lewe en werk, asook die van Beethoven en Haydn, Mahler en ander kunstenaars kan op Webwerwe soos die volgende gevind word..

<http://www.jsbach.org/>

- **Ludwig von Beethoven: The Magnificent Master**

<http://www.geocities.com/Vienna/Strasse/3732/>

- **George Frideric Handel**

<http://www.intr.nrtt/bleissa/handel/home.html>

- **Gustav Mahler**

<http://www.netaxs.com/-jgreshes/mahler/>

### **9.2.3. Kundige persone**

Ons gaan van van die veronderstelling uit dat musiek ‘n wetenskaplike en gespesialiseerde spesialisterrein is, waarvan die meeste predikante min kennis dra. Maar hy/sy is die leier en spesialis wat die erediens van die plaaslike gemeente betref. Daarom neem die predikant die leiding ook wat die musiek en musiekbeluistering betref. Alhoewel die prediant dus die verantwoordelikheid dra, hoef hy/sy hom-/haarself nie alleen en geïsoleerd te voel t.o.v.musiek en die beluistering daarvan nie. Daar is tale kundige persone wat die predikant kan en wil help. Kundige persone moet sonder huiwering genader word in die voorbereiding van aktiewe musiekbeluistering. Daarin lê die gelydelike selftoerusting van die predikant wat musiek betref en spanwerk maak die spreekwoord waar wat sê: vele hande maak ligte werk. Ek wil byvoeg dat die spanbenadering ook kwaliteit werk verseker. Dit is immers die bedoeling dat die gemeentelede kwaliteit musiekbeluistering sal geniet. Daar word voorgestel dat predikante van die hulp van **Biblioteekpersoneel, Dosente in Liturgie en Musiek, Orreliste, Koordirigente, Musikante en Sangers** gebruik maak.

Van Wyk (1980:75) wys op die spesialistaak van die orrelis wat Kerkmusiek betref:

“ Die orrelis is verder ook geroep om met sy gawes en op grond van sy vakkundige opleiding, as leier op te tree (saam met die ander gelowiges in die gemeente) om die liefde vir die lied van die kerk aan die gemeente te leer”

Predikante moet daarom nie skroom om van hierdie eerste linie van vakkundige hulp binne die gemeente gebruik te maak nie.

### **9.3. Samevatting**

Predikante hoef nie in die duister te wees oor die voorbereiding en inrigting van beluistering tydens die erediens nie. Soos aangetoon is daar baie bronne beskikbaar. Inteendeel – die keuse is oorweldigend groot ! Die belangrikste advies is dat predikante betyds hul beluisteringsprogram vir ten minste ‘n jaar vooruit deeglik sal beplan. Sodoende is daar voldoende geleentheid om die hulpmiddels te ontwerp of te vind by die bronne sodat die luisterervaring werklik aan die doel sal beantwoord.

## **HOOFSTUK 10: MUSIEKBELUISTERING: RESULTATE EN AANBEVELINGS**

### **10.1. Inleiding**

Die motivering van hierdie navorsing word gevind in die vermoede dat musiek as luisteraktiwiteit in baie eredienste aangebied word, sonder dat die gemeente optimaal aan die voordeel hiervan blootgestel word.

Die **Probleemstelling** is so verwoord:

**Wat is die voorwaarde(s) en wyse waarop aktiewe musiekbeluistering deel kan wees van die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en sal dit bydrae tot die vernuwing en verryking van die erediens ?**

Verskeie probleme is geïdentifiseer, in vraagvorm geformuleer en tydens ‘n Literêre ondersoek bestudeer:

- **Wat is die doel en funksie van musiekbeluistering tydens die erediens ?**

- **Watter kriteria kan gestel word vir musiekbeluistering tydens die erediens ?**
- **Kan musiekbeluistering geïntegreer word met die huidige Liturgie ?**
- **Hoe beplan en lei ‘n predikant aktiewe musiekbeluistering tydens die Erediens ?**
- **Wat is die hulpmiddels vir beluistering en hoe word dit aangewend tydens die erediens ?**

## **10.2. Resultate**

Die volgende aspekte is nagevors en gevolgtrekkings kon gemaak word vir die praktiese implementering van aktiewe musiekbeluistering:

- **Die doel en funksie van musiekbeluistering tydens die erediens.**

Die doel van musiekbeluistering tydens die erediens is om intellektueel na die die musiek te luister en so tot ‘n beter verstaan te kom van die boodskap wat daardeur gedra word. Dit bring mee dat die musiek tot ‘n groter mate waardeer word.

Die funksie van musiekbeluistering is die ondersteuning van die Woord. Die musiek toon ‘n dienskneg karakter en wil die Woord met klank ondersteun.

Die reaksie van luisteraars verskil maar met deeglike beplanning kan ‘n uniforme belewing verkry word. Die doel bly die verheerliking van God.

- **‘n Interpretasie van die Liturgiese- en Musiekgeskiedkundige oorsig i.v.m. musiek en sang tydens die erediens.**

Musiek en sang is onvervreembaar deel van die erediens. Dit kan afsonderlik of in kombinasie as beluistering voorgehou word. Musiek het egter regdeur die geskiedenis ‘n sekondêre rol teenoor gemeentesang gehad. Daarom sal sang as beluisteringsmateriaal dikwels gebruik word.

- **Kriteria vir aktiewe musiekbeluistering tydens die erediens.**

Musiekbeluistering is ‘n gepaste handeling tydens die erediens en voldoen aan al die vereistes wat aan musiek en sang gestel word.

- **Musiekbeluistering as die vernuwing en verryking van die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se erediens.**

Musiekbeluistering word geïntegreer met die bestaande Liturgiese orde en elemente. Dit kan enige plek aangewend word en is nie self ‘n selfstandige element van die erediens nie.

- **‘n Metodologie vir musiekbeluistering tydens die erediens.**

‘n Geïntegreerde ontledingsmetode word voorgestel vir musiekbeluistering tydens die erediens. Hiermee word verskillende aspekte van die musiek ontleed en daardeur word die boodskap van die musiek verstaanbaar.

‘n Meesterplan wat kan help om die ontleding te doen, is aangegee.

- **Die predikant se verantwoordelikheid vir die beplanning en leiding van musiekbeluistering.**

Die predikant bly primêr verantwoordelik vir die beplanning en aanbieding van musiekbeluistering tydens die erediens.

Deeglike beplanning met die korrekte gebruik van klanktoerusting en hulpmiddels tydens die aanbieding verseker sukses.

Riglyne vir die praktiese aanbieding van musiekbeluistering is uitgestippel.

- **Luistergidse en Luistervraelyste as hulpmiddels van musiekbeluistering.**

Luistergidse en Luistervraelyste is twee van die belangrikste hulpmiddels in die hand van die predikant tydens die aanbieding van musiekbeluistering.

Albei het ten doel om die luisteraar te lei en te informer t.o.v. die musiek waarna geluister word.

- **Die hulpbronne vir inligting, opnames en hulpmiddels wat predikante kan gebruik vir die beplanning en aanbieding van musiekbeluistering tydens die erediens word bespreek.**

Musiekbiblioteke, Musiekhandelaars, Webwerwe en Kundige persone is hulpbronne vir die predikant tot musiekbeluitering .

### **10.3. Aanbevelings**

Die volgende aanbevelings kan gemaak word ten einde ‘n bydrae te lewer tot die verbetering van die huidige musiekbeluisteringspraktyk tydens die erediens:

- .Tydens die opleiding van predikante moet hul eie vermoë om aktief na musiek te luister ontwikkel word, en dit moet ‘n lewenslange selfopgelegde taak word om ‘n beter verstaan te kweek van die aanwending van musiek binne die erediens. Van Wyk beskryf die belang van gehoorontwikkeling by die musikant. Dit het ook in hierdie geval betrekking op die predikante wat musiekbeluistering wil integreer met die elemente van die erediens.

“ Gehoorontwikkeling is een van die belangrikste fasette by die ontwikkeling van die musikant en het te doen met die analisering van die waarde en betekenis van wat gehoor word. Dit berus vir ‘n groot deel op kennis.”

- Predikante se opleiding binne die Liturgiek behoort die beplanning en leiding van aktiewe musiekbeluistering tydens die erediens in te sluit.

- Teologiese studente se musikale vermoë moet gevorm word deur meer aan sang, en die speel van musiekinstrumente blootgestel te word. Lovelace & Rice (1976:41) stel dit:

“No minister has the right to hide behind the excuse, ‘I can’t carry a tune in a bucket’ or ‘I don’t know anything about music.’ For his role as minister carries with it the responsibility to know something about church music. ...he can fill in gaps of knowledge, ...improve his musical ability.”

- Liturge en Kerkmusici kan ‘n groter bydra lewer tot die beskikbaarstelling van vooraf uitgewerkte beluisteringsmateriaal, gidse, beluisteringmateriaal en hulpmiddels met die fokus op plaaslike gemeentes.

#### **10.4. Samevattung**

Uit die voorafgaande studie blyk dit dat aktiewe musiekbeluistering ‘n positiewe rol

kan speel tot erediensvernuwing en – verrryking. Dit stel die predikant voor die uitdaging om musiek met die Liturgie te integreer sodat die dialogiese kommunikasie gebeure van die erediens daardeur gedien word. Met behulp van luisterhulpmiddels soos Luistergidse en -Vraelyste kan die gemeente gehelp word om die boodskap van die musiek beter te verstaan.

Die navorsing word afgesluit met die aanhaling van Lovelace & Rice (1976:41) oor die verantwoordelikheid van die predikant om musiek binne die erediens te beplan en aan te bied.

**“The minister, ...is probably the most important person to church music, for its level cannot rise higher than his estimation of its importance in the life of the church.”**

## **BIBLIOGRAFIE**

### **Boeke**

- BARNARD, A.C. 1981 *Die Erediens*. Pretoria. N.G. Kerkboekhandel.
- BARNARD, A.C. (red) 1988 *Handboek vir die Erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Kaapstad. N.G.Kerkuitgewers.
- BARNARD, M & N.SCHUMAN (red) 2002 *Nieuwe Wegen in de Liturgie. De Weg van de Liturgie – Een Vervolg*. Zoetermeer. Meinema Uitgeverij.
- CILLIÉ, G.G. 1982 *Waar kom ons Afrikaanse Gesange Vandaan ?* Kaapstad. N.G.Kerk-Uitgewers
- COPLAND, A. 1985 *What to Listen for in Music*. New York. McGraw-Hill
- DAM, G.O. 1995 *The Sounding Symbol. Music Education in Action*. Cheltenham. Stanley Thomas (Publ.) Ltd.
- DEISS, L. 1996 *Visions of Liturgy and Music for a New Century*. Minnesota. The Liturgical Press.
- ERASMUS, D.J.C. 1980 *Die Kerk, sy Lied en sy Musiek. 'n Handleiding vir Orreliste*. Pretoria. HAUM Opvoedkundige Uitgewery.
- FENSCHAM, F.C. & OBERHOLZER, J.P. 1978 *Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en Opgrawings*. Pretoria. Interkerklike Uitgwerftrust.
- HELBERG,J.L. 1981 *Loof die Here. Die Psalms in Ou- en Nuwe Testamentiese Lig*. Pretoria. N.G.Kerkboekhandel.
- HINDLEY, G. 1994 *The Larousse Encyclopedia of Music*. London. Hamlyn.
- HUMAN, K. 1992 *Die A tot Z van Klassieke Musiek*. Kaapstad. Human en Rousseau (Edms.) Bpk.
- HUTCHINGS, A. 1967 *Church Music in the Nineteenth Century*. Oxford. Alden Press.
- KAMIEN, R. 1989 *Music: An Appreciation. Seventh Edition*. (UP Cd's 2086,2087)
- KERMAN, J. & G.TOMLINSON. 2000 *Listen. Brief Fourth Edition*. Boston. Bedford / St.Martin's.
- LEEDY, P.D. & J.E. ORMOND 2001 *Practical Research. Seventh edition. Planning and Design*. New Jersey. Merrill Prentice Hall.
- LOVELACE, A.C. & W.C. RICE. 1976 *Music and Worship in the Church*. Nashville. Abingdon Press.
- LEEDY, P.D. 2001 *Practical Research. Seventh Edition. Planning and Design*. New Jersey. Merrill Prentice Hall.
- LUCKETT, R. 1992 *Handel's Messiah. A Celebration*. London. Victor Gollancz Ltd.
- MCLACHLAN, P. 1975 *Klasonderrig in musiek.Eerste druk*. Goodwood. Nasou.

- MEIDEN, J.A. 1987 *Calvijn en het Kerklied. Een studie van H.Hasper.* Goes.  
Oosterbaan & Le Cointre B.V.
- MERRITT, S. 1990 *Mind, Music and Imagery.* New York. Penguin Books.
- MEHRTENS, D. 1960 *Kerk & Muziek.* Boekencentrum N.V. ‘S-Gravenhage.
- MILLER, R.J. 1971 *John Calvin and the Reformation of Church Music in the Sixteen Century.* Ann Arbor. University Microfilms International.
- MITCHELL, R.H. 1978 *Ministry and Music.* Philadelfia. Westminster Press.
- MÜLLER, J. 1990 *Die Erediens as Fees.* Pretoria. N.G. Kerkboekhandel.
- RATNER, L.G. 1977 *Music. The Listener’s Art.* Third Edition.  
New York. McGraw-Hill, Inc.
- REGELSKI, T.A. 1981 *Teaching General Music: Action Learning for Middle and Secondary Schools.* New York. Schirmer Books.
- ROUTLEY, E. 1996 *Twentieth Century Churc Music. Revised edition.*  
London. Jenkins Publishers.
- ROUTLEY, E. 1968 *Words, Music and the Church.* Nashville. Abingdon Press.
- SCHELLING, P. 1986 *Loven met Muziek. Zang en Spel in Kerk in Bijbel en Kerk.* Kampen. J.H.Kok Uitgeversmaatskappij.
- SCHMIEDER, W. 1969 Thematisch-Systematisches Verzeichnis der Musikalischen Werke von Johann Sebastian Bach. Wiesbaden. Breitkopf & Härtel.
- SMUTS, A.J. (red) 1987 Perspektiewe op die Erediens. Praktiese Teologie in Suid - Afrika 3. Pretoria. N.G.Kerkboekhandel.
- STANLEY, J. 1994 *Classical Music. An Introduction to Classical Music Through the Great Composers & Their Masterworks.* New York.  
The Readers Digest Association, Inc.
- STRYDOM, L. 1994 *Sing nuwe sange, nuutgebore. Liturgie en Lied.*  
Bloemfontein. N.G. Sendingpers.
- TERRIEN, S. 1995 *The Magnificat. Musicians as Biblical Interpreters.* New Jersey. Paulist Press.
- WERNER, E. 1959 *The Sacred Bridge: The Interdependence of Liturgy and Music in Synagogue and Church during the First Millennium.* New York. Da Capo.
- WILSON-DICKSON, A. 1994 *The Story of Christian Music. From Gregorian Chant to Black Gospel. An Illustrated Guide to all the Major Traditions of Music in Worship.* Oxford. Lion Publishing.
- WILSON-DICKSON, A. 1997 *A brief history of Christian music: from Biblical times to the present.* London. Oxford Press.

**Verhandelings en Doktorale proefskrifte**

- FOURIE, P.F. 2000 ‘n Geskiedenis van die Kerklied in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Doktorale proefskrif. Unisa.
- POTGIETER, H.M. 1987 Komposisies vir gebruik in Afrikaanse Kerke en in Klasmusiek. Honneurs Verhandeling. Pretoria.
- TERBLANCHE, M.A. 1988 Musiekbeluistering in die Junior Sekondêre Fase. B.Mus (Honores) Verhandeling. Pretoria.
- VAN EYK, E. 1981 ‘n Kritiese Evaluering van Luisteraktiwiteits-metodes in die Senior Primêre Klasse. MA Verhandeling. Pretoria.
- VAN DER WALT, J.J.A. 1995 Voorgestelde Grondslae vir die Doelmatige Opvoedkunde in Suid-Afrika. Pretoria. Werksdokument.
- VERMEULEN, D. 1991 Luisteronderrig met Integrering van Onderrigmedia. Mmus Verhandeling. Pretoria.
- WOLFF, U.L. 1991 Guided Listening in the Senior Primary and Junior Secondary Phases: a Conceptual Approach, as Applied to Western Art Music. M verhandeling. Pretoria.
- WOLMARANS,G.J.M. 1981 Die Kerklied Vandag. BD Skripsie. Pretoria.

**Tydskrifartikels en Referate**

- HUGHES, J. & 1995 A Study of the Effects of Spiritually – Inspired Music on  
M.LOWIS Elderly Subjects. S.A.Tydskrif vir Musiekterapie. Vol.13. No 2.
- STRYDOM, W.M.L. 1994 Besinning rondom die ontwerp van ‘n Protestants-himnologiese estetika. Acta Academica. Supplementum 1. Bloemfontein. UOVS-SASOL Publikasie.
- KLOPPERS, E (red) 2000 Johann Sebastian Bach die Vyfde Evangelis. Vir die Musiekleier. Jaarblad van die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging. No 27.

**Eie publikasies**

- POTGIETER, H. 1993 Klasmusiek leef! 3. Pretoria.
- SCHOEMAN, S. 2000 Music Education. Music Concepts, Communication, Music Skills, Music Styles, Multi-Media, Lesson Planning. Music Education study guide. Pretoria. Center for Music Education.

**Klasaantekeninge**

POTGIETER, H. 2003 *Sang en musiek in die erediens*. Klasaantekeninge vir MA Teologie studente. Pretoria.

**Ander**

**Die Bybel in Afrikaans.** 1983 Nuwe Vertaling. Goue-Jubileum-Uitgawe 1933-1983.  
Kaapstad. Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

**DISKOGRAFIE**

- HAYDN, J. 1981 *String Quartets Op.51. The Seven last Words from the Cross.*  
Lede: Kathrin Rabus, Gerard Causse, Ko Iwasaki en Gidon  
Kremer. Notas vertaal deur Robert Jordan. Loenen a/d/Vecht.  
Nederland.
- KAMIEN, R. 1989: *Music: An Appreciation. Seventh Edition.* (UP Cd's  
2086,2087)
- MAHLER, G. 1987 *Symphony No.2. Resurrection.* Soloiste: Arleen Auger &  
Dame Janet Baker met die CBSO Koor en die City of Birmingham  
Symphony Orchestra. Dirigent: Simon Rattle. Notas deur  
D.R.Murray. Hayes Middlesex England. EMI Records Ltd.
- MENDELSSOHN, F. 1989 *Symphonie Nr.1 C-moll. Op.11 Komp 1824 en Symphonie  
Nr. 5 D-dur. Op.107. Reformations-Symphonie Komp 1830.*  
Artistieke direkteur: Heinz Wegner, Klank ngenieur: Claus  
Strüben, Dirigent: Kurt Masur. Gewandhausorchester Leipzig.  
Notas vertaal deur Clive Williams. Leipzig. Neues Gewandhaus.

**AANHANGSEL 1**

**Voorbeeld van ‘n Luistergids en die metode van aanbieding**

**Verwys na Hoofstuk 8.2.6. van hierdie studie.**

**Dr. Hetta Potgieter (1987:21-26)**

**Mikroles 1**

**Tema: Rondo**

**AANHANGSEL 2**

**Voorbeeld van ‘n Luistervraelys en die metode van aanbieding**

**Verwys na Hoofstuk 8.3.6. van hierdie studie.**

**Dr. Hetta Potgieter (1987:21-26)**

**Vraelys vir die tweede verwerking van Gesang 227**